UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# NARRATIEWE VAN DIE SELF IN DIE BOEREGEMEENSKAP TYDENS DIE SUID-AFRIKAANSE GRONDHERVORMINGSPROSES NA 1994

deur
Petronella C. du Toit

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium

in
Voorligtingsielkunde

in die
Departement Sielkunde
Fakulteit Geesteswetenskappe

van die
Universiteit van Pretoria

Studieleiers: Dr. E. du Preez en me. A. Pauw

Desember 2007

# DANKBETUIGINGS

Waar taal sentraal staan in die skepping van die mens se bestaan wil ek die volgende persone bedank vir hul dialogiese bydrae tot hierdie navorsingsnarratief:

Aan Elizabeth en Annalie vir jul begeleiding wat op so ’n wyse gedoen is dat ek onbekende terreine kon verken en in die proses eie insigte toe-eien.

Die navorsingsdeelnemers, vir die vertroue om jul stories met my te deel.

Aan Celesté, vir die taalversorging.

My gesin, vir julle omgee en geskenk van vryheid.

**NARRATIEWE VAN DIE SELF IN DIE BOEREGEMEENSKAP TYDENS DIE SUID-AFRIKAANSE GRONDHERVORMINGSPROSES NA 1994**

| | |
|---|---|
| Naam: | Petronella C. du Toit |
| Studieleiers: | Dr. E. du Preez en me. A. Pauw |
| Departement: | Sielkunde |
| Graad: | Magister Artium in Voorligtingsielkunde |

## OPSOMMING

Hierdie studie behels drie narratiewe wat gekonstrueer is uit onderhoude met boere wat die boerdery na 1994 verlaat het. Die fokus van die studie is om die private en openbare diskoerse wat ’n konteks skep vir boere om die boerdery te verlaat, te identifiseer. Daar is tans ’n eksodus van boere uit die landbou. Hierdie tendens skep ’n konteks vir destabilisasie van die platteland en beïnvloed al die betrokke rolspelers. Tog is min of geen navorsing in die sielkunde oor die belewenisse van hierdie groep mense onderneem nie.

Die navorsing is uitgevoer vanuit ’n sosiale konstruksionistiese benadering wat binne die postmoderne diskoers geanker is. ’n Diskoersanalise is uitgevoer op die teks van drie navorsingsdeelnemers wat nog tot onlangs toe geboer het, maar intussen hul narratiewe moes rekonstrueer. Die unieke betekenis wat deur die navorsingsteks gekonstrueer word, is dat die verduidelikende lokus vir menslike gedrag vanaf die klassieke fokus op persoonlike belewenisse en verstandelike prosesse wat binne individue gesetel is, na ’n fokus op prosesse en strukture van menslike interaksie verskuif. Die navorsingsteks beskik dus oor die vermoë om ’n bewustheid by sielkundiges en verwante beroepe te konstrueer om vanuit ’n nuwe perspektief na die sielkundige diskoers te kyk.

In hoofstuk een deel ek my eie boerderynarratief met die leser en stel die navorsingsvraag bekend. In hoofstuk twee word die konteks waarbinne boerdery in Suid-Afrika gesitueer is, aan die hand van ’n literatuurstudie uiteengesit. Dit word in hoofstuk drie opgevolg met ’n verduideliking van die paradigmatiese vertrekpunt, naamlik sosiale konstruksionisme. Diskoersanalise wat as ’n metode gebruik word om die teks te eksploreer word ook bespreek. Met hierdie agtergrond in gedagte word daar in hoofstuk vier oorgegaan na die fokus van die navorsing, naamlik die eksplorasie van teks. ’n Diskoersanalise is op die teks van drie navorsingsdeelnemers gedoen. Diskoerse wat in die proses geïdentifiseer is, sluit die

volgende in: gesin-van-oorsprong-diskoers; beroepsdiskoers; politieke diskoers; misdaad-diskoers; ekonomiese diskoers; stoettelersdiskoers; middelman-diskoers; patriargale diskoers; ouderdomsdiskoers; beleggingsdiskoers; biomediese diskoers; opvoedingsdiskoers; die koöperasie as ’n instelling; sowel as diskoerse wat in die pers gevoer word.

Hierdie diskoerse vorm saam die konteks waarbinne boere besluite oor hul toekoms neem. Die bevindings word nie as die waarheid hanteer nie, maar as die waarheid wat deur taal en magsverhoudings in stand gehou word.

U word genooi om verder te lees en die sentrale posisie wat taal beklee in die skepping van die realiteit van die mens se bestaan, en in die konstruering van die navorsingsnarratief, vir uself te ontdek.

**SLEUTELBEGRIPPE**

Sosiale konstruksionisme; postmodernisme; selfnarratief; storie; diskoers; kwalitatiewe navorsing; private diskoers; openbare diskoers; diskoersanalise; boeregemeenskap; plaasverlating; sielkundige; landbou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# NARRATIVES OF THE SELF IN THE FARMING COMMUNITY DURING THE SOUTH AFRICAN LAND-REFORM PROCESS AFTER 1994


| | |
|---|---|
| Name: | Petronella C. du Toit |
| Supervisors: | Dr. E. du Preez and Ms. A. Pauw |
| Department: | Psychology |
| Degree: | Master of Arts in Counselling Psychology |


## SUMMARY


This study comprises three narratives that were constructed from interviews conducted with farmers who had given up farming after 1994. The focus of the study is to identify the private and public discourses that create a context for farmers to give up farming. Currently, an exodus of farmers is taking place from agriculture. This trend creates a context for the destabilisation of rural areas and affects all parties involved. However, in the field of psychology little research, if any, has been conducted into the experiences of this group of people.

The research was conducted from a social constructionism approach anchored in the postmodern discourse. A discourse analysis was done of the text of three research participants who had been farming until recently, but who since had to reconstruct their narratives. The unique meaning constructed by the research text is that the explanatory locus of human behaviour has moved away from the classic focus on personal experiences and mental processes residing in individuals, to a focus on processes and structures of human interaction. The research text has the potential of constructing awareness among psychologists and related professions to view the psychological discourse from a new perspective.

In chapter one I share my own farming narrative with the reader and introduce the research question. Chapter two comprises the context in which the farming industry is situated in South Africa based on a study of relevant literature. That is followed by an explanation of the paradigmatic point of departure known as social constructionism in chapter three. Discourse analysis is also discussed as a method used to explore the text. Bearing this in mind, chapter four moves on to the research focus, that is the exploration of text. A discourse analysis was

done of the text of three research participants. Discourses identified in the process include the following: family-of-origin discourse; career discourse; political discourse; crime discourse; economic discourse; stud-farming discourse; middleman discourse; patriarchal discourse; age discourse; investment discourse; bio-medical discourse; educational discourse; the cooperative as an institution; as well as discourses conducted in the press.

Together these discourses form the context within which farmers make decisions about their future. The findings are not dealt with as the truth, but as the truth maintained in language and relationships of power.

You are invited to read on and to discover for yourself the central position which language holds in creating the reality of man's existence and in constructing the research narrative.

**KEY CONCEPTS**

Social constructionism; postmodernism; self-narrative; story; discourse; qualitative research; private discourse; public discourse; discourse analysis; farming community; farm abandonment; psychologist; agriculture.

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1** 1

**AANLOOP TOT DIE NAVORSING** 1

Inleiding 1
Die navorser se narratief 1

Navorsingsvraag en navorsingsdoel 4
    Navorsingsvraag 4
    Algemene doelwitte 4
    Spesifieke doelwitte 4

Relevansie van studie 5

Samevatting 6

**HOOFSTUK 2** 7

**LITERATUURSTUDIE** 7

Inleiding 7

Konteks waarbinne probleem gesitueer is 7
Huidige stand van boerdery in Suid-Afrika 8
Veranderde sosio-politieke konteks 8
    Die vestiging van 'n demokrasie in 1994 8
    Die kulturele erfenis van boerdery in Suid-Afrika 9

Openbare narratiewe binne die konteks van boere wat hulle grond verlaat 10
Die grondhervormingsnarratief 10

Eiendomsreg in Suid-Afrika – agtergrondgeskiedenis 10
Grondhervorming en restitusie in Afrika 11
Inwoners van Afrika eis hulle grond terug 12
Grondhervorming nog nie afgehandel in Zimbabwe, Namibië, Australië en Suid-Afrika nie 13
Die politieke narratief 14
Die ekonomiese narratief 15
Die plaasmoord-narratief 17
Die droogte-narratief 18
Veranderende klimaat en droogte in Afrika 19

Gevolgtrekking 19

**HOOFSTUK 3** **20**

**PARADIGMATIESE VERTREKPUNT EN METODOLOGIE** **20**

Inleiding 20

Die narratiewe metafoor 20
Sosiale konstruksionisme binne die verband van my studie 21

Postmodernisme 22

Sleutelvertrekpunt van 'n sosiale konstruksiediskoers 23
Kritiese posisie teenoor algemeen-aanvaarde kennis 24
Historiese en kulturele spesifiekheid 25
Kennis word deur sosiale prosesse geskep en in stand gehou 25
Kennis en sosiale aksie gaan hand aan hand 26

Taal en die sosiale konstruksiediskoers 26
Die self 27
Selfrefleksie 28

Diskoers 28
Diskoerse en mag 29
Dekonstruksie 30

Navorsingsmetodologie 30

Kwalitatiewe navorsing 30
Navorsingskwaliteit 33
Etiese dimensie 33
Die onderhoud 35
Geldigheid en betroubaarheid 36
Fokus op proses kan geldigheid verbeter 38
Vakmanskap as 'n uitdrukking van geldigheid 38
Samehangendheid verhoog geldigheid 38
Geldigheid as keuse tussen kompeterende interpretasies 39
Refleksiwiteit as 'n aspek van geldigheid 39
Die insluiting van veelvuldige stemme 39
Die nuttigheid van navorsing as 'n beginsel van geldigheid 39
Ekologiese geldigheid 40

Datahantering en -analise 40
Data-insameling 40

Diskoerse en diskoersanalise 41
Diskoerse 41
Diskoerse is aksie-georiënteerd 42
Diskoerse is gesitueerd 43
Diskoerse word gekonstrueer en is konstruerend 43

Diskoersanalise 45

Samevatting 49

**HOOFSTUK 4** **51**

**EKSPLORASIE VAN TEKS** **51**

Inleiding 51

Diskoersseleksie 51

**Sebastiaan** **52**

Gesin-van-oorsprong-diskoers 53
Beroepsdiskoers 56
Stoettelersdiskoers 57
Ekonomiese en globaliseringsdiskoers 58
Politieke diskoers 59
Misdaad-diskoers 60
Opvoedingsdiskoers 66
Patriargale diskoers 68
Diskoerse in die pers 69

**Michael** **71**

Beroepsdiskoers 71
Misdaad-diskoers 72
Patriargale diskoers 74
Ekonomiese diskoers 74
Natuurdiskoers 77
Politieke diskoers 77
Biomediese diskoers 78
Diskoerse rondom die rekonstruksie van 'n narratief 79

**Marius** **80**

Beroepsdiskoers 80
Stoettelersdiskoers 81
Ekonomiese diskoers 83
Die koöperasie as 'n instelling 85

Beleggingsdiskoers 86
Emosionele diskoers 86
Ouderdomsdiskoers 87
Godsdiensdiskoers 88

Eie refleksie 88

Samevatting 91

**HOOFSTUK 5** **93**

**SLOTGESPREK** **93**

**BIBLIOGRAFIE** **101**

# HOOFSTUK 1

# AANLOOP TOT DIE NAVORSING

## *Inleiding*

In hierdie hoofstuk word die aanloop tot my navorsing bespreek en deel ek my eie boerderynarratief met die leser. Daarna word die navorsingsvraag en die navorsingsdoel bespreek. Ek sluit af deur ’n samevatting te verskaf.

## *Die navorser se narratief*

Ek het grootgeword op ’n plaas in Afrika, meer spesifiek, op die grens van Lesotho en die Vrystaat, aan die rand van die Maluti’s. Ek onthou berge, rooigras en tarentale, en die reuk van grond na die eerste somerreën. Daar het ek geleer dat Afrika verskillende kleure het en verskillende tale praat. Terwyl ek as kind meestal bybelstories kon oorvertel, het my swart maats wonderlike stories oor die tokkellossie en sy leefwêreld vertel. Ons het mekaar se lewe verryk deur eindelose saamspeel en storievertel. Daar het ek ook die plaas as ’n instelling met sy eiesoortige produksiefaktore en verskillende rolle (wat onder andere werknemer en werkgewer ingesluit het) leer ken. Ek het al van kindertyd af gewonder oor die reste van die feodale stelsel wat mense afhanklik gemaak en gehou het, en kon nie begryp waarom werkers en hulle kinders vir geslagte lank werkers gebly het nie. My gesin van oorsprong kan beskryf word as deel van ’n tipiese wit, middelklas, manlik gedomineerde en bevoorregte Suid-Afrikaanse sisteem. Alhoewel daar ’n duidelike onderskeid tussen manlike en vroulike rolle in dié samelewing getref is, is ek tog toegelaat om by die boerdery betrokke te raak. Die vroegste diskoerse wat my lewe omring het, kom dus uit hierdie omgewing.

Later het ek bewus geword van die dominante politieke diskoers van afsonderlike ontwikkeling en sy felle kleurskeiding. Daarby het die godsdiensdiskoers baie prominent alle fasette van die sosiale lewe geïnfiltreer. Op skool en universiteit het ek die veelstemmigheid van Afrika verloor weens die feit dat hierdie instellings in die Vrystaat hoofsaaklik vir die Afrikaner ontwerp is. Afsonderlike ontwikkeling is só konstrueer dat dit my tóé al van die ryk medemenslike ervarings wat so uniek aan Afrika is, ontneem het.

Die diskoerse waarmee ek omring is, het ’n vormende rol in die konstruksie van my beroepslewe gespeel. My beroepsnarratief het egter oor tyd van die verpleegkunde na die sielkunde verander. Daarby is ek al twaalf jaar lank ’n deeltydse boer op ons familieplaas. Hierdie rol is deur my familie aan my toegewys na my pa se dood. My eie belewenis van en opinies oor boerdery is dus ’n konstruksie wat oor ’n lang tydperk in ’n spesifieke sosiale konteks ontwikkel het. So gesien, neem ek ’n polifoniese karakter aan wat daagliks tussen verskillende take, rolle en werksaamhede versplinter word – ’n veelstemmigheid wat met verloop van tyd saam met my konteks verander en steeds verander.

Wanneer ek my navorsingsnarratief skryf, is dit dan op ’n manier ’n voortsetting van ’n storie wat baie lank terug op die Vrystaatse hoëveld vorm begin aanneem het. Bogenoemde omstandighede en gebeure het as basis gedien vir die totstandkoming van my navorsingsverhaal. Dit sluit aan by die gedagte dat mense in stories gebore word en dat hulle sosiale en historiese kontekste hulle uitnooi om sekere stories te onthou en te vertel en ander *ongestorie* te laat (Freedman & Combs, 1996). As deeltydse boer is ek midde in die landbousituasie van die dag. Ek worstel lank reeds met die vraag of die familieplaas verkoop of behou moet word. Verskeie diskoerse is daarop afgestem om die besluit te vorm. Uit ’n beleggingsoogpunt is die vraag of die kapitale belegging moontlik ’n beter opbrengs in ’n ander bateklas sal lewer. Uit ’n politieke oogpunt is die vrees vir grondonteiening ’n konstante medereisiger. Wat misdaad betref wonder ek of ek en my familie veilig sal wees wanneer ons ’n volgende keer die plaas besoek. Na elke koerant- of televisieberig word die gevoel van onrus verder versterk.

’n Navorsingsprojek begin wanneer die navorser van ’n probleem bewus raak. Soos in my navorsingsnarratief aangetoon sal word, het ongeveer 21% van Suid-Afrikaanse boere reeds die landboubedryf verlaat (Van Zyl, 2004). Teen die agtergrond van laer winsgrense, grondeise, veiligheidsrisiko’s en plaasmoorde, begin al hoe meer boere oor ’n toekoms in die landboubedryf wonder. Hierdie toedrag van sake impakteer negatief op landbou in die algemeen, op die lewensvatbaarheid van die platteland en op die lewens van werknemers wat werkloos gelaat word. Verder is die emosionele verliese wat boere en hul gesinne ly, nog nie werklik in navorsing verreken nie.

Dit was ’n spotprent van Zapiro (2004) wat die idee om oor hierdie groep mense navorsing te doen vir my bevestig het.




In hierdie navorsingsnarratief word ’n diskoersanalise van die narratiewe van drie boere wat hul grond verlaat het, gedoen. Daar word ook gekyk na die wyse waarop hierdie verhale by die groter openbare diskoerse aansluit. Daarby is my verhaal (die navorser se eie verhaal) diep in hierdie groter verhaal verweef. Deur die lens van die sosiaal-konstruksionisme (wat volledig in hoofstuk 2 bespreek word), word die narratiewe eksploreer en die diskoerse identifiseer wat ’n konteks vorm vir boere se besluite om die landbou te verlaat. Dit is belangrik om daarop te let dat die teks in hierdie navorsing as komplekse kulturele en psigologiese produkte behandel word, wat op ’n bepaalde wyse gekonstrueer is om dinge te laat gebeur (Potter & Wetherell, 1994). Volgens Gergen (2001a) word verskeie paaie vir eksplorasie deur ’n sosiaal-konstruksionistiese dialoog geopen.

In my eie narratief is daar tekens van verandering, groei en ontwikkeling na gelang ek my weg tussen die dominante diskoers (van die modernistiese tot die postmodernistiese diskoers) moes vind en namate ek die wêreld aan die hand van ’n sosiale konstruksionistiese dialoog bekyk het. Binne die postmodernistiese diskoers word daar gepoog om die openbare en private diskoerse binne die landbou in Suid-Afrika te eksploreer, dit is die diskoerse wat moontlik vorm kan gee aan die besluite van boere om die landboubedryf te verlaat. Hierdie kennis kan nie as ’n spieëlbeeld of kaart van die wêreld beskou word nie, maar reflekteer eerder die sosiale prosesse waardeur dit tot stand kom (Gergen, 2001a).

Omdat my betrokkenheid by die landbou my alreeds deur ’n bepaalde lens na die bedryf laat kyk, is dit belangrik om met ’n refleksiewe bewussyn by die navorsing betrokke te wees. Dit beteken dat ek nie net op my *eie* prosesse van wêreld konstrueer sal fokus nie, maar ook op *hoe* my konstruksies die manier waarop ek met die teks omgaan en dit dekonstrueer, beïnvloed (Shotter in Mcleod, 2002). Gergen (2001a) gaan verder deur die uitspraak te maak dat “ … scientists seldom carry out research for no reason; typically they have investments in some vision of the good, some benefit that will derive from their work” (p.91).

## *Navorsingsvraag en navorsingsdoel*

*Navorsingsvraag*

Hoe skep openbare en private diskoerse ’n konteks waarbinne boere besluite neem om die boerdery te verlaat?

*Algemene doelwitte*

My doelwit met hierdie navorsing is om te fokus op die persoonlike narratiewe wat boere vertel. Dit word gedoen vanuit ’n sosiaal-konstruksionistiese posisie. ’n Diskoersanalise word op die teks van die narratiewe uitgevoer om te poog om die private en openbare diskoerse wat ’n konteks skep vir die besluitneming van boere om die landbou te verlaat, te identifiseer.

*Spesifieke doelwitte*

| | |
|---|---|
| Hoofstuk 1: | Om die skrywer se eie narratief, probleem en doelwitte ten opsigte van die navorsing te beskryf |
| Hoofstuk 2: | Om die openbare narratiewe aan die hand van ’n literatuurstudie te belig |
| Hoofstuk 3: | Om die paradigmatiese vertrekpunt en metodologie aan te dui wat aangewend word om die navorsingsvraag te beantwoord |
| Hoofstuk 4: | Om die eksplorasie van die teks op so ’n wyse uiteen te sit dat die leser saam betekenis kan vorm |
| Hoofstuk 5: | Om ’n samevatting te verskaf |

### *Relevansie van studie*

Volgens Statistiek SA was daar tussen 1993 en 2002 ’n afname van 21% in die persentasie boere in die landboubedryf en hierdie tendens duur voort (Van Zyl, 2004). Bittermin literatuur is beskikbaar oor die belewenisse van die mense.

Wanneer boere die landboubedryf verlaat, het dit nie slegs ’n effek op die boer en sy gesin nie, maar skep dit ’n rimpeleffek deurdat die werknemers en hul gesinne ook ’n ander heenkome moet vind. Boerdery dra regstreeks by tot die lewensvatbaarheid van die ekonomie op die platteland en die groter plattelandse samelewing word direk negatief deur plaasverlatings beïnvloed. Dit is ook ’n feit dat die ontvolking van die platteland regstreeks tot die plakkersprobleem en die oorbevolking van stede bydra (Willemse, 2006a). Ek meen dat my navorsingstudie met sy fokus op die interaksie tussen mense; mag en instansies; en diskoerse en diskursiewe patrone (en gepaardgaande betekenisgewig), lesers se insig in hierdie komplekse samelewingsfenomeen kan verbreed.

Die insig wat sosiale konstruksionisme vir hierdie navorsing bied, is nie om oorsake vas te stel of skuldiges uit te wys nie, maar lê volgens Rogers & Rogers (1999) in die idee van veelvuldige realiteite. Die benarde posisie van boere binne die Suid-Afrikaanse landbougemeenskap word net te maklik aan politieke veranderings ná 1994 toegeskryf. Die onderskeie rolspelers soos boere, die minister van landbou, die grondhervormingsbeleid, arbeiders, en die algemene regeringsbeleid, kan nie meer afsonderlik of uitsluitlik vir die komplekse situasie waarin die boerderybedryf hom bevind, verantwoordelik gehou word nie, aangesien die groter samelewing saam aan die sirkulerende diskoerse en magsisteme waarbinne die landboubedryf ingebed lê, skep. Gergen (2001b) wys verder daarop dat die diskursiewe ritueel van individuele blamering en kritisering die vermoë het om te degradeer en om mense uit die samelewing te skuif en daarvan te vervreem. Deur “in verhouding” (*relationally*) verantwoordelik te wees kan alternatiewe vorme van diskoerse geaktiveer word, wat as plaasvervanger vir die ritueel van blamering en beskuldiging kan dien.

Die wins van hierdie studie lê daarin dat verandering wel moontlik is wanneer mense besef dat taal nie ’n spieëlbeeld van die werklikheid is nie, maar dat die werklikheid waarbinne ons mens is, sosiaal gekonstrueer word. Waar mense binne ’n bepaalde samelewing bymekaar

kom, kan daar deur dialoog ’n nuwe narratief geskep word. Insig kan sodoende bekom word vir die medeskepping van ’n vreedsame naasbestaan vir al die rolspelers [in die landboubedryf] omdat, soos Gergen (2001b) dit stel, ’n relasionele diskoers ons uitnooi tot alternatiewe maniere van praat/doen met ander en spesifiek met hulle van wie ons andersins sou verskil het.

Willig (1999) redeneer dat sosiale strukture veelvuldige moontlikhede vir aksie inhou en dat ons die implikasies wat dit vir die mens inhou, moet eksploreer. Die gevolg hiervan is dat ’n nuwe toekoms geskep kan word. Volgens Anderson (1997) skep en herskep ons ons lewenservaring, betekenis, begrip en realiteite selfs deur die gesprekke wat ons voer. Sommige gesprekke verhoog moontlikhede terwyl ander dit beperk.

Volgens Potter & Wetherell (1994) word die woord konstruksie binne die sosiale konstruksiediskoers gebruik om ’n sekere bewustheid te skep dat beskrywings van gebeurtenisse en narratiewe uit ’n verskeidenheid voorafbestaande linguistiese bronne opgebou word. Net soos ’n huis uit ’n verskeidenheid uitgesoekte materiaal gebou word, word bepaalde linguistiese materiaal vir die konstruksie van ’n beskrywing gekies. Diskoersanalise word gebruik om die bronne waaruit mense se narratiewe saamgestel word te identifiseer en sodoende kennis van die sosiale wêreld te bekom.

### *Samevatting*

In hierdie hoofstuk is die aanloop tot die navorsing bespreek en het ek my eie narratief aan die leser bekend gestel. Daarna is die navorsingsvraag en die navorsingsdoel uiteengesit, terwyl die hoofstuk met konstruksies oor die relevansie van die studie afgesluit is. In die volgende hoofstuk word die boerderykonteks aan die hand van ’n literatuurstudie uiteengesit.

# HOOFSTUK 2

# LITERATUURSTUDIE

## *Inleiding*

Die konteks waarbinne boerdery in Suid-Afrika gesitueer is, word in hierdie hoofstuk bespreek. Die stand van boerdery binne die sosio-politieke konteks in Suid-Afrika word ook kortliks bespreek. Daarna word die openbare narratiewe bespreek wat as redes aangevoer word waarom boere hul grond verlaat. Dit sluit in die *grondhervormingsnarratief*, met spesifieke verwysing na Suid-Afrika, Zimbabwe, Namibië en Australië; die *politieke narratief*; die *ekonomiese narratief*; die *plaasmoord-narratief* en die *veranderende klimaat- en droogte-narratief*.

## *Konteks waarbinne probleem gesitueer is*

Omdat die produksie van kennis ’n sosiale aktiwiteit is wat oor tyd binne ’n bepaalde sosiale ruimte geskied, word die boerderykonteks vervolgens uiteengesit aan die hand van ’n literatuurstudie wat gedoen is.

Die dinamiese interaksie tussen die individu en sy sosiale wêreld word deur Lawler (2002) as volg beskryf:

> “… not only do people often produce ‘storied’ accounts of themselves and their relation to the social world, but also the social world is itself ‘storied’ That is, stories circulate culturally, providing a means of making sense of that world, and also providing the materials with which people construct personal narratives as a means of constructing personal identities” (p.242).

Ons persoonlike narratiewe is dus onlosmaaklik deel van die sirkulerende publieke narratiewe. Om ’n begrip van die konteks van hierdie navorsingsnarratief te vorm is dit noodsaaklik om relevante agtergrondinligting oor die leefwêreld van die boer in te sluit.

*Huidige stand van boerdery in Suid-Afrika*

In 2002 was daar volgens Statistiek Suid-Afrika 45 818 boerdery-eenhede in Suid-Afrika. Die getal boerdery-eenhede het dus van 57 980 in 1993 tot 45 818 in 2002 afgeneem. Dit is ’n afname van 21%, en hierdie tendens duur voort (Van Zyl, 2004).

Maar nie net boere verlaat die bedryf nie. Volgens bevindinge van ’n navorsingsverslag wat in 2007 deur die Nkuzi-ontwikkelingsvereniging (die Nkuzi-ontwikkelingsvereniging is een van die grootste nie-regeringsorganisasies in die landbou) oor werkers se afsetting van Suid-Afrikaanse plase aan die parlementêre portefeuljekomitee van Landbou en Grondsake voorgehou is, het altesaam 942 203 mense landwyd sedert 1994 hulle blyplek op plase verloor (De Lange, 2007). Volgens hierdie verslag het voltydse en deeltydse indiensneming op plase met 152 450 (13%) (van 1 093 265 tot 940 815) in die nege jaar van 1994 tot 2003 gedaal (Van Zyl, 2004). Die Nkuzi-ontwikkelingsvereniging beweer verder oor die afsetting van arbeiders van Suid-Afrikaanse plase dat plaaswerkers se hervestiging in plakkerskampe die land se apartheidslandskap net nog verder versterk. Altesaam 77% van die afgesettenes is vroue en kinders wat saam met manlike werkers plase moes verlaat. Hierdie groep mense het meestal nie meer as ’n graad 7-kwalifikasie nie, het langer as 15 jaar op die plaas gewoon en moet na afsetting staatmaak op ouerdoms- en kindertoelae om in plakkerskampe te oorleef (Coetzee, 2005).

*Veranderde sosio-politieke konteks*

*Die vestiging van ’n demokrasie in 1994*

In 1994 word Nelson Rolihlahla Mandela ingehuldig as die eerste demokraties-verkose president van Suid-Afrika. Dit is voorafgegaan deur ’n geskiedenis van Britse kolonialisme, rassediskriminasie, ’n vryheidstryd en ’n oorgang na veelparty-, nie-rassige en grondwetlike demokrasie (Leon, 2005). Die tydperk na 1994 word gekenmerk deur hervorming op bykans alle terreine van die samelewing. Volgens Esterhuyse (in Van Niekerk, 1996) is hervorming nie bloot verandering nie. Dit is ’n baie spesifieke soort verandering, naamlik ’n verandering in die rigting van groter sosiale, ekonomiese en politieke gelykheid, oftewel ’n verbreding van die moontlikhede van deelname in en toegang tot die regte, voorregte, dienste, rykdom en goedere wat ’n bepaalde samelewing kan verskaf. Hervorming is ook nie net aanpassing of

verstelling van die bestaande orde sonder dat die reëls en strukture wat sosio-ekonomiese en politieke deelname reguleer, wesenlik verander word nie. Hervorming word soos 'n gebou in die hand van 'n bouer, wat 'n bestaande woning struktureel só verander dat dit bewoonbaar is vir almal wat 'n aanspraak daarop het, en dat daar van die ou gebou alleen dít oorbly wat bruikbaar is.

*Die kulturele erfenis van boerdery in Suid-Afrika*

Giliomee (2004) skryf:

> "Die lewenskrag van die Afrikaners in hulle geskiedenis ontspring uit 'n liefde vir die land en die wete dat Afrikaners nooit elders tuis kan wees nie. Dit stam uit die vroeë bevryding van afhanklikheid van Europa en 'n weiering om blote koloniste en tweedeklas-Britte te wees. As boere was hulle verknog aan hulle grond ten spyte van 'n nimmereindigende stryd teen droogte en ander natuurkragte" (p.634).

Dit bring begrip vir die ontsteltenis onder die boeregemeenskap oor die openingswoorde in die Vryheidshandves van die ANC, wat in verskeie diskoerse binne die landboukonteks aangehaal word, dat die grond gedeel moet word deur almal wat daarop werk. Hierdie handves is 'n unieke dokument wat in 1955 deur die ANC saamgestel is om 'n visie vir 'n alternatiewe samelewing te formuleer waarin alle mense gelyk is (Giliomee, 2004). Baie boere boer al geslagte lank op dieselfde grond en die voortsetting van hierdie tradisie word 'n familietrots wat deel van hul identiteit vorm. Hierdie karakters uit die verlede, byvoorbeeld die voorouers, word volgens Hermans (2003) deel van die mens se innerlike, dialogiese en narratiewe konstruksie. In 'n akkulturasie- of aanpassingsproses verdwyn hierdie stemme nie eenvoudig nie. Ouer en dieper stemme is dikwels bevestig as 'n deel van die self en hulle word uitgedaag, onderdruk of uitgetart of selfs geïgnoreer wanneer die persoon 'n nuwe kultuur moet betree waar vreemde en dominerende stemme gehoor word.

Boerdery lê dus diep ingebed in die kulturele erfenis van die Afrikaner. Volgens Cromby & Nightingale (in Human, 2004) is kultuur nie die inheemse "klere" wat die universele mens bedek nie, maar eerder 'n integrale deel van elke individu se fisiologiese vlees en been. Die materiële objekte wat ons skep, die idees wat ons huldig, en die aksies wat ons neem, word op 'n fundamentele manier gevorm deur die sosiale raamwerk waarin ons grootgemaak is. Dit

word opgemaak uit onder andere idees, simbole, rituele, mense, helde, plekke, instelllings, metafore en diskoerse. Kultuur is ook nie meganisties en staties nie, maar organies en buigsaam, verander gedurigdeur oor tyd, en verskil van plek tot plek. Kultuur skep ’n gemeenskapsidentiteit wat een samelewing van ’n ander onderskei en dra by tot die konstruksie van die identiteit van die onderskeie lede van die gemeenskap. Volgens Gergen & Gergen (1997) lê ons mikro-narratiewe ingebed binne die kulturele makro-narratiewe. Hierdie narratiewe beïnvloed mekaar wedersyds.

## *Openbare narratiewe binne die konteks van boere wat hulle grond verlaat*

### *Grondhervormingsnarratief*

#### *Eiendomsreg in Suid-Afrika – agtergrondgeskiedenis*

Daar bestaan groot verskille in die beskouing van eiendomsreg en grondbesit tussen die Romeins-Hollandse reg en die inheemse reg. Eiendomsreg in die ou Europese tradisie was ’n baie sterk reg en die regte van grondeienaars het ’n groot mate van beskerming geniet. Die beginsel van privaatbesit is sterk gevestig binne hierdie stelsel. In die tradisionele inheemse regstelsels wat in Afrika gegeld het, is die beginsel van kommunale eiendomsreg en -gebruik vasgelê. Grond het gewoonlik aan die stamkaptein behoort, maar kon deur almal in die stam gebruik word. Individuele areas vir bewoningsdoeleindes is dikwels aan families toegeken, maar die konsep van eiendomsreg op grond was vreemd (Jacobs, 2005). Hierdie verskil het in die geskiedenis op verskeie tye in konflik uitgeloop.

In 1913 is die Wet op Swart Grond (Wet 27 van 1913) op die wetboeke geplaas, wat die konsep van toegewese areas aangekondig het. Swartmense kon nie grond buite hierdie areas aankoop nie. In 1936 is dié wet deur die Wet op Ontwikkelingstrust en Grond (Wet 18 van 1936) opgevolg. Volgens hierdie wet is slegs ’n maksimum getal hektaar grond per provinsie toegewys om vir gebruik deur swartmense bekom te kon word. In 1948 is ’n beleid van swartkol-opruiming deur die Nasionale Party gevolg, waarna mense volgens die Groepsgebiedewet van 1966 (Wet 36 van 1966) verskuif is (Jacobs, 2005).

In 1994 is Die Wet op die Herstel van Grondregte (Wet 22 van 1994) gepromulgeer om uitvoering te gee aan die grondwetlike opdrag tot restitusie. Die Suid-Afrikaanse Grondwet (Wet 108 van 1996) het verder gegaan en ook voorsiening gemaak vir besitreghervorming en die herverdeling van grond. Die grondhervormingsprogram wat in die Witskrif op Grondhervorming vervat word, staan op drie bene, naamlik restitusie, besitreghervorming en die herverdeling van grond. Die basiese beginsels van die grondhervormingsprogram wat in die Witskrif op Grondhervorming vervat is en later as die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) (Wet 3 van 1996) aanvaar is, én telkens deur die regering bevestig is, is dat dit 'n ordelike proses moet wees, dat dit sosiale geregtigheid in die hand moet werk, dat dit regsgedrewe sal wees, dat herverdeling op die basis van 'n gewillige koper en 'n gewillige verkoper moet geskied, en dat dit ekonomies- en omgewingsvolhoubaar moet wees (De Villiers, 2003). Daar is egter stemme, volgens Breytenbach (2004), wat meen dat die ekonomiese produksie-debat neig om die status quo rakende grondbesit te wil handhaaf.

Binne die sielkunde verwys Gergen (1994) na die fenomeen van alternatiewe verstaanbaarheid-sisteme (*alternative intelligibility systems*) waarvolgens een groep byvoorbeeld in private grondbesit glo en die ander groep grondbesit as gemeenskapsgrond konseptualiseer. Beide partye is dan in staat om mekaar se regte te skend. Die voorkoms van veelvuldige begripsverklarings berei die weg voor vir wedersyds uitsluitende, maar ewe waar, verslagdoening oor dieselfde voorval.

*Grondhervorming en restitusie in Afrika*

Volgens Breytenbach (2004) impliseer grondhervorming dat restitusie in vorige setlaarskolonies of lande waar die regte van die inheemse bevolking vervreem is, herstel word. In Suider Afrika behels dit lande soos Angola, Mosambiek, Namibië, Suid-Afrika, Swaziland en Zimbabwe, waar die regte van die inheemse bevolkings herstel moet word. Lande wat effens minder problematies was, is Botswana, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Malawi, Tanzanië en Zambië, wat minder koloniale boere gehad het. In baie van hierdie lande waar kolonialisering plaasgevind het, is die stryd van dekolonisasie eerstens as 'n aangeleentheid van grondrestitusie geveg. Wat hierdie lande gemeen gehad het, is temas van ongelykheid, koloniale dominansie en diskriminasie, wat daartoe gelei het dat die inheemse bevolking van hulle grond afgeforseer is tot voordeel van die blanke setlaars (De Villiers, 2003). Hierdie gebeure, wat ook tot die huidige wekroep na restitusie in Suid-Afrika

aanleiding gegee het, lui ’n tydperk van groter wordende kompleksiteit in deurdat plaaslike realiteite drasties verander het.

In Suid-Afrika het die dominante politieke diskoers verander en voorheen gemarginaliseerde stemme het nou die stemme van die leiers van Suid-Afrika geword. Volgens Breytenbach (2004) het Sam Nujoma (Namibië se president na onafhanklikheidswording) gedreig om toe te laat dat dieselfde proses van grondbesetting, wat in 2000 in Zimbabwe ingestel is, in Namibië kan plaasvind as boere aanhou om grondpryse onrealisties te laat styg en weier om van hul grond afstand te doen.

Wanneer hierdie gebeure met die sielkunde in verband gebring word, meen Gergen & Kaye (1994) dat ’n nuwe stem die potensiaal inhou om tot interne dialoog te lei, wat positiewe verandering kan aandui. Boere word deur die veranderde sosio-politieke klimaat gedwing om deel van veelvuldige verhoudings te word. Elkeen van hierdie verhoudings het die potensiaal om ’n unieke vorm van realiteit te skep.

*Inwoners van Afrika eis hulle grond terug*

’n Stormagtige geskiedenis het gevolg toe die inheemse bevolking in Afrika hulle grond begin terugeis en setlaars van die grond afgedwing het. Sedert die Mau-Mau-opstande in Kenia was grondhervorming al ’n kontensieuse saak. Die Mau-Mau-bevrydingsorganisasie het toe as die Land and Freedom Army bekend gestaan. In Zimbabwe het die Chimurenga (War of Liberation) ook oor grond gegaan (Breytenbach, 2004). Volgens Mudge (2004) glo Namibiërs dat die land nie werklik aan hulle behoort as die fisiese grond en oppervlakte hulle uitsluit nie.

Die president van die Nasionale Unie van Namibiese werkers, Risto Kapenda, het onder andere gesê dat die gewillige verkoper/koper-konsep nie gaan werk nie. Geduld kan nie langer beoefen word nie en die grond wat aan hulle voorvaders behoort het, moet teruggeneem word. Hy glo dat die grond deur die Europeërs gesteel is en dus nie teruggekoop hoef te word nie (Hunter, 2004).

Volgens De Villiers (2003) het die gebeure in Zimbabwe, waar die besetting van grond twintig jaar na onafhanklikheidswording in 1980 plaasgevind het, skokgolwe deur Suider

Afrika gestuur en het internasionale vertroue in die vermoë en wil van jong demokrasieë om demokratiese waardes te handhaaf ’n groot terugslag gekry. De Villiers meen dit is ’n bewys van hoe moeilik dit is om die horlosie op onregverdighede terug te draai en watter geweldige impak ’n gebrek aan hulpbronne op die herverdelingsproses kan hê.

In Suid-Afrika is die dilemma van Zimbabwese boere in verskeie dokumentêre programme op TV uitgesaai, en die pers het wyd daaroor berig. Kerby (1997) meld hoe die sogenaamde *ready made*-narratiewe wat op TV, film en in koerante aangebied word, die self kan beïnvloed. Die self word volgens hom ’n verkleurmannetjie wat voortdurend van kleur verander namate nuwe onderwerpe die diskoers beïnvloed. In die boerderygemeenskap is gevrees dat die tendens van grondbesetting na die Suid-Afrikaanse boerderykonteks sal oorspoel. Leon (2005) skryf dat Suid-Afrika nie net ’n grens met Zimbabwe gemeen het nie, maar ook ’n geskiedenis van Britse kolonialisme, ’n eenpartystaatstelsel en rassediskriminasie deel.

*Grondhervorming nog nie afgehandel in Zimbabwe, Namibië, Australië en Suid-Afrika nie*

Grondhervorming was een van die moeilikste politieke aangeleenthede wat lande soos Zimbabwe, Namibië, Australië en Suid-Afrika moes hanteer. Wat hierdie lande veral gemeen het, is dat die grondhervormingsprosesse steeds sloer. In Zimbabwe word die demokrasie deur die radikale grondhervormingsbeleid van die nasionale regering bedreig. In Australië, waar daar ’n stabiele en gerespekteerde demokrasie is, ondervind die regering probleme om te verduidelik waarom so ’n klein minderheidsgroep, die Aborigines, se aspirasies en eise wat grondhervorming betref, nog nie afgehandel is nie (De Villiers, 2003).

Namibië ondervind groot druk om te radikaliseer wat sy grondhervorming betref. Die regshulpsentrum in Windhoek berig in sy jongste verslag dat die armes en grondloses nog nie bemagtig is sodat hulle selfonderhoudend kan boer nie (Pienaar, 2005). In geheel is net meer as 9% van die kommersiële grond in die tydperk vanaf onafhanklikheidswording in 1990 herverdeel.

Uit ’n regsoogpunt is die stelsels en beleidsformulerings waarvolgens grondhervorming in Suid-Afrika hanteer moet word, geweldig verwikkeld. Bronne, geduld en ander praktiese oorweginge het struikelblokke geword in die uitvoering van grondhervorming (Kepe,

Wynberg, & Ellis 2003). Hierdie outeurs meen dit is belangrik om so spoedig moontlik die grondonteiening van die apartheidsera reg te stel en ’n meer demografies verantwoordbare verdeling van grondeienaarskap in Suid-Afrika te verkry.

De Villiers (2003) meld dat grond in Suid-Afrika, Zimbabwe, Namibië en Australië deur ’n stelsel van geen ooreenkoms/geen vergoeding bekom is, wat in kontras is met lande soos die Verenigde State van Amerika, Kanada en Nieu-Seeland, waar die een of ander vorm van historiese ooreenkoms en vergoeding beding is.

’n Sleutelelement is volgens Van Zyl & Binswanger (1996) of grondhervorming uit ’n markgedrewe of ’n nie-markgedrewe perspektief benader word. By markgedrewe hervoming bekom die staat nuwe grond op die basis van ’n gewillig koper en ’n gewillige verkoper. So ’n proses kan egter hoë koste inhou. By nie-markgedrewe hervoming bekom die staat grond vir herverdeling sonder dat vergoeding aangebied word. Dit kan ook behels dat nuwe grondeienaars gehelp word om hul besighede te vestig. In Zimbabwe is hierdie proses met rampspoedige gevolge gebruik.

*Die politieke narratief*

Volgens Statistiek Suid-Afrika was daar in Junie 1997 ongeveer 12,7 miljoen mense, of 31,4% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking, wat in landelike gebiede in die voormalige tuislande van Suid-Afrika gewoon het. Toegang tot plaasgrond is noodsaaklik vir hierdie huishoudings omdat hulle óf geheel en al afhanklik is van boerdery-aktiwiteite om te oorleef en ’n inkomste te verdien, óf staatmaak op hierdie aktiwiteite om hulle hoofbron van inkomste aan te vul (Joubert, 2005).

Grond, en die eienaarskap daarvan, is ’n emosionele en plofbare kwessie van die uiterste ekonomiese belang (Joubert, 2005). Volgens die Vryheidshandves van die ANC sal die grond in Suid-Afrika gedeel word deur almal wat daarop werk. Dit skep die raamwerk waarbinne die ANC-regering se beleid oor grondhervorming opgestel is. Die regering het deur die heropbou-en-ontwikkelingsprogram (HOP) hom dit in 1993 ten doel gestel om 30% van Suid-Afrika se landbougrond, of sowat 25 miljoen hektaar, teen 2015 na swart eienaars oor te dra. Volgens van Rooyen (2006) is nog net 2 442 miljoen hektaar van die teikenpersentasie

van 24,0 miljoen hektaar teen 2014 aan swart besit oorgedra. As ’n mens in ag neem dat 87% van alle landbougrond in 1994 in wit besit was, is dit duidelik dat die vordering stadig is.

Op ’n grondberaad wat in Augustus 2005 in Johannesburg gehou is, het die regering en die ANC gesê dat die beginsel van die gewillige koper/gewillige verkoper heroorweeg gaan word (Joubert, 2005). Hierdie uitlating kan onsekerheid bring oor die stelsel van eiendomsreg wat in die Grondwet van 1996 erken word. Sekerheid van eiendomsreg is die basis van ’n gesonde ekonomiese stelsel. Dr. Johan van Zyl, uitvoerende hoof van Sanlam, het in September 2007 in ’n toespraak op Agri SA se jaarlikse kongres in Boksburg gewys op die swak verhouding tussen die regering en die boere, en veral dat ondeurdagte dreigemente oor grondhervorming daartoe kan lei dat buitelandse beleggers afgeskrik word. Hy is verder onder die indruk dat senior politici met hul dikwels emosionele uitsprake oor probleme in die sektor probeer om politieke munt te slaan eerder as om met oplossings vorendag te kom (Duvenhage, 2007).

*Die ekonomiese narratief*

Landboubestuur in ’n veranderende omgewing word as volg deur Van Zyl, Coetzee, Blignaut, Kirsten & Geyser (2005) beskryf:

> “Agriculture is a dynamic industry, constantly being affected in various ways by changes in the climate, technology, marketing and government policy. Consequently, little in agriculture remains the same for long: market conditions change form year to year, weather conditions change, as do the goverment’s agricultural and economic policies (especially when a new government takes office). In addition, new production techniques are being developed all the time” (p.1).

Met die aanvaarding van ’n oop handelsgrensgebied is daar al vroeg in die 1990’s met die liberalisering van die plaaslike landbousektor begin. Dit is hoofsaaklik aan die gang gesit deur die sluit van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, wat daartoe gelei het dat bykans enige landbouproduk vandag vryelik in- en uitgevoer kan word. Landbou is by ’n kruispad, wat beteken dat daar ’n verskuiwing vanaf produksiegeoriënteerde na markgeoriënteerde produksie moet plaasvind. Dit veroorsaak verskeie praktiese probleme vir die boer. ’n Ooreenkoms om ’n produk te lewer, word deur die mark as ’n kontrak aanvaar.

Weens die landbou se inhirente risiko's, soos droogte, hael en vloede, asook die seisoengebondenheid van produksie, is die bestuur van 'n markgeoriënteerde produksiestelsel makliker gesê as gedaan (Janovsky, 2005).

Daar is ook bedryf-spesifieke faktore wat die landbousektor raak en winsgewendheid in die sektor nadelig beïnvloed. Dit sluit verhoogde gehalte- en gesondheidsvereistes in, wat tot 'n verhoging van insetkoste kan bydra (Van Zyl, 2005).

Volgens Nell & Napier (2005) het baie boere nog nie 'n paradigmaskuif gemaak om by hierdie verhoogde eise aan te pas nie en word hulle dan finansieel gedwing om die landboubedryf te verlaat. Boerdery in Suid-Afrika is gekoppel aan die internasionale markte en Suid-Afrika moet die Amerikaanse landboubedryf gevolglik fyn dophou. Is daar 'n oorproduksie van mielies of katoen, tuimel die wêreldprys van die produkte. Knel 'n droogte die sojaboonproduksie, skiet internasionale sojapryse die hoogte in. Amerika se mielie-uitvoer alleen maak byvoorbeeld 60% tot 70% van die wêreldhandel uit (Van Zyl, 2005).

Anders as in Suid-Afrika hanteer die Amerikaanse regering sy landboubedryf sagkens omdat dit steeds 'n beduidende rol in plattelandse gebiede speel. Wye ondersteuning deur die Amerikaanse regering bied aan sy landbou beduidende navorsing-, ontwikkeling- en voorligtingshulp, die ontleding en vertolking van markte en ondersteunende beleid om internasionale mededingendheid te bevorder. In Suid-Afrika is die regering se ondersteuningsvlak aan die landbousektor laer as 5% in vergelyking met 20% van Amerika, die Europese Unie-gemiddelde van 33% en 60% vir Japan (Van Zyl, 2005).

Op 3 Augustus 2005 sê adv. Dirk du Toit, adjunkminister van landbou en grondsake, op 'n konferensie in Pretoria oor Suid-Afrika se landbou-vooruitsigte, dat landbouvooruitsigte tans nie te rooskleurig lyk nie. Die meeste goedere verhandel nou teen hulle laagste pryse sedert 'n algeheel vrye (landbou)mark in Suid-Afrika geskep is. Oorskotte word tans opgestoot deur nuwe tegnologie wat produksie verhoog. Lande soos China en Argentinië, waar grondstowwe en arbeidskoste laag is, is steeds in staat om gedurende lae pryssiklusse winsgewend te produseer (Janse van Vuuren 2005). Daar word veral gevrees vir die uitkringeffek wat laer inkomste op die plattelandse ekonomie kan hê. Daarby styg boerderyskuldvlakke omdat baie boere nie hulle produksiekoste gedek kry nie. Insolvensies is ook aan die toeneem (Van Zyl,

2006). Die voorspelling is dat industriële plase wat soos korporatiewe ondernemings bestuur word, mettertyd die tradisionele familie-ondernemings sal vervang (Janse van Vuuren, 2005).

Volgens Coetzee & Mulder (2007) is daar vandag slegs 4 000 melkboere in Suid-Afrika, terwyl daar 15 jaar gelede 30 000 melkboere was. Etienne Terre'Blanche, besturende direkteur van die Melkprodusente-organisasie, het na aanleiding van 'n melktekort in April 2007 aan die pers genoem dat verskeie faktore vir die melktekort verantwoordelik gehou kan word. Volgens hom het hoofsaaklik swak betaling deur melkkopers tot die eksodus van boere uit die melkbedryf gelei. Volgens Coetzee & Mulder (2007) het die Mededingskommissie verlede jaar Suid-Afrika se grootste en bekendste melkverwerkers skuldig bevind aan kartelvorming, 'n situasie wat melkproduseerders benadeel het. Verder wys Willemse (2006b) daarop dat kommersiële boere met van die beste tegnologie en kennis nie meer kan meeding met die goedkoop (meestal gesubsidieerde produkte) wat ingevoer word en binnelandse prysvlakke afdwing nie.

Volgens Willemse (2006b) het dit tyd geword dat die Suid-Afrikaanse regering sy handelsbeleid en beleid teenoor die landbouhandel vinnig en ernstig hersien. Die regering pas 'n beleid van oophandel met al hoe minder binnelandse ondersteuning toe. Nuwe uitvoergeleenthede word nie vir boere geskep nie en sake soos lae invoertariewe, die lae gehalte van invoerprodukte, en die invoer van produkte teen pryse wat laer as die vervoer- en verpakkingskoste van plaaslike produkte is, geniet nie aandag nie.

*Die plaasmoord-narratief*

Sowat 'n kwart van Suid-Afrika se ongeveer 45 000 kommersiële boere, hulle gesinne en werkers het al 'n plaasaanval aan eie lyf gevoel (Van Wyk, 2006). Byna 600 mense het die afgelope vyf jaar, van 2000 tot 2005, in plaasaanvalle gesterf. Volgens statistiek wat deur die minister van veiligheid en sekuriteit, Charles Ngakula, bekend gemaak is, was daar 4 126 plaasaanvalle van 2000 tot 2004 in Suid-Afrika. Agri SA, 'n federale organisasie wat namens sy lede die volhoubare winsgewendheid en stabiliteit van kommersiële landbouproduseerders en -besighede deur sy deelname op nasionale in internasionale vlak bevorder, sê dat daar van 1991 tot Desember 2005, 1 562 moorde in plaasaanvalle gepleeg is. Vir boere het dit onmoontlik geword om normaalweg te leef. Boere in die Limpopostreek oorweeg selfs die

moontlikheid om by die Verenigde Nasies om vlugtelingstatus aansoek te doen (Van Wyk, 2006).

Alhoewel die regering besef dat misdaad tekenend van ’n onstabiele samelewing is en probeer om die samelewing deur ekonomiese groei, onderwys en die bevegting van armoede te stabiliseer (Joubert, 2007), neem misdaad op plase net al hoe meer toe. Wat doen dit aan mense wat die land se kosmandjie moet vul, maar voortdurend oor hul skouer moet kyk?

*Die droogte-narratief*

*Veranderende klimaat en droogte in Afrika*

Wetenskaplikes wêreldwyd stem saam dat veranderinge in klimaat mensgedrewe is en dat ’n oormaat kweekhuisgasse in die atmosfeer aardverwarming veroorsaak. Volgens Tempelhoff (2007) het dr. Guy Midgley, ’n wetenskaplike van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitinstituut, daarop gewys dat die swak mielie-oeste en droogtes die afgelope seisoen in die Vrystaat ’n duidelike teken is dat die klimaat in Suid-Afrika besig is om drasties te verander. Ekostelsels soos ons dit ken, is aan die verander en gaan binne enkele dekades heeltemal anders lyk. Volgens navorsing wat deur dr. Midgley gedoen is, is Afrika ook die wêreld se kwesbaarste vasteland.

Vir die 2007-oesjaar alleen het die meeste saaigebiede net sowat 20% van die seisoenreënval gekry en temperature is 2% tot 3% warmer as normaalweg, wat verdamping verder versnel. Belangrike damme se vlakke is reeds aan die daal en daar word verwag dat hulle deur die winter baie leër gaan word. Die landbousektor se bydrae tot ekonomiese groei het reeds in 2006 met 13,1% gekrimp. Suid-Afrika sukkel boonop met sy ramphulpbeleid. In die streke waar die regering in die laaste paar jaar droogtehulp verleen het, was dit uiters beperk en was dit daarop ingestel om bestaansboere – en nie kommersiële boere nie – te ondersteun. Hiermee saam kry debatte oor die gevare van aardverwarming en toenemende weeronstabiliteit in die wêreld al hoe meer momentum, wat markte onderliggend onstabiel maak (Willemse, 2007).

### *Gevolgtrekking*

In hierdie hoofstuk het ek die konteks waarbinne die probleem gesitueer is bespreek, met spesifieke verwysing na die stand van boerdery en die sosio-politieke konteks in Suid-Afrika. Laastens is die openbare narratiewe wat in die samelewing sirkuleer, onder die volgende hoofde bespreek: die g*rondhervormingsnarratief*; die *politieke narratief*; die *ekonomiese narratief*; die *plaasmoord-narratief* en die *veranderende klimaat- en droogte-narratief*. Teen die agtergrond van hierdie narratiewe het dit duidelik na vore gekom dat boerdery in Suid-Afrika by 'n kruispad is en dat dit die lewe van al die rolspelers in die landboubedryf raak. In die volgende hoofstuk word postmodernisme en sosiale konstruksionisme bespreek as gepaste ruimte waarbinne die navorsing sal setel. Dit word afgesluit met 'n bespreking oor hoe 'n diskoersanalise as navorsingsmetodologie in die studie aangewend sal word.

# HOOFSTUK 3

# PARADIGMATIESE VERTREKPUNT EN METODOLOGIE

## *Inleiding*

In hierdie hoofstuk word die paradigmatiese vertrekpunt en die metodologie van die navorsingsprojek bespreek. Die postmoderne diskoers word aangedui as 'n gepaste ruimte waarbinne die navorsingsprojek gesitueer word. Die narratief word as 'n metafoor gebruik om die navorsing uit 'n sosiaal-konstruksionistiese perspektief aan te bied. Daarna word die sosiale konstruksiediskoers bespreek, met spesifieke verwysing na die sleutelaannames binne hierdie perspektief. Ter aansluiting by die argumente tot dusver, gebruik ek 'n kwalitatiewe benadering in my navorsingsmetodologie. Die tegniek van diskoersanalise word gebruik om die sirkulerende diskoerse te identifiseer wat 'n konteks skep vir boere om die boerdery te verlaat.

### *Die narratiewe metafoor*

Volgens Freedman & Combs (1996) help die narratiewe metafoor ons om oor mense se lewe te dink as stories wat op 'n kaart uitgestip kan word. Die kaart word met die verloop van tyd in ooreenstemming met veranderende gebeure uitgebrei. Dit behels 'n rekursiewe proses deurdat ons gestalte gee aan die wêreld waarin ons leef, maar ook ons eie realiteit binne die konteks van 'n gemeenskap met ander skep. Die grense van ons narratiewe word deur politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele beperkings en potensiaal bepaal. Binne hierdie grense bestaan daar 'n verskeidenheid narratiewe in 'n voorgeskrewe konteks. Ons openbaar onsself voortdurend in elke moment van ons interaksie deur die narratief wat ons voer met ander wat saam met ons onderweg is (Lax, 1994). Binne verskeie kontekstuele raamwerke bestaan daar dus die potensiaal vir nuwe konstruksionele moontlikhede wat ons stories kan beïnvloed.

Lawler (2002) beskryf narratiewe as sosiale produkte wat mense binne 'n spesifieke sosiale, historiese en kulturele konteks produseer. Dit voorsien die mens van 'n wyse om sin van die wêreld te maak en verskaf die materiaal waarmee mense persoonlike narratiewe konstrueer.

Die narratief verbind die hede op 'n natuurlike manier met die verlede en bied ruimte vir drome en beplanning vir die toekoms. In hierdie navorsing is boere se eie verhale nie los te maak van die groter openbare narratiewe in 'n spesifieke historiese, kulturele en sosiale landboukonteks nie. Wanneer die stories vertel word, help dit boere om hulle wêreld te interpreteer en sin van komplekse en dikwels genuanseerde stories te maak. Lawler (2002) meen die self ontvou deur die episodes van sy of haar lewe. Hierdie episodes gee uitdrukking aan 'n mens se lewensverloop en werk terselfdertyd vormend daarop in.

Binne hierdie narratiewe navorsingsmetafoor sal diskoerse (verwysingsraamwerke wat ons help om die wêreld te interpreteer) soos modernisme, postmodernisme en sosiale konstruksionisme bespreek word. Daar sal aangedui word hoe die sosiale konstruksiediskoers die konstruering van kennis en betekenis binne die landbouomgewing konseptualiseer.

Die sosiaal-konstruksionistiese diskoers help ons om die wyse waarop ons ons sosiale en interpersoonlike realiteit konstrueer, en die betekenis wat geskep en ervaar word, te ontdek. Anderson & Goolishian (1994) sien menslike sisteme gelyk as taal-genererend en as betekenis-genererend.

*Sosiale konstruksionisme binne die verband van my studie*

'n Studie wat landbou-ondernemers en kontekstuele faktore tot blote objekte van waarneming reduseer, sou kwalik tot 'n proses van aktiewe deelname aan die navorsingsprojek kon bydra. Maar waarom aktiewe deelnemers by die navorsing betrek? Omdat, wanneer daar anders oor kennis gedink en gepraat word, dit my gevolgtrekking is dat kennis geskep word waar mense in die gang van hul sosiale lewe met mekaar in interaksie tree. Wanneer die kollig op die boer binne die veranderde sosio-politieke omgewing in Suid-Afrika val, kom 'n mens onder die indruk van die kompleksiteit van die situasie. Met die verandering van 'n minderheidsregering na 'n demokratiese regering het die boer se posisie oornag van dominant na gemarginaliseerd verander. Daarmee saam het grond, en dus boere, die fokus van Afrikane se hunkering na grond geword.

Aangesien die makro-ekonomiese omgewing ook verander het, moes boere hul landbou-aktiwiteite binne 'n wêreldlandboumark situeer. Om gedrag of fenomene tot oorsaak en gevolg te reduseer is eenvoudig net te simplisties. Ons is mens nie net binne ons klein en

geborge gesinsisteem nie, maar ook nasionaal en internasionaal waar ons deur verskeie diskoerse beïnvloed en gevorm word. Wanneer boere hul stories vertel, is dit nie bloot die beskrywing van 'n eksterne realiteit en ervarings wat vasstaan nie, maar die resultaat van 'n gemeenskaplike en wederkerige sosiale konstruksieproses wat oor tyd verander. Dit bring my by my vertrekpunt wat 'n paradigmaskuif van die tradisionele modernistiese tradisie na die postmodernisme behels.

Soos ek dit verstaan, moet ons in ons denke oor wat kennis is, van *metaphors of finding* (byvoorbeeld "ek het 'bevind' dat iets die geval is") afsien en, soos Van Niekerk (2007) aandui, ons denke oor kennis met *metaphors of making* vervang. Dit behels die insig dat alle wetenskap pragmatiese konstruksies is wat ons ontwerp om ons lewe leefbaarder te maak en dus nie *onthullings* is van wat *werklik die geval* is nie. Hierdie siening is binne die filosofiese klimaat van die postmodernisme gevestig.

### ***Postmodernisme***

Postmodernisme kan op verskeie maniere gedefinieer word, maar word meestal gebruik om te verwys na die kulturele uitdrukkings van 'n postmoderne tyd waarin opvattings soos waarheid, objektiwiteit, rede en ander dominante narratiewe deur opvattings soos diversiteit, onstabiliteit, fragmentering en onbepaalbaarheid, vervang is (Cromby & Nightingale, 1999). Volgens Becvar & Becvar (2000) kan postmodernisme as 'n kritiek eerder as 'n era gedefinieer word. Anderson (in Becvar & Becvar, 2000) sluit daarby aan:

> "Postmodernism has emerged as an alternative form of inquiry among theoreticians and scholars across disciplines who are in the midst of questioning the metanarrative, the certainty and the methods and practices of modernism in traditional science, literature, history, art and the human sciences and who are exploring alternative conceptions and descriptions" (p.88).

Postmodernisme verteenwoordig die bevraagtekening en verwerping van die fundamentele aannames van modernisme wat op verskeie vlakke die aannames van die Verligting reflekteer. Die Verligtingsprojek was daarop gemik om die waarheid te soek en die ware aard van die realiteit deur die toepassing van rede en rasionaliteit vas te stel. Die Verligting het gekom in reaksie op die Middeleeue – toe die kerk namens die individu bepaal het wat as

waar aanvaar kon word. Die Wetenskap het vervolgens as teenvoeter ontwikkel (Burr, 1995). Die modernistiese beweging was besonder simpatiek teenoor die empirisme, wat as kenteoretiese opvatting alle ware kennis op die een of ander vorm van sintuiglike ervaring baseer het. Die betekenis van ’n uitspraak het vir die moderniste afgehang van die feit dat dit geverifieer kon word. Volgens hierdie beweging is die basis waarop die standaard wetenskaplike beskouing sou berus, dié van objektiwiteit, universeel-geldende norme en sintuiglike waarneming. Dit het aanleiding gegee tot ’n objektief-meetbare en waardevrye wetenskap. So is gedrag tot die laagste gemene deler gereduseer, waarna daar op individuele gedrag of interne aspekte gefokus is. Die resultaat was individuele sielkunde wat staatgemaak het op die krag van die wetenskap en die kennis van die objektiewe ekspert, wat skynbaar die waarheid oor bepaalde realiteite in pag gehad het (Becvar & Becvar, 2000).

Gergen (1999) argumenteer dat dít die wyse is waarop kulturele imperialisme ontstaan. Ons wetenskaplike waarhede word nie meer net as *ons* s’n beskou nie, maar word as die universele waarheid – waarmee ons ander antagoniseer en onderdruk – beskou.

Wanneer die moderniste egter voor die bevraagtekening van objektiewe kennis en absolute waarhede te staan kom, erken hulle dat realiteite subjektief is, wat ’n multivers van moontlikhede skep. Feite word verplaas deur perspektiewe wat ewe waar is. Een van die belangrikste aspekte in hierdie skuif – van ’n geloof in feite na ’n bewustheid van perspektiewe – is die mate waartoe die aandag op diskoers en die rol van taal gevestig word (Becvar & Becvar, 2000). Dit berei die weg voor vir sosiale konstruksionisme.

### *Sleutelvertrekpunt van ’n sosiale konstruksiediskoers*

Sosiale konstruksionisme sien diskoers oor die wêreld nie as ’n refleksie of kaart van die wêreld nie, maar as ’n artefak van die gemeenskaplike wisselwerking tussen mense. Wanneer sosiale konstruksionisme ter sprake kom, moet daar eerder van ’n gedeelde bewussyn as ’n beweging gepraat word. Met hierdie nuwe denke word algemeen-geldende kennis in twyfel getrek, wat die fondasie van sielkundige kennis voor kritiese bevraagtekening of bevryding te staan bring (Gergen, 1985). Gergen redeneer dat sosiale konstruksionisme nie as ’n sielkundige teorie gesien moet word nie, maar eerder as ’n perspektief of oriëntasie ten opsigte van sielkundige konstrukte van kennis. Die fokus val eerder op die proses as op die produk, en die prosesse waarvolgens realiteite gekonstrueer word, is van groter belang.

Sosiale konstruksionisme funksioneer op ’n teenoorgestelde vlak as teorieë: dit is ’n vrymakende agent, daag algemeen-geldende waarhede uit en maak nuwe ruimtes vir begrip en aksie oop. Dit funksioneer deur onsekerheid te skep en skeppingsmoontlikhede daar te stel.

Die belangrikste vertrekpunt van die sosiale konstruksiediskoers is myns insiens dat kennis deur sosiale prosesse geskep word. Volgens Burr (1995) impliseer sosiale konstruksionisme dat die realiteit konstant gekonstrueer word en dat hierdie konstruksies deur taal geskied – waar individue uit ’n bepaalde kultuur, gemeenskap of sosiale konteks en op ’n bepaalde tyd en plek bymekaarkom. Die betekenisse wat die lede van ’n groep konstrueer wanneer hulle met mekaar in wisselwerking tree, behels oortuigings, waardes, instellings, gebruike, wette, etikette, onderskeid ten opsigte van arbeid, ensovoorts, wat karakter aan ons sosiale realiteite gee. So konstrueer samelewings die lense waarmee hul lede die wêreld interpreteer (Freedman & Combs, 1996).

Daar is nie een, enkele eienskap wat die sosiaal-konstruksionistiese posisie beskryf nie. Volgens Burr (1995) kan enige benadering wat in een of meer van die volgende sleutelaannames gefundeer is, met hierdie posisie geassosieer word, naamlik: ’n kritiese posisie teenoor algemeen-geldende kennis; historiese en kulturele spesifiekheid; die instandhouding van kennis deur sosiale prosesse; en die feit dat kennis en sosiale aksie hand aan hand gaan.

*Kritiese posisie teenoor algemeen-geldende kennis*

Volgens hierdie benadering bepaal die sosiaal-konstruksionistiese posisie dat alle vorme van kennis, wetenskaplike kennis ingesluit, geproduseerde beelde van die wêreld is en funksioneer asof dit die waarheid is (Banister, Burman, Parker, Taylor & Tindall, 2002). Volgens die gemelde outeurs beteken dit nie dat die sosiaal-konstruksionistiese benadering teen die wetenskap is nie, maar dat ’n meer skeptiese siening jeens die funksionering van die wetenskap gehandhaaf word. Die sosiale konstruksiediskoers is gekant teen die idee dat ons die werklikheid kan waarneem soos dit inderdaad is. Burr (1995) wys daarop dat die sosiale konstruksiediskoers ’n mens daarteen waarsku dat aannames oor hoe die wêreld *blyk* te wees altyd met suspisie bejeën moet word. Niemand neem die werklikheid op dieselfde manier

waar nie. Dit bring 'n mens tot die besef dat die realiteit waarmee ons werk nie iets tasbaar daarbuite is nie, maar iets is wat ons saam konstrueer en dus ook saam kan verander.

*Historiese en kulturele spesifiekheid*

Volgens Gergen (1985) kan die terme waarvolgens die wêreld verstaan word, as sosiale artefakte (produkte van die historiese, gesitueerde wisselwerking tussen mense wat in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan) beskou word. Die verskeidenheid wêreldkonstruksies vra dus 'n ondersoek na hul historiese en kulturele basis. Gergen (1985) wys daarop dat hierdie konstruksies beduidendende verandering oor tyd ondergaan.

In hierdie verband verwys Gergen (1985) ook na die sosiale oorsprong van algemeen-aanvaarde aannames oor die verstand, byvoorbeeld die bifurkasie tussen rede en emosie, die voorkoms van motiewe en herinnerings, en die simboliese sisteem wat taal onderlê. Burr (1995) sluit daarby aan deur te argumenteer dat teorieë en verklarings in die sielkunde tyd- en kultuurgebonde is en nie as algemeen-geldende konstrukte aanvaar kan word nie. Sosiale konstruksionisme rig ons aandag op die sosiale-, morele-, politieke- en ekonomiese instellings wat deur die heersende aannames oor menslike aktiwiteit ondersteun en in stand gehou word.

*Kennis word deur sosiale prosesse geskep en in stand gehou*

Tradisionele aannames maak aanspraak op objektiwiteit, essensialisme en verteenwoordiging. Binne die postmodernisme bestaan daar nie essensies nie. Kennis word sosiaal bekom en ondergaan verandering en hernuwing op enige gegewe oomblik gedurende interaksie. Die sosiaal-konstruksionistiese beweging sien kennis nie as verstandelike verteenwoordiging nie, maar as voorstellings van linguistiese proposisies. Kennis is dus nie iets wat in mense se gedagtes bestaan nie, maar eerder die gevolg van iets wat mense saamdoen (Freedman & Combs, 1996). Binne die veelvuldigheid van stories en die veelvuldige moontlikhede van die postmoderne multivers word daar geglo dat daar geen essensiële waarhede bestaan nie. Sielkundiges stel in alle tipe sosiale interaksies belang, maar veral in die gebruik van taal (Burr, 1995).

*Kennis en sosiale aksie gaan hand aan hand*

Wanneer mense met mekaar praat en onderhandel oor wat hulle as die waarheid verstaan, kan vele sosiale konstruksies van die wêreld tot stand kom (Burr, 1995). Aangesien daar geen essensiële waarhede is nie, is Freedman & Combs (1996) van mening dat daar vele moontlikhede is waarop ’n gegewe ervaring binne die veelvuldige stories van die postmoderne multivers geïnterpreteer kan word. Volgens Burr (1995) lok die onderskeie onderhandelde konstruksies ook verskillende reaksies by mense uit. Vryheidsvegters is byvoorbeeld deur die apartheidsregering tronk toe gestuur, terwyl die nuwe demokratiese regering in Suid-Afrika hulle spesiale voorregte gegee het.

*Taal en die sosiale konstruksiediskoers*

Wanneer mense met mekaar praat, word die wêreld gekonstrueer (Burr, 1995). Anderson & Goolishian (1994) sê in hierdie verband die volgende:

> “First, human systems are language-generating and, simultaneously, meaning-generating systems. Communication and discourse define social organization. A socio-cultural system is the product of social communication, rather than communication being a product of structural organization. All human systems are linguistic systems and are best described by those participating in it, rather than by outside ‘objective’ observers” (p.27).

Taal is dus meer as wat tussen die spreker en die hoorder gebesig word. Dit kom te voorskyn deur die kulturele praktyke wat aan menslike interaksie gestalte gee. Menslike ervaring en aksie word dus altyd deur taal bemiddel en word as ’n aktiewe verhoudingsproses met werklike effekte eerder as ’n passiewe verteenwoordigingsmedium gesien (Monk & Gerhart, 2003). Becvar & Becvar (2000) sluit hierby aan deur te meld dat taal die wyse is waarop individue kennis oor hul wêreld bekom en dat dié *kennis* terselfdertyd gebruik word om die wêreld te konstrueer.

Anderson (1997) onderskryf hierdie siening deur na die generatiewe aard van taal te verwys. Nie net word ons in taal gebore nie, maar ons erf ook alles wat daarmee saamgaan, naamlik geskiedenis, kultuur en tradisies. Taal is die medium waardeur ons ons lewe bestuur en dit

met ander deel. Dit is die primêre wyse waarvolgens ons ons realiteite, wêrelde, observasies en begrippe konstrueer. Dit geskied deur interaksie binne ons verhoudings met ander.

*Die self*

Volgens die sosiaal-konstruksionistiese konsep bestaan die ervaring van die self in die daaglikse en voortgesette interpersoonlike kontak met ander. Weingarten (in Freedman & Combs, 1996) redeneer dat die self hom- of haarself konstrueer deur narratiewe wat ander mense insluit en mettertyd in hierdie selfnarratief ingeweef word. Hoffman (1994) verwys metafories na die self as ’n bewegende geskiedenis soos ’n stroom water. Volgens Anderson (1997) word die gekonstrueerde narratief deur sosiokulturele, historiese en politiek-veranderende diskoerse geïnterpreteer en beïnvloed, en bly dit dus oop vir konstante hersiening te wees.

Tradisionele ondersoeke na selfopvattings het na die self as ’n stabiele entiteit binne die individu gekyk (Gergen & Gergen, 1997). Verskeie meetinstrumente is ontwikkel om die struktuur, inhoud en evaluerende onderbou van die individu se selfopvatting op ’n gegewe tydstip te ondersoek. Verder is daar gefokus op die onderskeie faktore wat ’n effek op die konseptualisering van die individuele self kon uitoefen. Volgens Gergen (1997) ontken of bevestig sosiale konstruksionisme nie die bestaan van hierdie konseptualiserings van die self nie. Dit wil eerder verhoed dat ’n fundamentele ontologie bó die konstruering van die betekenis van die self, wat in ’n voortgesette, sosiale proses gewortel is, aanvaar word.

Sosiale konstruksionisme veronderstel dat die self nie ’n entiteit of ’n onafhanklik-funksionerende eenheid is nie. Daar is nie ’n ek-kern nie en geen tasbare entiteit wat binne-in gevind kan word namate die lae van die persoonlikheid afgeskil word nie. Selfs al kan daar geredeneer word dat die self uit verskeie komponente saamgestel is, byvoorbeeld verskeie ervarings, verhoudings en stories, word dit nie alles tot ’n enkele entiteit of kern-self verreken nie. Die self word eerder as ’n linguisties-geskepte konsep en narratief in dialogiese verhoudings gesien. Hiervolgens is die self ’n dialogiese narratief opsigself en is identiteit ’n dialogies-narratiewe identiteit. In ’n sosiaal-konstruksionistiese ondersoek na die self sal die navorser dus meer geïnteresseerd wees in die wyse waarop mense hulself teenoor ander in ’n gesprek handhaaf en hoe hulle deur gespreksafhanklike verhoudings van hul omgewing en

ervarings sin maak (Anderson, 1997). Die self is daarom altyd in wording binne gesprekke waardeur mense probeer om van die wêreld en hulself sin te maak.

*Selfrefleksie*

Refleksiwiteit, volgens Lax (1994), is die kapasiteit van enige sisteem om betekenisvol na homself te kyk en die objek van sy eie observasie te word. Waar ekself, as outeur, ook objek van my eie observasie moes word, was ek maar te bewus van die verskillende ek-posisies ten opsigte van die pluraliteit van perspektiewe, wêrelde en veelstemmigheid. In hierdie ruimte het die verskillende stemme in dialogiese verhouding tot mekaar getree en gepoog om hul eie outoritêre en onafhanklike stempel af te druk op hierdie navorsingsverhaal. Vir my het die dialoog en inherente spanning tussen die standaard wetenskaplike beskouing en die postmodernisme ongemak en onsekerheid meegebring. Die konstruksionele, intellektuele spasie wat ek deur die metafoor van sosiale konstruksionisme (met sy ruimte vir refleksie, heroorweging en moontlike rekonstruksie) betree het, het nie bloot (soos Gergen (2001b) beweer) die emansipatoriese potensiaal gebied om buite die *algemeen-geldende* en die beklemmende greep van die gemeenplase te kon tree nie. Hierdie sosiaal-konstruksionistiese perspektief het ook spanning geproduseer omdat dit nóg vir die toepassing van bekende navorsingsraamwerke nóg vir die beginsel dat die waarheid ontdek kan word, voorsiening maak.

Hierdie deel van my reis was vreesaanjaend, maar tog opwindend. Ek moes buite die tradisie van subjek en objek tree en my lens op die proses van kennis instel. Ek het myself begin ervaar as ’n persoon in proses wie se doelwit aanvanklik vaag en onduidelik was. My ervaring sluit aan by Weingerten (in Freedman & Combs, 1996) dat die ervaring van die self in voortgesette wisselwerking met ander voorkom en bestaan. Die self konstrueer hom- of haarself voortdurend deur narratiewe wat ander mense insluit en wat wedersyds in hierdie narratiewe ingeweef is. Dit staan in kontras met die beskouing van die self as vel-omringde houer waarbinne ’n gefikseerde inhoud aangetref word (Freedman & Combs, 1996).

*Diskoers*

Mense word in stories gebore en hul sosiale en historiese kontekste nooi hulle gedurigdeur uit om sekere stories te onthou en te vertel, en ander uit te laat. Freedman & Combs (1996) toon

aan dat diskoerse ’n vrugbare teelaarde vir die konstruksies van stories skep. Diskoers dui kortliks op ’n verwysingsraamwerk en dus ’n manier om die wêreld te interpreteer (Burr, 1995). Hare-Mustin (in Freedman & Combs, 1996) beskryf ’n diskoers as ’n sisteem van stellings, praktyke en institusionele strukture wat ’n algemene waarde deel en ’n spesifieke siening ondersteun. Mills (2004) wys verder daarop dat diskoers ’n kernkonsep geword het wat wyd in die geesteswetenskappe en ander dissiplines gebruik word, en dat dit verder as die dissipline van die linguistiek en semiotiek strek. Diskoersanalise bied belangrike insigte in ’n gekonstrueerde sosiale wêreld, dié wêreld wat in en deur taal van die een moment tot die ander deur die sosiale interaksie van alledaagse gesprekke aan ons lewe vorm gee.

Wanneer diskoerse met die politieke diskoers in Suid-Afrika vóór die vestiging van ’n demokratiese regering in 1994 in verband gebring word, is die swart bewoners van Suid-Afrika nie toegelaat om ’n persoonlike narratief oor grondbesit te kon skryf nie. Die politieke diskoers het aan swartmense voorgeskryf dat hule net grond in die onafhanklike selfregerende tuislande vir hulself kon bekom en is so uitgesluit van die dominante landbou-diskoers in Suid-Afrika.

*Diskoerse en mag*

Die verhouding tussen mag en diskoers staan sentraal in die werk van die Franse filosoof en geskiedkundige Michel Foucault, en het ook na sosiale konstruksionisme deurgesypel. Mag verskyn en funksioneer in diskoerse en daarom word diskoersanalise as ’n nuttige analitiese metode beskou om die proses waarvolgens mag voorkom en funksioneer uit te wys (Cromby & Nightingale, 1999). Foucault beskryf hoe ’n samelewing se dominante diskoerse sommige groepe marginaliseer en ander bemagtig. Hy toon aan hoe stories diskoerse dra, wat sekere stemme stilmaak en ander weer ondersteun (Monk & Gerhart, 2003). Vir Foucault is taal ’n instrument van mag, en die mag wat mense in ’n samelewing het, staan direk tot hul vermoë om deel te neem aan die verskillende diskoerse wat die samelewing vorm. So bestaan daar ook ’n direkte skakel tussen kennis en mag en die diskoerse van ’n samelewing. Dit bepaal watter kennis as waar, reg of toepaslik beskou word, sodat diegene wat die diskoers beheer, ook beheer oor kennis uitoefen (Freedman & Combs, 1996).

Ek stel belang om insig te bekom oor watter uitwerking hierdie mag/kennis-konstrukte, wat uitdrukking vind in die vorme van kennis, paradigmas, teorieë, waarhede, doktrines en

oortuigings, op die lewe van boere het. Hoe dit werk, wie bevoordeel word en wie benadeel word. Die fokus verander dan van wat ’n diskoers is na wat ’n diskoers doen.

*Dekonstruksie*

In dekonstruksie word daar gefokus op die gapings in en dubbelsinnigheid van teks. Ek wil daarop wys dat die algemeen-geldende betekenis van ’n teks maar een van vele betekenisse is. In dekonstruktiewe luister word daar volgens Freedman & Combs (1996) op só ’n wyse geluister dat gapings in die teks opgespoor kan word. Daar word met ander woorde geluister vir aspekte van mense se lewensnarratiewe wat nog nie as stories vertel is nie. Volgens die Franse dekonstruksieteoretikus Jaques Derrida is taal ’n sisteem van tekens wat nie oor ’n inherente positiewe of negatiewe waarde beskik nie, sodat waarde deur die proses van betekenisgewing daaraan geheg word. ’n Woord sluit outomaties al die eienskappe van die woord self, sowel as die woord in verhouding tot ander woorde wat nie teenwoordig is nie, in. Dit gee aanleiding tot verskille tussen en spanning oor dit wat gesê is en dit wat nie gesê is nie. Hierdie spanning maak dit moontlik dat nuwe begrippe gevorm kan word – nie volgens dualiteit nie, maar volgens ’n beide-én-posisie. Wanneer ons poog om die wêreld te dekonstrueer, mag die onverwagte wat in die teks verskyn ons siening tot ’n nuwe siening omvorm (Lax, 1994).

Hierdie sleutelaannames van die sosiale konstruksiediskoers het my gelei na ’n navorsingsmetodologie wat volgens ’n kwalitatiewe benadering gedoen sal word. Die diskoersanalise sal daarna breedvoerig verduidelik word.

## ***Navorsingsmetodologie***

*Kwalitatiewe navorsing*

Ter aansluiting by die argumente tot dusver, behels die navorsingsmetodologie wat ek vir hierdie navorsingsprojek kies ’n kwalitatiewe benadering waarvolgens diskoersanalise gebruik word om die maniere te ondersoek waarop taal in die produksie van sirkulerende diskoerse in die Suid-Afrikaanse boerderykonteks aangewend word. Die diskoersanalise word binne die sosiaal-konstruksionistiese teorie gesitueer.

Ek vind die reismetafoor waarmee Kvale (1996) navorsing vergelyk baie gepas om my eie navorsing aan te koppel. Kvale stel die navorser voor as ’n reisiger wat onbekende terreine op sy of haar reis gaan besoek, wat uiteindelik daartoe lei dat ’n storie vertel word wanneer die reisiger tuis kom. Hierdie reis mag dalk nie tot nuwe kennis lei nie en die reisiger kan in die proses verander, aangesien die reis ’n refleksiewe benadering vereis. Dit kan veroorsaak dat die reisiger tot ’n nuwe verstaan van die self kom en voorheen algemeen-geldende waardes en gebruike onbloot word. Ek verduidelik vervolgens hoe die navorsingslens lyk waardeur hierdie navorsingsnarratief gekonstrueer sal word.

Ek handel eers breedweg met kwalitatiewe navorsing. Daarna bespreek ek die etiese dimensie, geldigheid en betroubaarheid, die onderhoud, die hantering van data, en die diskoersanalise binne hierdie konteks.

Om ’n beter begrip van kwalitatiewe navorsing te vorm kontrasteer ek dit met kwantitatiewe navorsing. Denzin & Lincoln (2000) wys daarop dat die woord kwalitatief op prosesse en betekenisse dui wat nie rigied ondersoek en gemeet kan word in terme van hoeveelheid, intensiteit of frekwensie nie. Navorsers plaas hier eerder die klem op realiteit wat sosiaal gekonstrueer word. Dit sluit die noue verhouding tussen die navorser, dit wat bestudeer word en die konteks van die ondersoek in. Daarteenoor is die hoofdoelwit by positivistiese navorsing om die teorieë oor ’n bepaalde fenomeen te toets sodat die navorsingsresultaat na ander kontekste oorgedra kan word en tot die liggaam van kennis wat oor tyd opgebou word, kan bydra. Die aanname word gemaak dat daar ’n objektiewe realiteit is wat ontdek en geken kan word. Om hierdie realiteit te ontdek moet die navorser ’n toetsbare hipotese genereer wat op ’n objektiewe manier getoets kan word (Terre Blanche & Durrheim, 1999). Kritiek hierop vanuit ’n sosiaal-konstruksionistiese perspektief (volgens die genoemde outeurs) is dat feite hanteer word asof dit neutraal en objektief is en wag om ontdek te word, terwyl feite in werklikheid konstruksies is van mense wat saam in ’n bepaalde ideologie optree. Die Westerse konsepsie van ’n objektiewe, individualistiese en a-historiese kennis word deur die sosiaal-konstruksionistiese perspektief gekonfronteer (Gergen, 1985). Dit sluit aan by die idee van Kuhn (in Kotze, Myburg, Roux & Associates, 2002) dat kennis nie langer die wêreld soos wat dit is verteenwoordig nie, maar dat kennis as ’n verwysing na ons interpretasies verstaan moet word. Dit resulteer in realiteite wat sosiaal deur mense in spesifieke kontekste met spesifieke doelwitte gekonstrueer word en hou werklike politieke en etiese gevolge in.

Ons sus dus onsself as sogenaamde onafhanklike denkers dat ons eie waarheid die werklikheid van ons omgewing akkuraat weerspieël.

Sosiale konstruksionisme lê binne hierdie kwalitatiewe navorsingsterrein ingebed. Sosiale konstruksionisme resoneer die aannames van kwalitatiewe navorsing omdat die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie dit ten doel het om verteenwoordigende epistemologieë uit te daag deur te beweer dat die fokus om te *ken* nie 'n passiewe proses behels nie, maar 'n aktiewe proses is (Schwandt, 2000).

'n Hooftema in hierdie navorsing sluit aan by die stelling wat Kvale (1996) maak dat die produksie van kennis interafhanklike, menslike interaksies betrek. Wanneer die tradisionele doel van navorsing as die akkumulering van statiese *produkte* of bevindinge deur kennis as die generering van 'n kommunikatiewe proses vervang word, word die hoofdoelwit van kwalitatiewe navorsing die daarstelling van produktiewe verhoudingsvorme (Gergen & Gergen, 2000).

Dit het die bewussyn by my as navorser geskep om my eie refleksiwiteit as 'n persoon wat vanuit 'n spesifieke posisie, op 'n spesifieke tyd, en met 'n spesifieke agenda skryf te erken (Richardson, 2000). Gergen (2001a) beskryf die rol van refleksiwiteit as volg:

> "Reflexivity is the attempt to place one's premises into question, to suspend the obvious, to listen to alternative framings of reality, and to grapple with the comparative outcomes of multiple standpoints" (p.50).

Volgens Gergen & Gergen (2000) moet wetenskaplike ondersoekers soek na maniere om hul gehoor van hul historiese en geografiese gesitueerdheid, hul persoonlike belang in die navorsing, hul eie vooroordele, verrassings en ondergang (*undoings*) in die proses van navorsing, hul literêre keuses, asook die wyse waarop hulle sekere uitgangspunte vermy of onderdruk het, bewus te maak. Gergen (1998) sluit hierby aan deur te argumenteer dat sosiale wetenskaplikes nie net lede van hul kultuurgroep is nie, maar ook deel van 'n interpretiewe groep binne die akademiese domein uitmaak. Hierdie gemeenskap besit 'n geskiedenis van tekstuele formulerings en interne begrippe oor die aard van menslike gedrag. 'n Wetenskaplike funksioneer dus binne die begripsraamwerk van hierdie groep, waarvolgens hulle voorgeskryf en beperk word wanneer 'n persoon of konstruk ontleed word. In hierdie

verhandeling was dit byvoorbeeld vir my noodsaaklik om die teks deurentyd van verwysings te voorsien en om op akademiese taalgebruik te let.

Die studie gebruik diskoersanalise om sosiale fenomene te belig as synde diskursief gekonstrueer en onderhou. Alhoewel die diskoersanalise op taal gedoen word, word taal nie as die resultaat van ’n persoon se individualiteit beskou nie. Taal word eerder gesien as ’n werktuig waarmee die individu se subjektiwiteit binne ’n historiese en kultureel-spesifieke omgewing gekonstrueer word. Daarom reflekteer taal nie sosiale realiteit nie, maar produseer dit betekenis en skep dit sosiale realiteit. Betekenis wat deur individue gevorm word, hang van die beskikbare diskoerse af (Richardson, 2000), net soos wat elke diskoers terselfdertyd uit ’n gemeenskap van taalgebruikers ontwikkel (Gergen, 2001a).

*Navorsingskwaliteit*

Die kwaliteit van hierdie navorsing word bevorder deur ’n posisie en metodologie wat kongruensie, etiese optrede en geldigheid vooropstel. Volgens Lincoln & Guba (2000) is dit vir die navorser belangrik om te weet of die sosiale ondersoeke wat oor menslike konstruksies gedoen word, getrou genoeg is dat lede van ’n gemeenskap daarvolgens kan optree.

*Etiese dimensie*

Die doel van etiese navorsing is om die belange en regte van die navorsingsdeelnemers te beskerm. Volgens Terre Blanche & Durrheim (1999) moet drie belangrike etiese beginsels nagekom word, naamlik:

1) Outonomie van deelnemers deurdat deelnemers ingeligte toestemming tot die ondersoek moet gee en dit te eniger tyd kan onttrek – anonimiteit betreffende publikasies is ook hier te sprake
2) Nie-kwaadwilligheid behels dat geen kwaad aan die deelnemers gedoen sal word nie
3) Die laaste beginsel is dié van voordeel (Indien die navorsingsdeelnemers nie direk by die navorsing baat nie, moet die samelewing of ander navorsers daarby baat vind.)

Wanneer die navorser verantwoordelikheid vir deelname in die sosiale konstruksie en onderhoud van die gedeelde realiteit van die sosiale en kulturele gemeenskap aanvaar, word rasionele belange aan morele en etiese belange gekoppel. Die etiese dimensie behels meer as die beveiliging van die individuele regte van die menslike *subjekte*. Dit is 'n erkenning daarvan dat die implisiete doel van empiriese metodologie die verstaan van natuurlike wette is, met die doel om dit onder die terrein van voorspelling en kontrole te bring en te erken dat dit 'n ontoereikende en dalk selfs onetiese agenda van die geesteswetenskaplike navorser is (Kvale, 1989). Volgens Brinkmann & Kvale (2005) kom etiese probleme in kwalitatiewe navorsing na vore weens die komplekse aard daarvan om mense se private lewe te ondersoek en dan in die openbare arena daaroor verslag te doen.

Volgens Kotze et al. (2002) is ons almal in 'n netwerk van mag of kennis vasgevang en is dit nie moontlik om afsonderlik daarvan op te tree nie. Die outeurs argumenteer volgens die teorie van Foucault naamlik dat mag en kennis onafskeidbaar is. Kennis in die vorm van normaliserende waarhede wat vasstaan op grond van 'n objektiewe realiteit en dus nie betwis mag word nie, is geneig om onderdrukkend (*subjugating*) te wees. Taal word dan 'n instrument van mag en mense bekom mag in die samelewing in direkte verhouding tot hulle vermoë om aan die verskeie diskoerse deel te neem wat in die samelewing ingebed lê (Freedman & Combs, 1996). Burr (1995) argumenteer dat as diskoerse ons kennis van die wêreld en ons algemene verstaan van dinge reguleer, en wanneer hierdie gedeelde begrippe ons sosiale praktyke rig, dit duidelik word dat daar 'n intieme verhouding tussen diskoers, kennis en mag bestaan. Die etiese uitdagings vir die navorser is eerstens om toestande te skep wat 'n kritiese beskouing van eie werksaamhede sal aanmoedig en tweedens om die konteks van idees waarbinne navorsingspraktyke se historiese oorsprong gesitueer is te verken (Kotze et al. 2002).

Brinkmann & Kvale (2005) wys daarop dat etiek nie iets universeels is nie, maar dat dit 'n gekonstrueerde produk van kulturele diskoers is. Om objektief te kan wees beteken dat navorsers hulself as deel van 'n samelewing en hul werk as deel van 'n bepaalde projek en geskiedenis sal verstaan. Vir navorsers om eties te wees beteken volgens hierdie outeurs om openhartig met mense te wees en tot hulle voordeel op te tree. Daar moet dus gepoog word om ander te sien soos wat hulle werklik is, eerder as om eie idees en vooroordele aan hulle op te dring.

Spesifikasies waaraan in die konstruering van hierdie navorsingsprojek voldoen sal word en waarna Brinkmann & Kvale (2005) as mikro-etiek verwys, is soos volg:

- Rou data sal veilig bewaar word (in ’n kluis by die Universiteit van Pretoria).
- Ingeligte toestemming sal van alle deelnemers verkry word. Hierdie etiese prosedure sal onderneem word met behulp van ’n amptelike toestemmingsvorm wat deur navorsingsdeelnemers voltooi sal word.
- Navorsingsdeelnemers sal oor die aard van die navorsing en hulle reg om te eniger tyd te onttrek ingelig word.
- Nadelige gevolge sal vermy word en die navorser sal haar rol ten alle tye in gedagte hou. Die navorser sal aan die einde van die projek beskikbaar wees en navorsingsdeelnemers sal vir terapie verwys word, sou dit nodig wees.
- Die navorser sal inligting en aktiwiteite rakende hierdie navorsingsprojek vertroulik hanteer en die anonimiteit van al die deelnemers aan die navorsingsprojek verseker.

Makro-etiek behels dat die navorser gevoelig sal wees vir die wyse waarop geproduseerde kennis in die wyer kultuur sirkuleer en hoe dit mense en die samelewing kan affekteer.

*Die onderhoud*

Kvale (1996) sien die onderhoud as ’n gesprek waar die uitkoms ’n gesamentlike produk van die onderhoudvoerder en die navorsingsdeelnemers is. Deur met mense te praat kan daar bepaal word hoe mense hul lewe en wêreld verstaan. Die kwalitatiewe navorsingsonderhoud poog dus om die wêreld vanuit die navorsingsdeelnemer se perspektief te verstaan, om sodoende die betekenis van mense se ervarings te laat ontvou en hulle geleefde wêreld vir wetenskaplike verduideliking bloot te lê. Die navorser stel belang om meer te wete te kom oor die lokale kennis waaroor die navorsingsdeelnemers beskik. Verder sal daar gepoog word om begrip te ontwikkel vir die invloed wat dominante kulturele stories op mense uitoefen (Freedman & Combs, 1996). Kvale (1996) noem dit ’n konstruksieterrein van kennis waar die onderhoud as gesprek gehandhaaf word.

Brinkmann & Kvale (2005) wys op die magseienskappe van die onderhoudsituasie wat kan voorkom wanneer ’n onrefleksiewe en kwalitatiewe etiese posisie ingeneem word. Volgens

hulle is die onderhoud nie ’n dominant-vrye dialoog tussen gelyke vennote nie omdat die navorser se navorsingsprojek en kennisbelang die agenda bepaal en die gesprek oorheers. Ek, as navorser moet dus bewus wees van die mag wat deur die navorsingsdiskoers aan my verleen word. Watter metode moet dan toegepas word?

Wanneer daar na ’n metode gesoek word, moet die navorser sy of haar eie weg binne die bestaande literatuur oor kwalitatiewe navorsing vind (Kvale, 1996). Die onderhoud word as handwerk (*craft*) beskou, wat tot ’n kunswerk ontwikkel moet word. Goeie onderhoude vereis ondervinding in menslike interaksie en in die onderwerp onder bespreking.

*Geldigheid en betroubaarheid*

Alle navorsing gaan daaroor om ’n idee te ondersoek wat dan in ’n navorsingsprobleem omskryf word. Hierdie probleem word vervolgens op ’n sistematiese en beplande wyse ondersoek. ’n Metode vir datainsameling en -analise word gevind en die bevindinge word in ’n navorsingsverslag aangeteken. Hierdie formele navorsing vind meestal in ’n akademiese konteks plaas en ’n hoë premie word op die kwaliteit daarvan geplaas (Terre Blanche & Durrheim, 1999).

Wanneer die vraag na geldige kennis van die sosiale wêreld gevra word, meen Kvale (2002**)** dat dit ook ’n filosofiese aspek betrek. Binne die filosofie word daar tussen drie klassieke kriteria oor waarheid onderskei, te wete ooreenkoms, pragmatiese gebruik en samehangendheid. In die positivistiese wetenskap word die geldigheid van kennis uitgedruk in terme van hoe dit met die objektiewe realiteit ooreenstem. Pragmatiese gebruik is verwant aan die waarheid van ’n kennisstelling en die praktiese konsekwensies daarvan. Samehangendheid verwys na die interne logika van ’n stelling en die konsekwentheid daarvan. Daarom bring die vraag na ware en geldige kennis ons voor die digotomie van objektivisme en relativisme te staan. Bernstein (in Kvale, 1995) argumenteer ten gunste van ’n dialogiese siening van waarheid. Die soeke na ware kennis geskied volgens Bernstein aan die hand van rasionele argumente deur deelnemers aan die diskoers. Die medium van die diskoers is taal wat nóg objektief of universeel nóg subjektief of individueel, maar intersubjektief is. Daarom moet ’n ruimte vir alternatiewe metodes, teorieë en afleidings ten opsigte van die sosiale realiteit geskep word, wat kollektief nuwe en vars moontlikhede vir sielkundige navorsing en praktyk bied (Neimeyer, 1998). Binne hierdie ruimte kan feite nie

ontdek word nie, maar word dit deur mense in interaksie geproduseer. Daarom word die diskoersanalise wat in hierdie navorsing gebruik word, as die gepaste metodologie beskou.

Geldigheid en betroubaarheid is konsepte wat hoofsaaklik deur die positivistiese navorsingsparadigma gekonseptualiseer is om die kwaliteit van navorsing te bevorder. In die spreektaal verwys geldigheid volgens Kvale (2002) na die waarheid en korrektheid van ’n stelling en volgens Terre Blanche & Durrheim (1999) na die mate waartoe die navorsingsbevindinge as betroubaar beskou kan word. Die vraag is dus of ons in navorsing meet wat ons dink ons meet. Volgens Burr (1995) behels betroubaarheid die vereiste dat die navorsingsbevindinge gedupliseer kan word en dus nie die produk van ’n tydelike en gelokaliseerde voorval is nie.

Wanneer kennis vanuit ’n sosiaal-konstruksionistiese paradigma bekyk word, word die modernistiese beskouing dat ware kennis ’n spieëlbeeld van die werklikheid is, deur ’n postmoderne beskouing van kennis as ’n sosiale konstruksie verplaas (Kvale, 1995). Die probleem van geldigheid vir hierdie navorsing lê daarin dat die term uit die positivistiese navorsingsparadigma oorgeneem is (Macleod, 2002). Daarvolgens kan geldige kennis deur logiese en empiriese metodes versamel word, terwyl objektiewe en verifieerbare feite oor die voorwerp wat ondersoek word, gevind kan word. Algemene menslike gedragswette, waarvan die geldigheid deur hulle ooreenkoms met ’n waarneembare, buite-teoretiese realiteit vasgestel is, is op hierdie wyse ontdek.

Wanneer ons vervolgens na ’n konstruksionistiese diskoers oor geldigheid en betroubaarheid gaan kyk, moet die leser in gedagte hou dat konstruksionisme die aanname maak dat daar geen finale beskrywings van die wêreld kan wees nie en dat hierdie beskrywings onlosmaaklik deel van ons diskoerse omtrent die wêreld is. Alle beskrywings van die wêreld is ook kultuur en histories spesifiek (Burr, 1995). Daarom argumenteer Burr dat die konsepte van geldigheid en betroubaarheid ontoepaslik is om die kwaliteit van sosiaal-konstruksionistiese navorsing te beoordeel. Healy & Perry (in Golafshani, 2003) maak die stelling dat elke paradigma volgens die aannames van die spesifieke paradigma beoordeel moet word. Die begrippe van geldigheid en betroubaarheid moet dus geherkonseptualiseer word. Verskeie outeurs het ’n aantal konstruksies oor geldigheid en betroubaarheid saamgestel en die aspekte wat vir hierdie studie van belang is, word kortliks bespreek.

*Fokus op proses kan geldigheid verbeter:* Waar daar in positivistiese navorsing op strukture gefokus word, fokus die kwalitatiewe navorsing op die proses. Golafshani (2003) verwys na die navorsingsoudit (*inquiry audit*) as 'n maatstaf wat betroubaarheid kan verbeter, alhoewel nie waarborg nie. Hiervolgens word die ontwikkelingsverloop van die analise gedokumenteer. Alle dokumente en notas wat vanaf die aanvang van hierdie navorsing gebruik is, sal gehou word en aan studieleiers of ander persone wat as klankbord opgetree het, beskikbaar gestel word. Dit kan gebruik word om die proses sowel as die produk van die navorsing te ondersoek. Die konsekwentheid van die data kan ondersoek word deur die stappe van die navorsing te verifieer, onder andere, deur die ondersoek van items soos roudata en prosesnotas. Geloofwaardigheid van navorsing berus volgens Morse, Barrett, Mayan, Olson & Spiers (2002) op 'n fokus op die verifikasieproses gedurende die studie. Dit beteken dat navorsing nie 'n liniêre verloop neem nie, maar vorentoe en agtertoe tussen ontwerp en implementering beweeg om die navorsingsproses te modifiseer indien dit nodig sou wees. Kvale (2002) verwys ook hierna as kommunikatiewe geldigheid wat behels dat die geldigheid van kennis-eise in dialoog getoets sal word.

*Vakmanskap as 'n uitdrukking van geldigheid:* Volgens Morse et al. (2002) is die navorsing net so goed soos die navorser. Eienskappe soos kreatiwiteit, sensitiwiteit, buigsaamheid en vaardighede om die verifikasiestrategieë te gebruik oefen 'n direkte invloed op die geldigheid en betroubaarheid van die ontvouende studie uit. Geldigheid as 'n kwaliteit van vakmanskap kom dan sterk na vore. Wanneer ek hierdie aspek op myself as navorser van toepassing maak, besef ek hoe belangrik my eie vaardighede en sensitiwiteit in dié verband is. Dit behels die wyse waarop ek met die teks in interaksie tree, of ek myself ken, en tot watter mate ek die selfverwysende aard van kennis in gedagte sal hou. Wanneer geldigheid as 'n uitdrukking van vakmanskap beskryf word, word die klem op die kwaliteit van die navorsing geplaas. Dit geskied deur kontrolering, bevraagtekening en teoretisering ten opsigte van die aard van die fenomeen wat ondersoek word (Kvale, 2002).

*Samehangendheid verhoog geldigheid:* Die samehangendheidskriterium kom na vore wanneer die klem op gemeenskapsdiskoerse val (Kvale, 1995). Kennis word hiervolgens 'n konstruksie van die gemeenskap se realiteit en behels 'n fokusverskuiwing van observasie na gesprek en interaksie (Kvale, 2002). Die navorsing fokus daarom nie net op die private narratiewe van boere nie, maar ook op die sirkulerende openbare narratiewe.

*Geldigheid as keuse tussen kompeterende interpretasies:* Die opvatting dat kennis ’n weerspieëling van die realiteit is, word verplaas deur kennis as ’n linguistiese en sosiale konstruksie van die realiteit. Geldigheid binne die postmoderne konteks behels dat daar tussen kompeterende en vervalsbare interpretasies gekies moet word en dat argumente oor die relatiewe geloofwaardigheid van alternatiewe argumente ondersoek en ontwikkel moet word (Kvale, 2002). Dit is my verantwoordelikheid in hierdie navorsing om die veelvuldige realiteite so deeglik as moontlik te verteenwoordig. ’n Voorbeeld hiervan is die wyse waarop verskillende taalgebruikers die diskoers oor veediefstal verskillend gebruik.

*Refleksiwiteit as ’n aspek van geldigheid:* Die belang van refleksiwiteit kom na vore waar die navorser sy of haar eie historiese en geografiese gesitueerdheid, persoonlike belang by die navorsing, eensydigheid en gekose literatuur ondersoek om te bepaal tot watter mate dit die retoriese rigting van die navorsing beïnvloed. Die self, wat ook *die mens as instrument* genoem word, word as ondersoeker én respondent, onderwyser én leerder, en as die een wat hom- of haarself binne die navorsingsproses leer ken, beskou (Lincoln & Guba, 2000). Durrheim (1997) verduidelik dit verder deur te verwys na hoe mense nuwe betekenis in verskuiwende kontekste produseer. Betekenis word deur die refleksiwiteitsproses geproduseer. ’n Fenomeen word verstaan deur dit teen ’n stel aksies binne ’n verwysingsraamwerk of diskoers te reflekteer. Dit lei tot veelvuldige persepsies van ’n enkelvoudige realiteit. As navorser moet ek dus deurentyd van my eie verwysingsraamwerk, sowel as die feit dat dit deel van die konstruksieproses uitmaak, bewus wees.

*Die insluiting van veelvuldige stemme:* ’n Verdere innovasie by pragmatiese geldigheid is dié van die insluiting van veelvuldige stemme in die navorsingsverslag. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur navorsingsdeelnemers te vra om die navorsingsverslag te interpreteer (Kvale, 1995). Morse et al. (2002) voeg by dat negatiewe gevalle, portuurondervraging, ouditproewe (dokumentasie oor die verloop van die analise, wat projek uitgevoerde besluitneming aantoon) en gepaardgaande betrokkenheid by navorsing ook geloofwaardigheid kan beïnvloed. In hierdie navorsing is my studieleiers dr. E. du Preez en me. A. Pauw deurlopend by die konstruksie van die navorsingsproses betrek.

*Die nuttigheid van navorsing as ’n beginsel van geldigheid:* Vir Gergen (2001a) skuif die fokus van die belang van geldigheid (*the map fits the territory*) na die uitdaging van bruikbare en nuttige begrippe. Hoe kan die storie wat ek vertel met behulp van hierdie

spesifieke teorie of navorsing gebruik word, deur wie en vir watter doel? Die generatiewe aspek van die navorsing is hier ter sprake, wat die uitdaging by die rapportering van bevindinge van *hoe dit is* na *hoe dit kan wees* sal verskuif. Morse et al. (2002) meld dat waar die klem voorheen op geldigheid en betroubaarheid geval het, dit in die afgelope twee dekades subtiel na kriteria en standaarde vir die evaluasie van die betekenis, relevansie, impak en nuttigheid van voltooide navorsing verskuif het. Pragmatiese geldigheid kom dus daarop neer dat kennis eerder aksie as observasie veronderstel (Kvale, 2002). Hierdie studie het ook politieke doelwitte aangesien dit onder andere oor die potensiaal beskik om die onderdrukkende effekte van geïnstitusionaliseerde diskoerse aan te toon.

*Ekologiese geldigheid:* ’n Verdere konstruksie oor geldigheid is dié van Banister et al. (2000) naamlik dat ekologiese geldigheid gehandhaaf moet word wanneer die spesifieke betekenisse van die navorsingsopset ondersoek word. Die navorsingsopset word op dié manier meer verteenwoordigend van die *werklike* lewe. Hierdie proses respekteer die belangrikheid van taal en die reg van die informant om te praat. Hierdie outeurs wys ook daarop dat die bevindinge van navorsingstudie so broos en veranderbaar soos die werklike lewe is. Die onderhoude is aan huis van die navorsingsdeelnemers en in die taal van hul keuse gehou.

Die vraag kan vervolgens gevra word: *Is die leser oortuig daarvan dat die medeskeppende konstruksies oor geldigheid wat in hierdie navorsing toegepas word, vertrou kan word om betekenisvolle inligting oor belangrike menslike fenomene te verskaf?* Omdat sosiale konstruksionisme van transaksionele kenniskonstruksies afhanklik is, is Kvale (2002) se stelling dat dit nodig is om geldigheid te bevraagteken ten einde geldigheid te bepaal uiters relevant. Die argument oor geldigheid kan dus afgesluit word juis deur die bevraagtekening daarvan.

*Datahantering en -analise*

*Data-insameling*

Semi-gestruktureerde onderhoude van ongeveer een uur elk is met drie navorsingsdeelnemers gehou. Die onderhoudskedule is uit ’n oorsig oor die literatuurstudie saamgestel. Alhoewel ek die navorsingsdeelnemers kortliks bekend sal stel, sal die leser hulle ook van naderby uit die teks leer ken. Dit is ’n kenmerk van diskoersanalise om oorspronklike teks aan die leser

bekend te stel (Potter, 2003) sodat die leser sy of haar eie interpretasies daarvan kan maak. Al drie navorsingsdeelnemers kom uit dieselfde boerderystreek. Al drie boere het die landbousektor die afgelope twee jaar verlaat, en hulle verwys na dié tyd as ’n krisistyd in hul lewe. Sebastiaan is 45 jaar oud, Michael is 51 jaar oud en Marius is 60 jaar oud.. Temas wat al drie boere in gemeen het, is dat hulle op familiegrond geboer het, hartstogtelik lief vir die boerdery was, maar uiteindelik deur oënskynlike finansiële redes gedwing is om hul plase te verkoop. Name is verander om die anonimiteit van die navorsingsdeelnemers te verseker. Die gesprekke is tot teksmateriaal verwerk en die diskoersanalise word daarvolgens gedoen.

In my navorsing gaan ek nie na spesifieke redes soek waarom boere hul grond verlaat of poog om hul ervarings te identifiseer nie. Die doel van my navorsing is om ondersoek in te stel na die openbare en private diskoerse wat ’n konteks skep vir boere se besluit om die boerdery te verlaat. Daar sal ook gekyk word na die gevolge wat die gebruik van hierdie diskoerse op boere het. Daarmee saam sal die produksie van algemeen-geldende waarhede en die magsverhoudinge rakende die konstruksie van boere se besluite om hul grond te verlaat ondersoek word. Dit sal alles deur middel van ’n diskoersanalise geskied.

Omdat diskoersanalise nie geïnstitusionaliseer is nie, meen Phillips & Hardy (2002) dat navorsers en skrywers dit soms moeilik vind om uitgewers en lesers te oortuig dat hul studies bevredigend uitgevoer is. Ek gaan dus in die bespreking hierna demonstreer hoe ek die tegniek van diskoersanalise aanwend om te wys dat openbare en private diskoerse ’n konteks skep waarbinne boere die besluit neem om hul boerdery te verlaat.

## *Diskoerse en diskoersanalise*

### *Diskoerse*

> “People are born into stories: their social and historical contexts constantly invite them to tell and remember the stories of certain events and to leave others unstoried” (Freedman & Combs, 1996, p.42).

Diskoerse help ons om te verstaan hoe mense sin uit hul lewe maak deur die stories wat hulle vertel (Weingarten in Freedman & Combs, 1996). Die diskoersteorie suggereer volgens Hare-Mustin (1994) dat betekenis uit gedeelde taalnetwerke en deur diskursiewe praktyke wat die

samelewing se tradisies, magsverhoudings en institusies reflekteer, ontwikkel. Diskoerse is dus betekenissisteme in taal. Volgens Burr (1995) verwys ’n diskoers na ’n stel betekenisse, metafore, verteenwoordigings, beelde, stories en stellings wat gesamentlik ’n spesifieke siening van gebeurtenisse produseer. Volgens Drewery & Winslade (1997) voorsien dit die mens van verwysingsraamwerke wat gebruik kan word as ’n bepaalde manier om die wêreld te interpreteer en sin van die mens se leefwêreld te maak. Volgens Monk & Gerhart (2003) is daar ook ’n voortdurende dialoog tussen plaaslike dialoog en dominante sosiale diskoerse. Vir Parker (2002, p.145) is ’n diskoers *a system of statements which constructs an object*.

Die woord *diskoers* is afgelei van die Latynse woord *discurrere* wat beteken om *rond te hardloop.* Volgens Hare-Mustin (1994) sirkuleer daar verskillende en kompeterende diskoerse in die samelewing wat nie almal ewe belangrik is nie. Sommige van hierdie diskoerse het ’n dominante invloed op taal en denke en word daarom dominante diskoerse genoem. Daarenteen word ondergeskikte diskoerse gemarginaliseer. Dit is egter belangrik om te onthou dat beide deur sosiale interaksie in ’n spesifieke taalgemeenskap en sosio-ekonomiese konteks geproduseer word. Diskoerse kan gevolglik op ’n komplekse en subtiele wyse mense domineer en marginaliseer, bepaal wat in mense se vertellings ingesluit en uit hul vertellings weggelaat word, en hulle in magsposisies plaas (Freedman & Combs, 1996).

Volgens Potter (2003) is belangrike komponente van diskoerse dat hulle aksie-georiënteerd en gesitueerd moet wees en dat hulle gekonstrueer moet word.

*Diskoerse is aksie-georiënteerd:* Diskoersanalise veronderstel ’n wêreld in beweging wat met die oog op die uitvoer van aksies saamgestel is. Dit reflekteer die basiese diskoers-analitiese vrae wat (Potter, 2003) vra:

Wat doen die diskoers?

Hoe is die diskoers gekonstrueer om aksie te laat gebeur?

Watter bronne is beskikbaar om hierdie aktiwiteit uit te voer?

Potter & Wetherell (1994) stel dit vervolgens dat teks sosiale en politieke betekenis het omdat dit aktief is. Mense doen dinge met taal deur byvoorbeeld vrae te vra, te probeer oorreed of te beskuldig. Aangesien dit nie altyd op ’n eksplisiete wyse gedoen word nie, moet die funksie van taal nie as iets meganies verstaan word nie. Fairclough (2005) meld dat diskoerse ook in alledaagse kontekste vir verskeie funksies aangewend word, byvoorbeeld vir die opbou van

mag en kennis; vir regulering en normalisering; vir die ontwikkeling van nuwe kennis; in die totstandkoming van magsverhoudings; en vir hegemonie. Die variasies in taal oor tyd word ook uitgewys. ’n Persoon se verduidelikings kan byvoorbeeld volgens funksie, dit wil sê vir die doel van die gesprek, varieer. Dieselfde fenomeen kan dus op verskillende wyses en tye deur middel van taal beskryf word (Potter & Wetherell, 1994). Anderson & Goolishian (1988) sê hieroor dat die konstruksie van betekenis en menslike sisteme ’n konstante veranderende, kreatiewe en dinamiese proses is.

*Diskoerse is gesitueerd:* Diskoersanalise ondersoek die maniere waarop teks en gesprek in die opeenvolging van interaksie ingebed lê, hoe dit ten opsigte van institusionele opsette en identiteite georiënteer is, en hoe dit retories saamgestel is (Potter, 2003). Anderson & Goolishian (1988) konseptualiseer taal as ’n menslike instrument wat vir ’n spesifieke doel aangewend word. Taal het egter geen betekenis buite die konteks van sy gebruik nie. Van Dijk (1997) wys ook op die belangrikheid daarvan dat diskoerse binne konteks – lokaal en globaal, sosiaal en kultureel – bestudeer word.

*Diskoerse word gekonstrueer en is konstruerend:* Diskoersanalise kyk hier na twee vlakke van diskoerskonstruksie. Op die eerste vlak word daar gekyk hoe diskoers uit woorde, idiome en retoriese meganismes (*devices*) gekonstrueer word, terwyl daar op die tweede vlak gekyk word hoe diskoerse verskillende weergawes van die wêreld konstrueer en in stand hou (Potter, 2003). Potter & Wetherell (1994) argumenteer dat teks komplekse, kulturele en psigologiese produkte is wat op ’n spesiale wyse gekonstrueer is om dinge te laat gebeur. Teks reflekteer en beskryf objekte, maar doen ook bepaalde dinge. Parker (2002) wys daarop dat betekenis wat deur diskoerse geproduseer word, in verhouding tot ander teks staan en dus tot intertekstualiteit lei. Volgens Parker (1992) verskil diskoerse nie net van mekaar nie, maar ook binne die diskoerse self, wat veroorsaak dat items in diskoerse dinamiese en veelvuldige betekenisse aanneem. ’n Verdere eienskap van diskoerse is dat daar altyd meer as een manier bestaan om iets te beskryf. Ons kan keuses uitoefen oor hoe ons woorde gebruik en verpak om persepsies en ervarings mee te formuleer, wat tot spesifieke en verskillende weergawes van gebeurtenisse en realiteit aanleiding gee (Willig, 1999). Potter & Wetherell (1994) benadruk dié feit deur te sê dat mense altyd gebeurtenisse konstrueer en herbeskryf. Hierdie konstruksies het verskillende funksies en hou verskillende gevolge in.

Volgens Weingarten (1991) betrek diskoerse minstens vyf fenomene, naamlik:

’n Diskoers bestaan uit idees en praktyke wat gemeenskaplike waardes met mekaar in gemeen het.

Enige diskoers reflekteer en konstrueer ’n spesifieke wêreldbeskouing.

Daar is dominante en onderdrukkende diskoerse.

Aspekte wat nie deel van ’n diskoers uitmaak nie, beïnvloed ’n mens se ervarings net so ingrypend as die diskoers self.

Diskoerse ontwikkel en verander wanneer die kollektiewe gesprekke wat mense met mekaar oor hul lewens voer, die kultureel-beskikbare, dominante verhale van mense transformeer. (Weerstand kan ook in hierdie gesprekke ontwikkel.)

Potter (2003) lei af dat Foucault weinig diskoers in terme van spesifieke interaksie in berekening bring, maar eerder fokus op hoe ’n diskoers of ’n groep stellings funksioneer om objekte en subjekte te konstrueer. Elke diskoers bring verskillende aspekte vir oorweging na vore en het verskillende implikasies vir wat ons moet doen. Diskoerse dien dus die doel om fenomene binne ons lewenswêreld te konstrueer. Vir Foucault is daar ’n verhouding tussen kennis en mag. Waar mag in pre-moderne tye op sovereine wyse uitgeoefen is, verskuif die klem in die moderne tye na dissiplinêre mag. Instansies oefen nou mag uit oor mense deur individue konstant te observeer, gedrag te monitor, aanvaarde gedrag voor te skryf of gedrag te modifiseer. Die onderwys en sielkunde is voorbeelde daarvan (Terre Blanche & Durrheim, 1999). Diskoerse konstrueer maniere waarop mense met mekaar omgaan en kan sekere vorme van gedrag voorskryf, byvoorbeeld die omgang tussen verskillende rasse in Suid-Afrika wat deur die apartheidsdiskoers beïnvloed is. Mills (2004) sê dat ons woorde nooit neutraal is nie, maar gepolitiseerd is (of ons daarvan bewus al dan nie) omdat woorde die mag en belange reflekteer van dié namens wie ons praat. Mense onderwerp hulself dus aan subtiele vorme van mag in bepaalde magsverhoudings deurdat algemeen-geldende praktyke sonder bevraagtekening uitgeleef word (Gergen, 2001a). Volgens Parker (2002) kan ons sien hoe instellings en hul diskoerse ons binne ’n bepaalde kultuur vorm wanneer ons hierdie beginsel van mag of kennis in ’n diskoersanalise toepas.

*Diskoersanalise*

Volgens Durrheim (1997) verg die sosiaal-konstruksionistiese begrip van betekenis ’n alternatiewe benadering tot sielkundige navorsing. Die doel van die ondersoek kan nie alleen wees om die *waarheid* te bepaal nie. Die feit dat meganistiese, dualistiese en individualistiese begrippe van die objek verwerp word, maak diskoersanalise ’n toepaslike sosiaal-konstruksionistiese metodologie vir hierdie studie. Eerder as om die wêreld te beskryf het diskoersanalise dit ten doel om rekenskap te gee van hoe spesifieke opvattings oor die wêreld fikseer en as die waarheid oorgedra word.

Van Dijk (1997) meld dat daar drie hoofbenaderings is waarvolgens diskoersanalise gedoen kan word en dat elkeen sy eie konsepte, metodes en prosedures ontwikkel het. Hierdie hoofbenaderings behels (a) ’n fokus op diskoers self, dit wil sê die strukture van teks of gesprek; (b) die bestudering van diskoers en kommunikasie as kognisie; en (c) ’n fokus op sosiale strukture en kultuur. In hierdie diskoersanalise val my hooffokus op sosiale strukture en kultuur. Ek betrek outeurs wie se benaderings op die belangrikheid van taal in die strukturering en beperking van betekenis fokus en wat interpretiewe en refleksiewe analisestyle gebruik (Macleod, 2002).

Funksie, konstruksie en variasie is belangrike komponente van diskoersanalise. Mense gebruik taal om aksies uit te voer en daarom is die funksies van taal een van die belangrikste fokuspunte in die diskoersanalise (Potter & Wetherell, 1994). Willig (1999) verduidelik dat die linguistiese kategorieë wat ons gebruik om die realiteit mee te beskryf of te klasifiseer, nie ’n ware refleksie van die realiteit is nie, maar die funksie vervul om die objekte wat deur hierdie kategorieë beskryf word, in die lewe (*being*) te roep. Omdat daar verskeie maniere is om ’n fenomeen te beskryf, sal daar ook verskillende weergawes van die fenomeen voorkom. Met diskoersanalise word daar gekyk na die manier waarop verskeie kategorieë gekonstrueer en gebruik word en wat die gevolge daarvan op die gebruikers is. Subjekposisies word só geïdentifiseer dat dit aksie of ondervinding kan fasiliteer of strem. Hierdie kategorieë berus egter volgens Potter & Wetherell (1994) op die konteks waarin die kategorieë gekonstrueer word.

Terre Blanche & Durrheim (1999) meld dat dit belangrik is om sensitief vir die konteks te wees, aangesien analise behels dat die manier waarop diskoerse in ’n teksgedeelte

funksioneer, ondersoek word. Hierdie doelwit word bereik deur aan te dui hoe diskoerse met ander diskoerse verband hou en hoe hulle by verskillende geleenthede funksioneer. Die teks kan dus nie geïsoleer word van dít wat buite die teks staan nie. In hierdie navorsing verskaf die landbou-onderneming, met ander woorde die plaas, die institusionele konteks wat bepaalde vorme van interaksie tussen boere en hul werknemers rig.

Diskoersanaliste kan bepaalde vaardighede gebruik om teks krities te lees en die effekte wat daarmee bereik wil word te identifiseer (Terre Blanche & Durrheim, 1999). Opposisies in 'n teks lig sake op 'n spesifieke manier uit. Volgens Neimeyer (1998) demonstreer die dekontsruksionis Derrida hierdie benadering deur tekste letterlik te dekonstrueer ten einde interne spanning te onthul en verborge teenstellings en aannames uit te wys. Volgens Macleod (2002) word dominasie, kontradiksie en verskille in die dekonstruksieproses op dié manier uitgewys. Hierdie outeur maak ook staat op elemente van Foucault se teorie deur op sogenaamde stelsels van praktyke te fokus, byvoorbeeld die interaksie tussen wat gesê word en wat gedoen word, reëls wat afgedwing word, redes wat vir die instandhouding van praktyke verstrek word, beplanning en algemeen-geldende waarhede. Volgens hierdie elemente waarna Foucault verwys, kan die verhoudings tussen waarheid, teorie, waardes, sosiale instellings en praktyke waarin die diskoerse te voorskyn kom, getematiseer word en magsverhoudings uitgeken word.

Potter & Wetherell (1994) stel voor dat kodering ná die identifisering van diskoerse geskied. Die doel is nie om resultate te vind nie, maar om die liggaam van diskoerse in hanteerbare dele te kategoriseer. Die proses moet inklusief wees en daarom moet diskoerse eerder ingesluit as uitgelaat word.

Verdere riglyne wat Willig in Burr (1995) aanbeveel wanneer 'n diskoersanalise uitgevoer word, behels die volgende:

- Identifiseer die diskursiewe konstruksies: Kyk na al die verskillende maniere waarop daar na 'n objek in die teks verwys word.
- Lokaliseer die diskoerse: Besluit watter beeld van die objek deur die verskillende diskursiewe konstruksies geskilder word.
- Doen 'n aksie-oriëntasie: Bepaal wat deur die konstruksies gedoen of bereik is en watter effekte dit vir die sprekers of lesers inhou.

Doen posisionerings: Identifiseer die subjekposisies.

Toets vir subjektiwiteit: Kyk na die ervarings, denke en gevoelens wat met die subjekposisies saamgaan.

In hierdie studie steun ek op die sewe basiese kriteria wat Parker (2002) gebruik om diskoerse te onderskei.

Die eerste kriterium behels die gedagte dat diskoerse in teks gerealiseer word. Teks verwys nie alleen na die geskrewe of gesproke woord nie, maar sluit ook simboliese interpretasies in (Parker, 2002). Een van die uitstaande kenmerke van diskoersanalise is dat dit op natuurlike gesprek en teks fokus en nie geredigeer of gesuiwer word nie (Van Dijk, 1997).

Die tweede kriterium behels dat diskoerse oor objekte handel. Twee vlakke van objektivering word hier onderskei. Eerstens word objekte deur diskoerse gekonstrueer en tweedens word daar na diskoerse as diskoerse *per se* (of na ander diskoerse) verwys asof dit objekte is. ’n Selfstandige naamwoord verskaf realiteit aan ’n objek. Volgens Parker (2002) is Foucault van mening dat die objek geïdentifiseer moet word wanneer dit verskyn, die outoriteit van die objek beskryf moet word en die spesifikasieraamwerk uitgewys moet word.

Derdens moet diskoerse ook subjekte insluit. Diskoerse maak voorsiening vir die skep van ’n gevoel van self binne verskillende diskoerse. Dit gee aanleiding tot interaktiewe posisionering (waar ’n individu ’n ander persoon binne ’n sekere diskoers posisioneer) of refleksiewe posisionering (waar individue hulself posisioneer). Die posisie van die subjek word dus bepaal deur die situasie waarin die subjek hom- of haarself in verhouding tot die groep van objekte bevind.

Die vierde kriterium stel diskoers as ’n koherente sisteem van betekenisse voor. Diskoers verwys na ’n stel betekenisse wat ’n spesifieke verklaring vir ’n gebeurtenis bied (Parker, 2002). Volgens Van Dijk (1997) is beide die taalgebruiker en die taalanalis op soek na betekenis. Vrae soos *Wat beteken dit hier?* of *Hoe maak dit sin in die spesifieke konteks?* word gevra.

Die vyfde kriterium verwys na diskoerse wat op hul beurt na ander diskoerse verwys. Deurdat diskoerse na mekaar verwys, word kontradiksie binne diskoerse uitgewys. Met elke diskoers word ’n alternatief gestel.

Die sesde kriterium hou verband met die vorige en verwys ook na die beperkinge van diskoerse, naamlik dat diskoerse ’n eie karakter weerspieël. Parker (2002) gebruik dekonstruksie-idees van Derrida deur te verwys na *dit wat gesê* is en *dit wat nie gesê is nie*. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie, dit wil sê A word op nie-A gebaseer. Die verhouding tussen wat afwesig is en wat teenwoordig is, moet altyd deel van die teksanalise uitmaak. Volgens Derrida moet daar ’n weg gevind word om die afwesighede op te spoor. Die metodologie wat gevolg word, word dekonstruksie genoem en behels dat ’n stuk gelees word om te bepaal tot watter mate die teks se konstruksie op die afwesige staatmaak, watter idees voorkeurbehandeling geniet, asook hoe kontradiksies aangedui word.

Die sewende en laaste kriterium is dat ’n diskoers histories gesitueer is. ’n Diskoers verskyn nie van nêrens nie, maar word uit bestaande diskoerse geskep. Dit word gedoen deurdat diskoerse as sosiale praktyke deur diskoerslede gekonstrueer word. Volgens Van Dijk (1997) is taalgebruikers nie net as individuele persone nie, maar ook as lede van verskeie groepe, institusies en kulture by diskoerse betrokke. Taalgebruikers kan deur hierdie diskoerse politieke strukture en instellings ondersteun, bevestig of uitdaag. Die analis is ook deel van die teks se konteks en moet vir sy of haar eie rol in verhouding tot die teks verantwoordelikheid neem (Terre Blanche & Durrheim, 1999).

Verdere aspekte wat Parker (2002) beklemtoon, is dat diskoerse instellings kan ondersteun, deurdat sekere institusionele diskursiewe praktyke in die proses ondersteun en ander ondermyn word. Aangesien diskoerse magsverhoudings reproduseer, moet daar van mag en diskoers tegelykertyd gepraat word. Die mediese diskoers bepaal byvoorbeeld wie mag praat en wie nie, wat beteken dat mag oor persone buite en binne die instelling uitgeoefen word. Ofskoon magsverhoudinge op hierdie wyse gekonstrueer word, behoort ’n mens dit in gedagte te hou dat waar daar mag is, daar ook weerstand sal wees. Volgens Burr (1995) is mense nie net neweprodukte van linguistiese sisteme en diskoerse nie, maar beskik hulle ook oor die vermoë om diskoerse te manipuleer of te gebruik. Diskoerse moet dus ook ondersoek word vir ideologieë en magsverhoudings wat daarin ingebed lê en gereproduseer word.

Diskoerse het ook ideologiese effekte. Parker (2002) wys daarop dat ideologie ’n beskrywing van verhoudinge en meegaande effekte is en gebruik moet word om ’n verhouding op ’n spesifieke plek en gedurende ’n bepaalde historiese tydperk te beskryf. In hierdie diskoersanalise word die dominante ideologieë wat in gesprek gereproduseer word, die strategieë van weerstand, asook die tussenspel van magsverhoudinge, ondersoek. ’n Ideologie kan ook hegemonies word wanneer dit nie meer vir dialoog of kritiek oop is nie. Die ideologie kom dan *in beheer* deurdat ’n eenheid tussen die verskillende instellings gevorm word. Koloniale mag het byvoorbeeld die produksie van kennis geaktiveer en voorgeskryf wie kon praat en wie nie (Mills, 2004).

Volgens Parker (2002) is die voordeel van diskoersanalise dat dit die objek herontwerp (*reframe*), wat daartoe bydra dat ons die objek nie as die *waarheid* hanteer nie, maar as die *waarheid wat deur taal en mag in stand gehou word*. Parker (1992) meld ook dat ’n diskoersanalise duidelik refleksief oor eie aannames ten opsigte van die waarheid is en verwys na die diskursiewe konstruksie van eie teoretiese posisie en data in hierdie verband. Dit kan verhoed dat wetenskaplike afsluiting (*closure*) bereik word (Parker, 2002), wat beteken dat een waarheid nie deur ’n ander waarheid vervang word nie, maar meehelp om die diskursiewe prosesse waarvolgens ware en valse stellings tot stand kom te ondersoek (Willig, 1999).

Durrheim (in Painter & Theron, 2001) som diskoersanalise soos volg op:

> “What, however, is the point of overturning convention and deconstructing truth? In short, it has political aims of disrupting the oppressive and exploitative effects associated with institutionalized discourses and forms of life. Discourse analysis is a cricital enterprise, a form of ideology critique. It does not aspire to truth, but to change” (p.31).

### ***Samevatting***

In my beredenering het ek aangedui hoe die postmoderne diskoers as ’n filosofiese beweging in reaksie op die modernisme ontwikkel het. Daarna is die narratief as metafoor waarbinne die navorsing georganiseer sal word, verken. Die sosiale konstruksionisme, wat die hart van hierdie navorsing uitmaak, is binne die verband van die studie beredeneer. Daarna is

sleutelaannames bespreek, naamlik: die kritiese posisie teenoor algemeen-aanvaarde kennis; historiese en kulturele spesifiekheid; kennis wat deur sosiale prosesse geskep en in stand gehou word; kennis en sosiale aksie wat hand aan hand gaan; en die rol wat taal vervul. Vervolgens is daar na kernelemente verwys, byvoorbeeld taal, die self, selfrefleksie, diskoerse en dekonstruksie, wat binne die sosiaal-konstruksionistiese begripsraamwerk voorkom. Die metodologie is daarna bespreek. In my beredenering het ek aangedui dat 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering die gepaste ruimte bied waarbinne die sosiaal-konstruksionistiese teorie gesitueer kan word. Ek het aangedui hoe ek die navorsingskwaliteit in berekening gebring het deur spesifiek na die etiese dimensie te verwys en aspekte soos geldigheid en betroubaarheid aan die hand van die sosiale konstruksionisme te verduidelik. Laastens is 'n verduideliking gegee van die wyse waarop die data hanteer sal word en die diskoersanalise aangewend sal word om die verskillende maniere van praat te sistematiseer sodat dit beter verstaan kan word.

# HOOFSTUK 4

# EKSPLORASIE VAN TEKS

*There is no intrinsic order to the world itself*
*other than the ordering which we impose on it*
*through our linguistic description of it.*
*Foucault*

## *Inleiding*

Om die navorsingsvraag te beantwoord van *hoe* openbare en private diskoerse 'n konteks skep vir boere se besluit om die boerdery te verlaat word die leser genooi om aan 'n diskoersanalise van bepaalde boere se narratiewe deel te neem. Die diskoersanalise help 'n mens om meer van die *wyse* waarop betekenis gekonstrueer word, te wete te kom. Betekenis ontwikkel nie uit niks nie, maar word geskep uit voorafgedeelde taal en deur diskursiewe praktyke wat die tradisies, magsverhoudings en instellings van die samelewing reflekteer en bepaal (Hare-Mustin, 1994). Die mens word elke dag aan 'n verskeidenheid diskoerse blootgestel, alhoewel dit nie as sodanig herken word nie. Dit beïnvloed, op 'n komplekse en subtiele wyse, wat die mens weet en ken, sien en nie sien nie, en sê en nie sê nie (Weingarten, 1998). Dit is vir my deel van my voortgesette verantwoordelikheid as terapeut om kulturele en sosiale aspekte wat so maklik versluier kan bly, en 'n vormende uitwerking op mense se lewe kan uitoefen, te ondersoek. In die gesprekke waarby ek betrokke is, poog ek om openinge te skep vir diskoerse om geïdentifiseer te word en om 'n bewustheid te kweek vir die uitwerking van bepaalde diskoerse op mense se lewe. In hierdie studie word die boerderydiskoers as 'n sosiale praktyk beskou en skep dit 'n verwysingsraamwerk vir georganiseerde gedragswyses en boerderypraktyke wat binne bepaalde verhoudings vorm aanneem.

## *Diskoersseleksie*

Verskeie diskoerse wat deel van die konteks vir die navorsingsdeelnemers se besluit oor hul toekoms uitmaak, is in die teks geïdentifiseer. Alhoewel die narratiewe van die boere oor die

algemeen verskil, blyk daar tog sekere ooreenkomste ten opsigte van openbare diskoerse soos misdaad, die ekonomiese omgewing, familie en natuurelemente voor te kom. Nie al die sirkulerende diskoerse wat in die teks na vore kom, is ewe belangrik nie, maar sommige diskoerse is dominant sover dit die taal, gedagtes en aksies van die navorsingsdeelnemers betref. Die sirkulerende diskoerse staan egter in ’n verhoudingsnetwerk tot mekaar. Mills (2004) verwys hierna as die intertekstualiteit in die produksie van sosiale navorsing. Intertekstualiteit is die proses waarvolgens een teks teenoor ’n ander teks afspeel of daarna verwys, asook na die manier waarop teks eindeloos verder na elemente binne die kader van kulturele produksies verwys. Die lewe van die navorsingsdeelnemers is omring deur verskeie diskoerse en elkeen probeer die deelnemers se narratiewe op ’n bepaalde wyse beïnvloed. Volgens Burr (1995) bring elke diskoers verskillende aspekte in fokus, gee dit tot verskillende sake aanleiding en het dit verskillende implikasies vir menslike aksies.

Verskeie interpretasies kan uit hierdie teks gekonstrueer word. Ek wys die leser weer daarop dat betekenis nie as ’n gegewe beskou kan word nie, maar geskep moet word. Die interpretasie van die teks kan insgelyks nooit finaal wees nie – juis omdat elke situasie op verskillende maniere geïnterpreteer kan word en oor tyd verander. Die leser sal met die lees van die teks sy of haar eie interpretasie kan maak en tot die proseskarakter van die kennis wat uit hierdie navorsing gekonstrueer word, kan bydra.

Die verskillende diskoerse wat in die teks geïdentifiseer is en tot die beskikking van boere is, word vervolgens bespreek. Volgens Burr (1995) word sosiale fenomene deur verskillende diskoerse en op verskillende wyses gekonstrueer en hou dit verskeie moontlikhede vir menslike aksie in. Ek eksploreer vervolgens die diskoerse wat in die narratiewe van Sebastiaan, Michael en Marius voorkom.

## Sebastiaan

In Sebastiaan se narratief eksploreer ek die diskoerse wat tot die skepping van sy narratief bygedra het en hom laat besluit het om die landbou te verlaat. Sebastiaan se diskoere behels die gesin-van-oorsprong-diskoers; die beroepsdiskoers; die stoettelersdiskoers; die ekonomiese en globaliseringsdiskoers; die politieke diskoers; die misdaad-diskoers, die opvoedingsdiskoers; die patriargale diskoers; sowels as diskoerse in die pers.

Sebastiaan was die vyfde geslag wat op die familiegrond gaan boer het. As kind het hy reeds die boerdery liefgekry en die logiese gevolg daarvan was dat hy na skool aan ’n landboukollege gaan studeer het. Na sy studie het hy as ’n plaasbestuurder vir ’n groot boer gewerk, todat sy familie hom gevra het om die boerdery by sy siek vader oor te neem. Sebastiaan is getroud en het twee seuns wat beide op universiteit is.

Alhoewel die misdaad-diskoers in die onderhoud met Sebastiaan oorheers en as die dominante diskoers by die konstruering van sy besluit om die plaas te verlaat voorgehou word, kom die familiediskoers reeds vroeg in die onderhoud by hom ter sprake. Hierdie diskoers waarbinne mag op subtiele wyses uitgeoefen word, blyk belangriker te wees as wat voorgehou word omdat dit Sebastiaan op ’n bepaalde wyse in die boerderykonteks situeer. Alhowel die gesin-van-oorsprong-diskoers en die beroepsdiskoers vervolgens afsonderlik bespreek gaan word, wys ’n teksanalise hoe ineengestrengel hierdie twee diskoerse funksioneer.

### ***Gesin-van-oorsprong-diskoers***

> “Maar ek het die ding (boerdery) verkeerd begin.”
> “… wat hulle ook op die tafel sou gegooi het, sou ek gevat het. Agterna het ek besef dat ek ’n fout gemaak het.”
> “… ons is ’n baie hegte familie … en jy het nie oor hierdie goed gepraat nie … jy praat nie oor geld nie – jy kuier eerder.”

Dit blyk uit die voorgaande teks dat die gesin-van-oorsprong-diskoers dit nie vir Sebastiaan moontlik gemaak het om onderhandelings binne hierdie netwerk van verhoudings te konstrueer nie. Dit blyk ook dat die diskoers voorskryf waaroor gepraat mag word en waaroor nie.

Sebastiaan verwys na twee geleenthede waar hy met sy familie moes praat:

> “… julle moet my in ’n posisie stel om my erfporsie te kan beheer.”
> “… as julle wil hê ek moet plaas toe kom, moet julle vir my iets bied wat op die langtermyn vir my van betekenis kan wees. Ek kan nie daar op die plaas bly en *forever* alles deur vyf (familielede) deel nie.”

Die teks suggereer dat die gesin-van-oorsprong-diskoers met sy nalatenskappraktyke die beheer van Sebastiaan weggeneem het. Sou hy dalk die boerdery op ’n ander manier bedryf het en meer suksesvol as boer gewees het as hy ’n magsposisie in die diskoers beklee het?

Dit is ironies dat die individu binne die moderne diskoers voorgestel word as die alleenstaande, outonome meester van sy lot wat meen dat hy die alleenskepper van sy toekoms is. Wanneer die teks verwys na “deur vyf deel” wonder ’n mens oor die dualistiese verwysing na kollektivisme en individualisme, wat suggereer dat die Afrikaan meer kollektivisties ingestel is as die individualistiese Europeër. Die teks suggereer dus ’n kollektivistiese posisie vir Sebastiaan. Binne hierdie diskoers kon hy as individu nie bepaalde besluite neem en gepaardgaande verantwoordelikhede rakende sy boerdery aanvaar nie, maar is sy besluitneming sosiaal binne die voorgeskrewe magsverhoudings van die gesin-van-oorspong-diskoers gekonstrueer. Sebastiaan het duidelik ’n magtelose posisie binne sy gesin beklee. Wanneer die konstruerende krag van die familiediskoers ondersoek word, moet die stem van Foucault met sy verwysing na die magsverhoudings wat in samelewings voorkom en op “docile bodies” (inskiklike mense) inwerk (Gergen, 2001), betrek word. Daar word verwys na mense wat hulle in hul alledaagse aktiwitite vrywillig oopstel vir bestaande verhoudingsvorme wat moreel aanvaarbaar voorkom. Hierdie magsverhoudings nooi mense binne, gee vir hulle dinge om te doen en verskaf ’n gevoel van bevrediging. Dit teks toon ook hoe dominant die gesin-van-oorsprong-diskoers by die konstruksie van die self funksioneer. Dit word soos volg in die teks verwoord:

> “Ons is ’n baie hegte familie en hulle is altyd baie welkom op die plaas – ons kuier – ek meen elke tweede jaar het ons ’n groot Kersfees saam – so dit is maar uit daardie agtergrond wat ek kom. Jou familie is maar eintlik al mense waarmee jy kan identifiseer.”

Die mens beland dus onwetend in die realiteite van diskoerse en hul praktyke. In hierdie verband funksioneer die gesin baie soos ’n gesanksioneerde magsinstansie wat deur magsverhoudings gekenmerk word.

Eers na sy pa se afsterwe kon Sebastiaan die besluit neem om die grond te verkoop. Dit sluit aan by die gedagte van Drewery & Winslade (1997) dat die verskillende posisies wat binne ’n gesin beklee word tot ’n bepaalde gesprek binne hul onderskeie magsverhoudings aanleiding gee. Sebastiaan kon die voorskrywende en outokratiese houvas van die gesin-van-

oorsprong-diskoers eers na sy pa se dood verbreek. Dit sluit aan by Freedman & Combs (1996) wat aandui hoe sekere diskoerse ’n mens kan blinddoek vir die moontlikhede wat ander narratiewe mag bied.

> “… en my pa is toe dood en toe was die besluit makliker. Kom ons verkoop dit maar, want jy weet dis ook waarvoor my pa gelewe het.”

Die woorde “waarvoor my pa gelewe het” laat ’n mens onwillekeurig wonder waarvoor *Sebastiaan* dan gelewe het. Die teks verwys verder na identiteit en dat identiteit nie iets inherent of essensialisties is nie, maar deel van ’n proses uitmaak wat nooit volledig afgesluit word nie. Sebastiaan se beroepsidentiteit is op ’n spanningslyn van onderhandeling gebou wat deurentyd oop was vir verandering. Wanneer die mag van die gesin-van-oorsprong-diskoers gebreek word, vestig Sebastiaan hom binne ’n jaar as suksesvolle sakeman. Die teks verwys selfs na ’n “beter posisie” wat deur die nuwe beroepsnarratief gekonstrueer word. Die teks suggereer dat boerdery ’n swakker finansiële posisie vir Sebastiaan geskep het. Hy verwoord dit soos volg:

> “… ek is finansieel nou goed af en in ’n beter posisie om vir my kinders te kan bied wat ek vir hulle wil bied – dit is vir my ’n *bleddie* groot storie, maar … die plaas het sy eie bekoring.”

Deur die gesin-van-oorsprong-diskoers te dekonstrueer kan die houvas wat dit op die konstruksie van identiteit en beroep uitoefen, ontmasker word. Die verborge interne kontradiksies van die diskoers word ook deur die dekonstruksieproses sigbaar. Die vraag wat Sebastiaan hom moet afvra is wat hy deur die gebruik van hierdie diskoers gewen of verloor het. Dit blyk uit die teks dat die gesin-van-oorsprong-diskoers in ’n groot mate sy beroepskeuse gevorm het. Hierdie diskoers het hom in ’n magtelose posisie geplaas en ’n beduidende invloed op sy finansiële posisie gehad. Die diskoers het hom ook verhinder om belangrike veranderings in sy boerdery aan te bring toe ’n veranderde boerderykonteks daarom gevra het. Die gesin-van-oorspong-diskoers behels verskeie diskoerse, waarvan die beroepsdiskoers vervolgens bespreek word.

### *Beroepsdiskoers*

Boere se beroepsnarratiewe lê ingebed in die konteks waarin hulle besluite oor hul lewe en toekoms neem. Die beroepsnarratief (net soos ander narratiewe of diskoerse) is die produk van ’n bepaalde kultuur en diskoers wat in taal gevorm word en deel van die verhoudings in die linguistiese samelewing uitmaak. Dit het belangrike implikasies deurdat *wie* ons is in ’n mate deur die invloed van ander en deur die magsverhoudings binne ons lewenskonteks gevorm word. ’n Persoon se beroepsnarratief kom tot stand in die konteks van dominante ekonomiese-, opvoedings- en familiediskoerse, wat ’n groot invloed op sy of haar uiteindelike beroepskeuse uitoefen (Winslade, 2007). Omdat ’n mens se beroep ’n kerndeel van jou identiteit uitmaak, sal dit myns insiens baie ander diskoerse toelig en vorm. Die sosiale realiteit waarbinne boere leef, word grootliks bepaal deur die plek wat hulle deur hul beroep bekom en die netwerk van verhoudings waarin hulle betrokke is. Die vraag ontstaan hoe Sebastiaan se beroepskonstruksie plaasgevind het en watter rol beroepsdiskoerse ten opsigte van konteksskepping by boere se besluitneming speel.

Wanneer Sebastiaan vertel hoe hy by die boerdery betrokke geraak het, word dit uit die teks duidelik dat identiteit ’n konstruksie is wat oor tyd binne ’n bepaalde kulturele ruimte geskied.

> “’n Ou kan identifiseer daarmee.”
> “Wel, my pa het dit gedoen en my oupa het dit ook gedoen.”
> “Jy word op ’n familieplaas groot en jy weet ons het skape en daardie skape was ’n saak. So ’n ou weet – die mense wat daarmee gemoeid was, was goeie mense en hulle het dit nie vir besigheidsredes gedoen nie.”
> “... en dis moeilik om daai ding nie aan te *pass* nie ...”

Bogenoemde uittreksel dui die dominante invloed aan wat die gesin-van-oorsprong-diskoers by die konstruering van beroepskeuse speel. Die gesin-van-oorsprong-diskoers plaas Sebastiaan in ’n bepaalde verhouding tot sy pa en oupa, terwyl die diskoers ook subtiel voorskryf dat die tradisionele boerderypraktyk van stoetskape na ’n volgende geslag oorgedra moet word. Wanneer Sebastiaan na sy pa en oupa verwys, wonder ’n mens weer oor die subtiele wyses waarop die patriargale gesinstruktuur pa’s se outoriteit oor hul kinders beïnvloed.

***Stoettelersdiskoers***

Wanneer Sebastiaan vervolgens na die stoettelersdiskoers verwys, kom die diskursiewe beskrywings daarvan nie ooreen met dié van die ekonomiese diskoers wat bepaal dat boerdery-aktiwiteite winsgewend bedryf moet word nie.

> "… en ons het skape gehad wat jy weet 'n saak was … die mense wat daarmee gemoeid was, was goeie mense en hulle het dit nie vir besigheidsredes gedoen nie … 'n saak waarop jy trots was."

Wil hierdie teks die leser dalk na 'n ideologie binne die stoettelersdiskoers lei wanneer dit na stoetteling verwys as 'n saak waarop 'n mens trots moet wees? Parker (1992) beskryf ideologie as "regimes" van waarheid, waar 'n waarheid deur die diskoers geproduseer word en een "regime" meer waar is as 'n ander "regime". Die teks verwys verder na 'n waarde-oordeel wanneer die subjekte as "goeie mense" beskryf word. Hierdie diskursiewe beskrywing laat 'n mens wonder of die stoettelersdiskoers boere wat om besigheidsredes by stoetteling betrokke raak, dan as "sleg" tipeer. Die leser kan tereg wonder watter "waarhede" binne hierdie diskoers ondersteun word en hoe dit sy subjekte uitnooi om die stoettelersbedryf diskursief te beskryf en te ondersteun. Wat sou die bydrae van hierdie diskursiewe beskrywings wees tot die konstruksie van die finansiële sukses van Sebastiaan se boerdery? 'n Verdere aspek wat by die stoettelersdiskoers na vore kom, is dat die diskoers aansien produseer.

> "Die nuwe boere wat nou inklim is dikwels ouens met geld."

Sebastiaan verduidelik verder:

> "Dis 'n ander *kick* van boerdery om daar op 'n veiling te sit en jy koop 'n bul van R50 000 en jy kom in die koerant en as die ouens jou daarna sien wil hulle graag jou *pal* wees."

Uit die teks blyk dit ook dat die stoettelersdiskoers aansien kan produseer wanneer boere by praktyke soos die aankoop of verkoop van teelmateriaal op 'n veiling betrokke raak. Kan hierdie konstruksies boere dalk verblind vir die reëls en eise wat die ekonomiese diskoers aan

hulle stel, met ander woorde vir die streng beheer van 'n begroting en markaanvraag om winsgewendheid in 'n kompeterende besigheidsomgewing te verseker?

### *Ekonomiese en globaliseringsdiskoers*

Sebastiaan bring die ekonomiese diskoers ter sprake wanneer hy in die onderhoud verduidelik hoe moeilik die ekonomiese klimaat vir boerdery is. Die ekonomie in Suid-Afrika is op 'n kapitalistiese stelsel gebaseer – 'n sosiale stelsel wat op individuele regte gebou is.

> "Na 1994 in die vryemark was daar nie tyd vir sissies nie. Jy het eweskielik in 'n milieu gekom wat, soos byvoorbeeld die prys wat jy vir vleis in Suid-Afrika betaal, is internasionaal gekoppel, wat jy vir meel betaal is internasionaal gekoppel en so met enige boerderyproduk in Suid-Afrika."
> "… ek verstaan nie eens 30% van die vryemark nie."

Die konteks vir die ekonomiese diskoers word in hierdie teks geskep deur die plaaslike ekonomiese diskoers aan die groter internasionale ekonomiese diskoers te koppel. Die teks verwys metafories na die vryemark as 'n plek wat nie vir *sissies* bedoel is nie, wat suggereer dat net die sterktste *manne* in dié mark sal oorleef. Wanneer die teks meld dat Sebastiaan nie eens 30% van die vryemarkstelsel verstaan nie, word daar moontlik bedoel dat kennis as voorvereiste beskou word om binne die diskoers ekonomies te kan oorleef. Kennis beteken mag en dit is duidelik dat diegene wat nie oor die nodige kennis beskik nie, tot 'n magtelose posisie gereduseer sal word. Die vraag ontstaan wat die effek daarvan op boere is. Kan dit byvoorbeeld paniek veroorsaak deurdat boere oorweldig voel deur nuwe meganismes, 'n toenemend vinnige pas en selfs groter beperkings ten opsigte van produksiekeuse, wat op hul beurt tot 'n gevoel van ontworteling kan lei? De Benoist (2000) redeneer dat die sosiale anomie en vervreemding waartoe globalisering aanleiding gee, goedgemaak word deur 'n teenoorgestelde sosiale en psigiese verskynsel, naamlik fundamentalisme en xenofobiese etnosentrisme. Die voormelde argument raak net aan die oppervlak van die diskoers en 'n mens bly wonder oor die subtiele invloed wat die globaliseringsdiskoers op boere uitoefen.

Die vryemarkstelsel word gekenmerk deur 'n proses van modernisering, wat die globalisering van die ekonomie en die verspreiding van inligtingstegnologie insluit. Volgens De Benoist (2000) het die globale integrasie van kapitaal die nasionale produksiestelsels afgebreek en hulle as segmente van 'n globale produksiestelsel rekonstrueer. Lande wat nalaat om aan

hierdie veranderde eise te voldoen, word eenvoudig gemarginaliseer, geïgnoreer en uit die internasionale mededingsmark gelaat. Wat dít betref, is globalisering ’n massa-nabootsing van die Westerse ekonomie. ’n Mens wonder weer eens oor die gevolge van globalisering op boerdery in Suid-Afrika en oor die wyse waarop boere in Suid-Afrika daarop gaan reageer. Die vraag ontstaan of boere hulle dalk ter wille van finansiële oorlewing aan ’n groter ekonomiese magstelsel gaan verkneg, wat die produksie en aard van landbou-ondernemings volgens dominante wêrelddiskoerse oor voedselproduksie voorskryf. Die teks dui daarop dat landbou toenemend tot dié stap uitgenooi word.

***Politieke diskoers***

’n Ander belangrike diskoers wat by die ekonomiese diskoers aansluit en deur Sebastiaan aangeroer word, is die politieke diskoers.

> “Jy moet weet daardie *game* (boerdery) waarin jy is, kan enige dag verander soos wette verander.”
> “Suid-Afrika is nie ’n landbou-vriendelike land nie.”

Oor grondhervorming laat Sebastiaan hom soos volg uit:

> “So dis nie vir my ’n kwessie van gaan dit waar word nie, dit gaan. Dis een van die goed waaroor ek bly is ek is uit die boerdery.”

Dit blyk uit die teks dat die politieke diskoers Suid-Afrika as ’n landbou-onvriendelike land konstrueer. Sebastiaan verwys metafories na boerdery as ’n spel (*game*) wat enige oomblik kan verander soos die wette van die land verander. In hierdie spel lê die mag by diegene wat die reëls van die spel skryf, en volgens die teks word die wetgewer hier bedoel. Die boer, synde ’n deelnemer aan die boerderyspel, word dus in ’n ondergeskikte posisie gestel. Dit verwys na die vermoë van taal om realiteite te verander wanneer die diskursiewe beskrywings van die taal verander. Uit hierdie persoonlike teks kan daar afgelei word dat die politieke diskoers waarskynlik boere se besluite oor hul toekoms beïnvloed. Volgens Burr (1995) verskaf ’n diskoers ’n verwysingsraamwerk – ’n manier om die wêreld te interpreteer en betekenis daaraan te gee – wat vorm aan sekere objekte gee. Boere interpreteer die politieke diskoers op só ’n wyse dat dit lyk asof daar nie ’n toekoms vir boerdery in Suid-

Afrika is nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie diskoers in die belang van ’n bepaalde magsgroep in die samelewing is. In Suid-Afrika is dit ’n demokraties verkose ANC-regering waarvan die grootste meerderheid kiesers swart Suid-Afrikaners uitmaak. Soos reeds in die literatuur uitgewys, word die meeste plase in Suid-Afrika deur wit Suid-Afrikaanse boere besit, wat deur wetgewing onder ’n vorige eenpartystaat en minderheidsregering plase kon bekom en deur die politieke diskoers van die tyd bevoordeel is. Volgens Burkitt (1999) kry magsverhoudings in instellings en praktyke gestalte en neem dit ’n eie diskursiewe lewe aan wat in die materiële sigbaar word. In die volgende bespreking word daar aangedui hoe die misdaad-diskoers in die materiële sigbaar word.

### *Misdaad-diskoers*

Sebastiaan stel die misdaad-diskoers as die dominante diskoers voor wat sy besluit om die boerdery te verlaat beïnvloed het. Hy bied dit in die vorm van ’n narratief aan en die teks toon duidelik wat hierdie diskoers binne die konteks van Sebastiaan se bestaan beteken. Dit sluit aan by Parker (1992) se definisie dat ’n diskoers ’n sisteem van stellings is wat ’n objek konstrueer. Sebastiaan het met stoetskape geboer. Sy plaas was egter teen ’n plakkerskamp geleë, wat meegebring het dat veediefstal ’n wesenlike probleem was.

> “Hier van 1994 ... die ding waarvoor ons nie beplan het nie, was *crime*. Jy weet van 1994 het *crime* ons lewens oorheers.”
> “Dinge het net erger gegaan en jy kon geensins staatmaak op die polisie nie. Voor die tyd kon hulle darem nog die diewe vang en jy kon mense skiet. Skaap- en beesdiefstal was ’n groep 1-misdaad … so jy kon iemand skiet as hy dit doen.”

Wanneer die teks na “1994” verwys, word die diskoers van politieke oorgang binne die Suid-Afrikaanse konteks betrek. Die wysiging van wette wat in die teks ter sprake kom, hou verband met die politieke veranderings en die oorgang van die regering. Dit is baie interessant dat die teks uitwys dat veediefstal reeds onder ’n vorige regering plaasgevind het. ’n Mens wonder oor die vermoë van die politieke diskoers om beheer te konstrueer. Die teks toon aan dat nie een van die regerende partye wat die politieke diskoers beheer het, veediefstal kon beheer nie. In die geval van die Nasionale Party is die beheer om orde te handhaaf deur die politieke diskoers aan boere sowel as die polisie oorgedra. Onder die ANC-regering gee die politieke diskoers alleenlik beheer aan die polisie, wat ’n

staatsinstelling is. Die vraag ontstaan tot watter vergrype die verhouding tussen die politieke en veediefstaldiskoers (voor 1994) aanleiding gegee het en wat dit aan boere gedoen het wat daardie mag (na 1994) ontneem is.

Verskeie vrae ontstaan wanneer die misdaad-diskoers gedekonstrueer word. Wat vertel hierdie diskoers ons van die staat se vermoë om te regeer? Wat sê dit van ’n vorige stelsel waar mense die reg gehad het om die wapen op te neem ten einde hul eiendom te beskerm? ’n Mens wonder ook oor die konstruerende effek van misdaad op die subjektiewe gevoel van die welsyn van mense. Die vraag hoe misdaad gekonstrueer word, kom ook baie sterk na vore.

Die diskoers rondom ’n persoon se verpligting om sy belange te beskerm kom ter sprake wanneer Sebastiaan die planne beskryf wat hy moes beraam om skaapdiefstal te voorkom. Hierdie beplanning word in weermagterme as ’n “operasie” beskryf wat “kontroleer” moes word. Die manier waarop Sebastiaan misdaad uit eie ondervindings, beskrywings en die gepaardgaande praktyke konstrueer, toon ooreenkomste met militêre diskoers-taal. Die militêre diskoers impliseer ’n subjek, naamlik die vyand, die uitoefening van mag, asook die beskerming van die eie, en sluit sosiale praktyke soos oorlogvoering in. Die leser word genooi om verder te lees en sy of haar eie interpretasies aan die hand van die volgende diskursiewe beskrywings te maak.

> “Toe verander die wette en jy mag niemand skiet nie. Toe kry ek wagte om afstand te kry tussen my en die steler. Want jy is baie emosioneel as hulle jou skape steel. Jy kom daar en hulle het ’n hele trop ooie wat lam lokasie toe gejaag. En die lammers word langs die pad keelaf gesny as hulle te veel raas.”
> “Maar na ’n tyd werk hulle (die wagte) ook maar saam en dan moet jy jou hele operasie herdefinieer en almal wat vir jou gewerk het, kontroleer.”

Die volgende aanhaling dui aan hoe die gesinsdiskoers by die misdaad-diskoers betrek word wanneer daar byvoorbeeld skape gesteel word. Deur die instandhouding van hierdie daaglikse praktyke en die betekenis wat daaruit gekonstrueer is, het die gesin die misdaad-diskoers onderhou.

> “Ons het nagsigtoerusting gekoop. Jy sien hulle in die nag, maar hulle sien jou nie. Dan moet jy ’n plan beraam om hulle te vang. Jy ry met jou bakkie en iemand staan op die dak

> van die bakkie. Ons het *stands* gebou waarop jy kan staan om vêr te sien. Die vrouens het gewoonlik bo-op die dakke gestaan en hulle sê vir ons hoe om te ry. Ons ry met ligte af … so jy kom tot na aan hulle en dan sit jy die *spotlights* aan. Nou vang jy, maar dan hardloop een weg en jy jaag hom. Jy skiet langs hom dat hy moet stilstaan … om hom op die bakkie te kry. Om die volgende een te kry onderhandel jy nie met hom nie – jy rand hom aan."
> "Jy rand hom aan om hom te wys *jy kan bly wees ek het jou nie geskiet nie*."

Die vraag ontstaan watter effek hierdie diskoers op die lewe van Sebastiaan se gesin gehad het, veral met nuwe rolle soos die beveiliging van besittings en polisiëringsaksies wat by hul beroepsdiskoers geïnkorporeer is. 'n Mens wonder ook of veediewe deur die dreigemente van straf of dood gedwing kan word om sekere konstruksies aan te neem wat alternatiewe gedragsimplikasies tot gevolg sal hê. Volgens die voormelde teks blyk die bestaande praktyke om misdaad te beheer onsuksesvol te wees. Maar terwyl hierdie diskoers fisieke geweld konstrueer en die moontlikheid skep dat mense doodgemaak kan word, word daar tog 'n ander diskoers binnegenooi wat weerstand daarteen bied. Sebastiaan verwoord dit soos volg:

> "… dis maklik om te sê skiet dood, maar jy is 'n mens en jy kan nie net *bleddi*e doodskiet nie."

Die teks verwys na konflik wat binne en tussen diskoerse kan voorkom. Die misdaad-diskoers skryf gewelddadige praktyke voor en dit blyk dat Sebastiaan weerstand daarteen bied. 'n Mens wonder oor die psigologiese spanning wat weens die morele diskoers geproduseer word en in die teks na vore kom as wat jy "kan" en "nie kan" doen nie, veral wanneer dit deur praktyke van die misdaad-diskoers uitgedaag word.

Die volgende diskursiewe konstruksies reflekteer die praktyke, oortuigings en ervarings wat deur die misdaad-diskoers geproduseer is. Dit is voorbeelde van hoe die misdaad-diskoers sentraal tot die aksie staan en 'n narratief daaroor konstrueer. Diskoersanalise word dus 'n manier om interaksie en die sosiale lewe te verstaan (Potter, 2003). Diskoerse neem 'n konstruktiewe vorm aan wat nie net die sosiale wêreld beskryf nie, maar 'n medium vorm waardeur die realiteit gekonstrueer word (Macleod, 2002).

In die misdaad-diskoers is die volgende waargeneem:

1) Spanning en isolasie is deur die misdaad-diskoers geproduseer. Die onderstaande teks nooi die biomediese diskoers binne deurdat die diskoers stres as die totaliteit van liggaamlike en psigiese reaksies op nadelige of onaangename stimuli beskou. Stres word in die biomediese diskoers gekenmerk deur die versteuring van die homeostase van die liggaam en meer spesifiek deur verskynsels soos hartkloppings, voortdurende moegheid, angs, spanning en gejaagdheid (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997).

> "Jy moes maar die kopskuif maak en die stres vat dat jy nêrens kon heengaan oor 'n naweek nie voordat jy nie presies gereël het wie kyk nie. Jy was konstant aan diens …"

2) In hofsake is leuens vertel. Die teks betrek Sebastiaan se waardesisteem wanneer aangetoon word dat dit "mos nie so werk" nie.

> "Om jou kinders uit daai *game* te hou lieg jy in die hof om hulle uit te hou. Ek meen die kind is in die skool en nou moet jy hom daar gaan uithaal vir 'n hofsaak. Ek meen dit moet mos nie so werk nie."

3) Negatiwiteit is geproduseer en die teks toon aan dat die diskoers oor die vermoë beskik om die konstruksie van potensiaal te "blok".

> "As jy heeldag negatief is, sal jy nie vorentoe in die lewe kom nie. Jy blok jou potensiaal uit en ek dink dit is hoekom my boerdery agteruit gegaan het oorlat jy lewe met hierdie aggressie en al wat jou verstand eintlik okkupeer is wat ek volgende moet maak."

Die teks wys hoe die misdaad-diskoers deur die ervaring van aggressie by hierdie boer resoneer. Die teks wys ook op inherente spanning wat binne die diskoers geproduseer word deur te verwys na die konstruktiewe en beperkende moontlikhede wat daarbinne funksioneer. Wanneer die teks na die "agteruitgaan" van die boerdery verwys, word die ekonomiese diskoers met sy meegaande wins-/verliespraktyke betrek.

4) Die misdaad-diskoers speel 'n beduidende rol in die keuse van boerderypraktyke en die produksie van taktiese oordeel. Uit die onderstaande teks blyk dit dat boerdery-aktiwiteite direk deur die diskoers gevorm word. Die misdaad-diskoers voorsien boere van 'n

verwysingsraamwerk wat gebruik word om boerdery-aktiwiteite te interpreteer en nuwe aktiwiteite te implementeer.

> "Wat ek moes gedoen het as ek terugdink. Ek moes my hele boerdery-opset verander het en oorgeskakel het na beeste en saaiery toe."

5) Die ekonomiese diskoers word by die misdaad-diskoers betrek deurdat groot bedryfsverliese gekonstrueer is.

> "Ek het een jaar uitgewerk dat my sekuriteit my R60 000 uitgewerk het – en dit is nou nie my tyd ingesluit nie, dit is net mense wie ek moes betaal het."

6) Daar is nie net kommersiële verliese gely nie, maar genetiese materiaal, wat onvervangbaar is, is vernietig:

> "Jy weet, een aand … ek het 20 gebruiksramme gehad. Hulle het 12 gesteel. Wat my pa nog vir my uitgesoek het … ja daardie 12 …"

Genetiese materiaal binne die verband van die veekudde word oor jare opgebou en kan as 'n kreatiewe aksie beskou word aangesien 'n boer sy kuddemateriaal oor 'n lang tydperk uitsoek of uitskot. Dit is 'n konstruerende proses deurdat die teelproses die teler se persoonlike stempel en styl dra. Die diere wat deur die boer geteel is, word op 'n manier deel van die boer se identiteit. 'n Mens wonder hoe diep die verliese sny wanneer hierdie kreatiewe produksies wat volgens die teks as onvervangbaar en deel van 'n geskiedkundige proses beskou word, vernietig word. Is dit nie soos om 'n deel van jou identiteit uit te wis nie? Parker (1992) som dit op wanneer hy na diskoerse verwys as praktyke wat die objekte waarvan gepraat word, sistematies vorm. Binne die stoettelersdiskoers is die objekte wat ter sprake is die stoetteler en sy teelmateriaal.

7) Die misdaad-diskoers konstrueer konflik met die regstelsel, wat oor die konstitusionele mag beskik om oortreders van die wet in hegtenis te neem. Vir Sebastiaan het die rooi lig begin flikker toe daar 'n klag van moord teen hom gelê sou word. Volgens Parker (1992) bied 'n diskoers 'n raamwerk vir die debattering van die waarde van een manier van gesprekvoering oor die realiteit teenoor ander maniere van gesprekvoering daaroor. Dit is

ontstellend om te hoor hoe die misdaad-diskoers ’n konteks vir die doodmaak van mense skep, en ’n skaap se lewe as’t ware teenoor ’n mens s’n opgeweeg word.

> “… en toe is *crime* op sy hoogtepunt en hulle wil my aankla van moord en toe begin ek ’n skaap opweeg teen die tronkbesigheid. Sê nou maar ek maak eendag ’n oordeelsfoutjie … ek moet binne ’n breukdeel van ’n sekonde ’n besluit neem en ek neem die verkeerde besluit. En dit het net nie meer die moeite werd geword nie.”

Die misdaad-diskoers produseer op so ’n kragtige wyse die boer se kant van die saak dat ek begin wonder of dit my moontlik vir die gemarginaliseerde diskoerse van die samelewing kan blinddoek. Omdat diskoerse histories gesitueer is en taalgebruikers wat by die diskoers betrokke is nie net individuele persone is nie maar deel van ’n bepaalde groep en kultuur uitmaak, gaan ek kortliks meer oor hierdie agtergrond, wat op veediefstal betrekking het, sê.

Kuhn in Durrheim (1997) noem dat daar nie ’n universele waarheid bestaan nie en dat kennis nooit die wêreld kan verteenwoordig nie, omdat dit perspektiwiese interpretasies is wat teen die agtergrond van ’n sosiaal-gedeelde verstaan verskyn. Ek fokus vervolgens op die veedief, wat deur die teks as die skuldige gekonstrueer word.

As daar na die geskiedenis van die Suid-Sotho gekyk word, maak vee (beeste, skape en bokke) deel van hul identiteit uit. Beeste en skape beteken onder andere rykdom, ’n betaalmiddel, mag, oorheersing, oorlewing, bedingingsmag, ’n geestelike simbool, en ’n konneksie met die voorvaders. Moshoeshoe, bekende koning van die Suid-Sotho’s, se naam is afgelei van die ideofoon wat geskoei is op die geluid wat die lem maak as iemand se baard gesny word. Moshoeshoe was veral bekend vir sy waaghalsige beesstrooptogte aan die bolope van die Oranje- en Caledonrivier. So vinnig soos ’n mens iemand se volbaard afsny, so vinnig is beeste onder sy leiding buitgemaak (Krog, 2002). Die westerse diskoers oor veediefstal verskil lynreg van hierdie kultuur waar veediefstal as spesiale vaardigheid en normale aktiwiteit gesanksioneer is. Daarmee saam gaan die gevoel van die Suid-Sotho’s oor hul grond, wat op treffende wyse deur een van hul digters, A. Sid Mopeli-Paulus in die gedig *MoAfrika – bewoner van Afrika* (Krog, 2002, p.223), uitgedruk word:

*in ons land leef ander mense wat dit nie in hulle het*
*om hulle oor Afrikane te ontferm nie*
*wat daarop uit is om Afrika teen die grond te verpletter*
*soos konings leef hulle in die land van die Afrikane*
*Afrikaan, staan op, ons land is deur vreemdeling tot buit geneem*

Wanneer daar gekyk word na die kultuurgeskiedenis wat die agtergrond van die veediefstal-diskoers vorm, word ’n groter konteks aan die leser opgedwing, wat onthutsend kan wees om te konfronteer. Beide partye (landbou-ondernemer en veedief) dra ’n geskiedenis met hul saam wat die huidige konteks konstrueer het en op akute wyse daardeur beïnvloed is.

Volgens Parker (1992) sal kompeterende kulture verskillende aksente aan ’n diskoers gee, wat sal varieer namate die verskillende groepe meen hulle deur die diskoers bevoordeel of benadeel word. Het die boer en die groter samelewing die moed om hierdie proses en die instellings te konfronteer en hul aandeel daaraan te erken? Ek twyfel of die boerderygemeenskap ooit ’n misdaadvrye situasie sal kan konstrueer as die bereidwilligheid ontbreek om met gemarginaliseerde groepe te gesels.

Dit is duidelik dat verskeie diskoerse rondom die misdaad-diskoers sirkuleer en Sebastiaan betrek vervolgens ook die opvoedingsdiskoers daarby.

### *Opvoedingsdiskoers*

Die volgende teksgedeelte toon hoe diskoerse teen mekaar meeding en hoe dit tot die produksie van ander diskoerse, byvoorbeeld oor rassisme, lei. Die konstruerende effek van diskoerse op ervaring, byvoorbeeld vooroordeel, kom ook in die teks na vore.

> “Willem moes eendag ’n swarte van agter inhardloop, ek meen, dis nie dat ek hom gedwing het nie, hy wou dit ook graag doen, maar hoe maak jy nou iemand so groot. Wat gaan sy verwysingsraamwerk wees as hy ouer is?”
> “… jy weet my kinders is rassiste.”
> “… as jy in Suid-Afrika wil bly en jy is ’n diep rassis gaan jy net nooit jou potensiaal ontwikkel nie. Dit sal altyd ’n blok om jou voet wees. Nou hoe verduidelik jy dit vir ’n kind. Jy het hom nou klaar so grootgemaak vir tien jaar.”

In die teks word daar bespiegel oor die aandeel van die misdaad-diskoers aan die konstruksie van rassisme in 'n kind se lewe. Die teks toon verder dat rassisme nie 'n posisie is wat 'n mens beklee nie, maar 'n fenomeen is wat oor tyd binne 'n bepaalde kultuur gekonstrueer word, en dat instellings soos die gesin meehelp om die konstruksies te produseer. Dit blyk dat Sebastiaan iets van die subtiele werking van die diskoers aanvoel en dat sy eie aandeel aan die konstruksie van rassisme hom onrustig stem. Die metaforiese verwysing na rassisme as "'n blok om jou voet" wat deur die misdaad-diskoers geproduseer word, posisioneer die boerderykonteks as negatief ten opsigte van die opvoeding van kinders. Dit verwys ook verder na die blokkering van potensiaalontwikkeling. Gelukkig sirkuleer daar ook kompeterende diskoerse en veelvuldige sieninge oor die werklikheid in samelewings, wat Sebastiaan gebruik wanneer hy oor die situasie reflekteer en veralgemenings oor ras in die misdaad-diskoers uitwys.

> "En omdat diewe 'n sekere kleur gehad het, het jy begin veralgemeen – 'n swarte is 'n ou wat steel."

Hoe diskoerse die sosiale wêreld kategoriseer kom duidelik in hierdie diskursiewe beskrywing na vore. Veediefstal word naamlik met "swart" mense geassosieer.

Vooroordeel ontstaan egter nie by die individu nie, maar by die wêreld waaraan mense deel het en by die magsverhoudings waarin mense betrokke is. Mense word deur veralgemenings ontmens en volgens Mills (2004) tot 'n ononderskeibare massa gereduseer. Hierdie vooroordeel funksioneer op só 'n wyse in taal dat dit 'n mens blind kan maak vir ander realiteite en tot isolasie en wantroue kan lei. Die vraag ontstaan watter invloed sodanige konstruksies op die ontwikkeling van verhoudings in die werkplek uitoefen.

Wanneer die teks verwys na "'n swarte is 'n ou wat steel", wonder 'n mens onwillekeurig hoeveel dié wat gerieflik leef, weet van die lewe van gemarginaliseerde mense wat in armoede leef. Hierdie magsverskille kan myns insiens tot konflik en stryd aanleiding gee. Is skaapdiefstal nie 'n vorm van weerstand bied nie? Dit is 'n fenomeen waarmee daar in Suid-Afrika rekening gehou sal moet word, want waar daar mag is, is daar weerstand. 'n Mens sal moet kyk hoe hierdie weerstand in die vorm van verset gekonstrueer word. Dalk is dit nie so vergesog om selfs aan 'n revolusie te dink nie, met gemarginaliseerde armes wat binne die kapitalistiese diskoers weerstand teen ongelyke verhoudings in die diskoers bied.

Die subjek "swartmense" waarna Sebastiaan verwys, berei ook die weg voor vir die patriargale diskoers.

### *Patriargale diskoers*

'n Belangrike diskoers wat uit die gesprek met Sebastiaan na vore kom, is dié van sosiale verantwoordelikheid en as sodanig na die patriargale diskoers verwys. Sebastiaan noem dit een van die bevrydendste ervarings van stedelingwees – dié vrywees van sosiale verantwoordelikheid.

> "Ja die ander ding is die swartes op die plaas – ek meen ons het met mense gewerk wat my grootgemaak het wat nog van my oupa-hulle se tyd kom. Ek meen jy praat van geslagte en daar's verhoudings opgebou."
> "As 'n swart werker partykeer voor jou staan voel jy klein, want jy moet besluite neem wat sy lewe raak. En hy vra vir jou goed wat jy weet jy kan nie vir hom nee sê nie. Op die einde is dit net emosionele besluite wat jy die heel dag mee sit."
> "Jy vat verantwoordelikheid vir hom en 'n fout kan jou jou lewe kos."
> "My sosiale verantwoordelikheid het baie gekrimp en dit het ook baie met my spanningsvlakke te doen gehad."

Die asimmetriese verhouding tussen boer en werker kom duidelik in die teks na vore met die boer wat "besluite neem", "verantwoordelikheid neem" en "verhoudings wat oor geslagte opgebou is", in stand hou. Die teks suggereer dat die "uitgebreide gesin"-metafoor hier bedoel word. Die werker neem die rol van 'n afhanklike aan, terwyl die boer die metaforiese rol van 'n vader vertolk. Vir Sebastiaan word die verantwoordelikheid op só 'n wyse gekonstrueer dat dit spanning veroorsaak. Moontlik was Sebastiaan bang dat sy werkers hul status as "kind" kon uitdaag wanneer hy sê: "'n Fout kan jou jou lewe kos."

'n Mens kan jou afvra wat die sosiale oorsprong van die patriargale diskoers is en of dit moontlik na die kolonialisme-diskoers verwys. Kolonialisme behels immers die gedagte van setlaars wat Afrika met hul "superieure kennis" moes kom mak maak, beskaaf maak en kersten. Hierdie gedagte sluit by die paternalisme aan. Dit bring mens by die konsep van mag, wat natuurlik ook die idee van verantwoordelikheid meebring. Daarom dan die gedagte van 'n vaderfiguur wat in 'n bepaalde gemeenskap sy volgelinge leiding moet gee. Volgens

(Mills, 2004) word kennis deur die koloniale diskoers geproduseer, en deur ’n verteenwoordigende subjek van koloniale mag te wees, word die subjek se kennisstatus verhoog.

Hierdie diskoers bied egter verskeie interpretasies en kan moontlik die religieuse diskoers betrek deurdat ’n mens as “jou broer se hoeder” moet optree. Of suggereer die teks dalk die inspirerende Afrika-spreuk *umntu ngumuntu ngabantu* – ’n mens is ’n mens deur ander mense – dat dit nie net van toepassing is op mense van die eie kultuur nie, maar juis transkultureel geld?

’n Mens kan jou verder afvra in watter mate emosies soos vrees, skuldgevoelens en verantwoordelikheid wat deur die diskoers geproduseer is, die gebruikers van die diskoers beïnvloed het. Diskoerse is dikwels maskers vir dié geïmpliseerde konstruksies. Dit is duidelik dat die uitlewing van die patriargale diskoers verskeie negatiewe belewenisse, insluitend spanning, konstrueer.

***Diskoerse in die pers***

’n Laaste diskoers wat Sebastiaan voorgestel het en duidelik ook ’n konstruerende invloed op boere se persepsies van landbou-vooruitsige vorm, is die diskoerse wat in koerante gevoer word oor die krisis waarin die landbou in buurlande soos Zimbabwe verkeer.

> “… dit hang maar soos ’n swaard oor jou kop. Vat maar net, in 1980 het Zimbabwe onafhanklik geword en in 1989 is Namibia onafhanklik en in 1994 is Suid-Afrika onafhanklik. So alles wat daar gebeur, kom op die ou end gewoonlik hiernatoe. Mense het van Zimbabwe gevlug hiernatoe. Jy weet ons is opgelei in landbou-ekonomie om te sê: grond, kapitaal en arbeid maak ’n boerdery. Dis alles ekonomiese faktore daai wat belangrik is, maar my voorspelling is dat grond ’n kulturele ding gaan word … kyk Zimbabwe se grond is nou ’n 99-jaar-huurpag, dis soos Zambië se grond.”

Dit blyk dat hierdie teks afwagtende teëspoed en moontlike verliese produseer deur die verwysing na “soos ’n swaard oor jou kop”. ’n Mens wonder ook oor die invloed wat dit op die beplanning van boerdery-aktiwiteite uitoefen en die gepaardgaande spanning wat weens die onsekerhede geskep word. Parker (1998) wys daarop dat mense getransformeer word wanneer die strukture wat tot hul konstruksie bydra, verander. Hierdie teks betrek duidelik

ook die diskoers oor die herstrukturering van landbougrond in Afrika. Die politieke oorgang in die land het veranderings in wetgewing teweeg gebring, waarvolgens grondbesit in Suid-Afrika regverdig tussen almal wat daarop woon en werk, verdeel moet word. Dit blyk uit die teks dat die diskoers oor grondbesit ’n konteks van onsekerheid skep.

Omdat ons as mense in ’n gekonstrueerde wêreld leef, is dit myns insiens belangrik dat die bronne van die konstruksies verstaan sal word. Gergen (2001a) wys daarop dat die media die mens se alledaagse bestaan versadig en sy behoeftes subtiel stimuleer, sy waardes en ideale beïnvloed, en selfs sy gevoel van identiteit konstrueer. Vir my as konstruksionele analis is die vraag dus nie wat die regte manier van praat sal wees nie, maar wat die gesprekke *doen*. Wat doen dit aan boere as hulle in die koerant lees en op televisie sien wat met medeboere in buurlande gebeur?

Laastens beskryf Sebastiaan hoe moeilik dit vir ’n boer is om sy plaas te verlaat.

> “Daar’s nie ’n boer wat van die plaas afgaan wat nie huil nie, daar’s ’n sekere deel van sy lewe. Jy sit alles in voordat jy daardie besluit neem. Jy sit te veel in. Elke boer wat van die plaas afgaan bly vyf jaar te lank daar, oor ’n groot deel van boerdery geloof is. Jy hoop maar iets gebeur. Daar’s bitter min boere wat op die regte tyd afgaan.”

Wanneer die teks klem lê op hoevéél boere in die boerdery “insit”, wonder ’n mens wat boere dan daar “uitkry”. Weens die talle diskursiewe beskrywings in die teks kan ’n mens jou die vraag afvra watter rol “hoop” en “geloof” by die konstruering van boere se besluite neem. Daaruit blyk dit dat boerdery ’n baie spesifieke lewenswyse konstrueer, wat ’n invloed op besluitneming kan uitoefen. Die boer se verknogtheid aan sy plaas is nie iets inherent wat gebeur nie, maar na my mening die gevolg van mense se deelname aan ’n kultuur waar die plaaslewe as ’n geïdealiseerde leefwyse voorgehou word.

In die volgende gedeelte gaan ek die diskoerse eksploreer wat bygedra het tot die vorming van Michael se narratief en sy besluit om die landbou te verlaat. Diskoerse wat in dié teks sirkuleer, is die beroepsdiskoers; die misdaad-diskoers; die patriargale diskoers; die ekonomiese diskoers; die natuurdiskoers; die politieke diskoers; die biomediese diskoers; en diskoerse rondom die rekonstruksie van ’n narratief.

## Michael

Michael was die derde generasie wat op erfgrond geboer het. My ervaring by die lees van die teks is dat dit ’n geskiedkundige karakter aanneem en doelgerig in ooreenstemming met nuwe doelwitte ontvou. Michael se narratief lees soos ’n restitusieverhaal wat eindig met die rekonstruksie van sy narratief. Hy maak naamlik ’n keuse uit die beskikbare sirkulerende beroepsdiskoerse ten einde ’n nuwe beroep te konstrueer.

In 1974 vertrek Michael as uitruilstudent vir ’n jaar na die buiteland en studeer daarna ’n diplomakursus in praktiese landbou. Daarna gaan hy vir twee jaar weermag toe en begin dan saam met sy pa te boer. Die onderstaande beskrywing van die betrokke tydperk dra die kenmerke van die ekonomiese diskoers, wat die leser daaraan herinner dat, alhoewel almal deelnemers aan die ekonomiese mark is, dit ’n gevaarlike omgewing is wat ervaring vereis.

> “Jy sien nie al die gevare wat om jou aangaan nie – jy kan die hele wêreld omkeer en jy wil beter wees en groter gaan en in kompetisie gaan met ander boere.”

Daarna verwys Michael na twee groot droogtes en rentekoerse wat tot 25% gestyg het. In dieselfde jaar as die tweede droogte (1991) sterf sy pa en boere kry droogtehulp. Hy besluit om al sy kapitaal in die saaiery te stort, maar kan steeds nie die hoë bedryfskoste hanteer nie. Michael verwys veral na hul plaaslike koöperasie wat rentekoerse tot die maksimum verhoog het en tot sy verswakte finansiële posisie bygedra het. Daarna neem hy (in konsultasie met sy familie) ’n besluit om die boerdery te verkoop en aanvaar hy ’n besigheidsproposisie wat hom aangebied word. Hy beskryf die tydperk daarna as “dit gaan goed”.

In die volgende bespreking word daar aangedui hoe Michael se beroepsdiskoers ontwikkel het.

### *Beroepsdiskoers*

Wanneer Michael oor die aanloop tot sy boerdery en die keuse van ’n beroep praat, suggereer die teks dat hy nie sy voorkeurberoep kon kies nie en dat hy sy familie se dominante narratief aangaande die boerdery geïnternaliseer het. Dit sluit aan by Hare-Mustin (1994) wat redeneer

dat dominante diskoerse meestal as algemeen-geldende waarhede beskou word en nie krities beoordeel word nie omdat hulle so bekend is.

Die volgende diskursiewe konstruksies toon die invloed van die dominante beroeps- en gesin-van-oorspong-diskoers aan.

> "Ek was geïnteresseerd in die boerdery, want ek het grootgeword met die boerdery … ek is die derde generasie in die boerdery."
> "… in daardie jare was die gevoel dat boetie moet gaan leer sodat hy iets anders kan doen as die boerdery faal."
> "Soos ek gesê het, boerdery is 'n lewenswyse, maar ek sou veel eerder 'n professionele gholfspeler wou gewees het, maar jy moet maar aanvaar waar jy land en wat jy kan doen."

Moontlik was Michael se voorkeurberoepskeuse (gholf) deel van 'n diskoers wat met 'n gemarginaliseerde beroepsdiskoers geassosieer is, en daarom uitgesluit van invloed en nie met outoriteit bespreek nie. Wanneer die teks na Michael as "boetie" verwys, wonder 'n mens oor die posisie wat die gesin-van-oorspong-diskoers vir hom gekonstrueer het. Het dit hom dalk in 'n magtelose posisie geplaas en verhoed dat hy sy eie besluite oor sy toekoms kon neem? Volgens Mills (2004) word mense deur die norme van diskoerse beperk sover dit die konstruksies van hul eie behoeftes en begeertes betref. Het die boerderydiskoers Michael moontlik verhinder om sy voorkeurnarratief te skryf en derhalwe subtiel tot die konstruksie van 'n verswakte finansiële posisie bygedra?

Terwyl Michael sy beroep as boer beoefen het, blyk dit dat sy boerdery deur die misdaad-diskoers omring was.

### *Misdaad-diskoers*

Wanneer Michael die misdaad-diskoers ter sprake bring, word burgeroorlog-taal in die teks gebruik om die narratief te konstrueer. Die vraag is duidelik: Waarvan moes die beskrywing van hierdie diskoers 'n mens oortuig en watter ervarings is daarmee saam gekonstrueer? Die volgende aanhalings wys hoe die misdaad-diskoers sekere gebeurtenisse in narratiewe konstrueer, wat deur 'n bepaalde samelewing as belangrike gebeurtenisse herken en oorvertel word.

> "… een van die heel eerste boervroue wat doodgemaak is was Lea Snyman (skuilnaam) in 1996 ... dit was vriende van my ma-hulle … sekere goed maak mos net 'n *impression*."
> "… baie mislukte aanvalle, so tien tot veertien."

Michael vertel vervolgens van 'n voorval waarby hy self betrokke was. Die teks gebruik die oorlewingsmetafoor, en bepaalde raskwessies kom daarin na vore.

> "… ons het almal Marnet stelsels gehad … en ek hoor oom Jan (skuilnaam) sê hulle is nou met my geweer en my bakkie hier weg ..."
> "… ek sê vir oom Jan ek is op pad … binne 'n halfuur het ons hierdie area van ons op en reg, want ons kom almal van die kerk af … Toe ek naby hulle (diewe) kom, blaas die bestuurder vir my toeter en wys met sy hand na my kant toe. Toe ek by hom verby ry, hoor ek 'n skoot afgaan, maar jy *worry* nie en ek draai om en jaag agter hom aan en toe is ons al drie ouens … toe hulle (diewe) by die pad kom, is twee van hulle doodgeskiet ... ons manne het dit gedoen … die derde een het die veld in gehardloop …"
> "… 'n week later vat ek aan my bakkie se tralies en ek voel maar hier's 'n gat agter … hy (dief) het kophoogte my tralies agter raakgeskiet."

Suggereer hierdie teks dat die misdaad-diskoers moontlik tot 'n burgeroorlog-diskoers gerekonstrueer word – burgeroorlog wat as misdaad verbloem word, maar inderwaarheid op rassewraak neerkom? Oud-president Nelson Mandela het al in 1992 opgemerk:

> "Die jong mense in die swartbuurte het deur die dekades 'n sigbare vyand, die staat, gehad. Weens die veranderinge wat ons nou beleef, is hierdie vyand nie meer sigbaar nie. U en ek, mense wat 'n motor bestuur en 'n huis besit, is deesdae die vyand. Dit is orde, alles wat daarmee verbind word en dit is 'n kommerwekkende situasie" (Esterhuyse, 1996, p.100).

'n Mens vra jou af watter ervarings en emosies die misdaad-diskoers in die boeregemeenskap konstrueer en hoe dit die skryf van mense se lewensverhale beïnvloed – mense wat gekonfronteer word deur 'n diskoers wat hulle potensieel hul lewe kan kos.

Dit is ironies dat die diskursiewe beskrywings oor hierdie aanval plaasvind nadat Michael-hulle van die kerk af kom. Kerkbywoning is 'n diepgewortelde Sondag-ritueel in die plattelandse samelewing. Oor die geskiedenis heen is swartmense toegang tot die meeste wit

kerke geweier. ’n Mens kan aanvoer dat die kerk moontlik deur sy linguistiese praktyke ’n verdere wig tussen wit en swart op die platteland ingedryf het, wat natuurlik weinig tot die konstruering van ’n vreedsame samelewing bygedra het.

Die misdaad-diskoers aktiveer op sy beurt kleiner diskoerse soos die patriargale diskoers waarvolgens die beskerming van die gesin as die plig van die man beskou word.

### *Patriargale diskoers*

Die volgende aanhaling wys tot watter mate die misdaad-diskoers bekommernis oor die eie gesin en beskerming geproduseer het.

> "… jy weet in die boerdery het ek net vir my self geleef. Jy weet ek moet myself beskerm en dit is my kraal. Ek moet sorg dat my familie, my vrou en kinders reg is. Toe ek geboer het, was dit daardie heeltyd *worry* oor alles van jou en my ma-hulle en die familie en daai tipe goed."

’n Mens kan jou afvra of die metaforiese konstruksie "kraal" moontlik na die dominante politieke diskoers van afsonderlike ontwikkeling verwys wat vóór 1994 gegeld het – ’n diskoers wat mense in kategorieë verdeel het en bepaalde eienskappe aan die onderskeie groepe toegeken het. Daar is waarskynlik nog Suid-Afrikaners wat volgens hierdie uitgediende diskoers, wat mense in groepe konstrueer en agterdog en vrees skep, leef.

Die woord "kraal" kan ook metafories na ’n eilandbestaan binne ’n geslote sisteem verwys, wat isolasie konstrueer. Is dit inderdaad moontlik om hierdie storie te rekonstrueer wanneer die kraal ander stemme en nuwe inligting buitehou?

Maar mense se stories lê altyd binne ’n groter ekonomiese diskoers ingebed. Michael stel die ekonomiese diskoers voor as die dominante invloed-diskoers wat moontlik vorm kon gee aan sy besluit om die grond te verlaat.

### *Ekonomiese diskoers*

Hierdie diskoers nooi verskeie ander diskoerse binne om ’n netwerk van diskoerse te vorm wat op ’n kragtige manier ’n konstruerende rol in die vorming van Michael se narratief en

besluitneming speel. Die ekonomiese diskoers dra ook die meeste by tot die rekonstruksie van ’n alternatiewe beroepsnarratief vir Michael.

> “Jy kan nie in boerdery ingaan as jy nie ou geld het nie … dit is Godsonmoontlik … ek lag as ek dink aan al die geld wat vir die opkomende boere gegee word.”
> “My plaas was ook te klein … en … my grond was ook nie te wonderlik nie.”

Mills (2004) sien taal en diskoers as ’n sisteem wat bepalende effekte het op die manier waarop mense dink en hulself uitdruk. Die teks verwys na diskoerse rondom potensiaal en die grootte van die plaas. Dit suggereer dat plaasgrootte as produksiefaktor aan die ekonomiese diskoers gekoppel is, wat op sy beurt ’n konteks vir finansiële sukses of mislukkig skep. Om deur die ekonomiese diskoers as ’n suksesvolle boerdery gekategoriseer te word, is dit nodig dat boere so winsgewend as moontlik boer. Dit beteken dat produksiefaktore soos arbeid so laag as moontlik gehou moet word. Boere kan dit regkry deur op groter plase te boer aangesien die winsgrens in verhouding tot plaasgrootte op dié manier verhoog kan word.

Op ’n meer subtiele vlak word verskeie ander diskoerse deur die ekonomiese diskoers betrek. Lanboukenners verwys byvoorbeeld na die fenomeen van armoede op die platteland en benadruk dit dat kleiner plase baie meer arbeidsintensief as groter kapitaalintensiewe en gemeganiseerde plase is, wat ’n groter bydrae tot werkskepping beteken. Van Zyl et al. (1996) voer dit ook aan as een van die redes waarom grondhervorming in Suid-Afrika nodig is, naamlik dat werkskepping op kleiner boerdery-eenhede kan plaasvind en armoede op die platteland beveg kan word. Die neiging na groter plase om winsgewendheid te verseker sal die armoede-diskoers en die ekonomiese diskoers egter met mekaar in konflik bring.

Wanneer daar in die teks na “ou geld” verwys word, vra ’n mens jou af in wie se belang die ekonomiese diskoers funksioneer en wie deur die diskoers gemarginaliseer word. As die teks suggereer dat erfgeld of erfgoed ’n beduidende rol by die skep van ’n suksesvolle boerdery speel, dui dit op ’n voorwaarde vir die sosiale konstruksie van sukses. Sou ’n talentvolle individu wat volgens eie vermoë besluit om ’n beroep in die landbou te skep, ’n kans op sukses staan? In Suid-Afrika word die beleid van regstellende aksie tans op alle terreine, insluitende die landbou, toegepas. Daar word vertrou dat die ekonomiese diskoers met die gepaardgaande hoë eise en voorwaardes wat dit aan boere stel, hierdie inisiatiewe sal kan akkommodeer.

Wanneer die teks verder na opkomende boere verwys, ontstaan die vraag of die ekonomiese diskoers met sy fokus op produktiwiteit en hoër winsmarges dalk in konflik met die grondhervormingsdiskoers in Suid-Afrika kan kom. Die teks konstrueer juis die tekortkominge van die beleid wanneer Michael sê: "Ek lag as ek dink aan die geld wat vir die opkomende boere gegee word."

Michael verwys binne die ekonomiese diskoers na die belang van 'n behoorlike begroting. Die teks wys die sosiaal-konstruktiewe aard daarvan uit as dit blyk dat Michael by sy pa geleer het om te boer, maar nie geleer het om 'n begroting in die praktyk te stel nie. Suggereer die teks dalk dat 'n vorige geslag boere hul boerdery nie as 'n besigheid beskou het nie?

> "… boere moet spesifiek geleer word hoe om met geld te werk. Want wanneer om te plant en hoe en wat om te doen met beeste weet jy al klaar. Jy leer dit van jou pa en op die plaas, maar leer nie hoe om te *budget*."

Michael beskou ook sy besluit om met stoetbeeste te boer as een van die faktore wat hom finansieel teruggesit het.

> "Ek het toe Bonsmaras gekry, maar toe sien ek dat ek te klein is om te kompeteer met die groter ouens en jy moet baie geld in 'n stoetery insit en ek wil amper sê hulle maak nie hulle geld uit die stoetery nie – daar is iets anders wat ook die geld inbring."
> "… daar is baie professionele manne: prokureurs, dokters, boekhouers en daardie tipe ouens en dan het hulle 'n lekker boerdery aan die gang. Maar die geld wat hulle daar spandeer, kom glad nie uit die beesboerdery uit nie – dis maar 'n *tax haven*."

Dit blyk uit die teks dat die ekonomiese diskoers boere produseer wat om ander redes as primêre boerderybelange by boerdery betrokke raak. Die teks suggereer dat sekere professionele persone wat hoë belastingkoerse moet betaal vir die doeleindes van belastingverligting en -manipulering by boerdery betrokke raak. 'n Wanpersepsie oor die winsgewendheid van stoetteling kan op dié manier geskep word.

Michael stel vervolgens die natuurdiskoerse voor wat in wisselwerking met die ekonomiese diskoers funksioneer.

### *Natuurdiskoers*

Michael stel die natuurdiskoers voor en verwys na die droogtes van 1992 en 1996:

> "Maar daardie twee erge droogtes het dit net onmoontlik gemaak om te oorleef."

Die teks suggereer dat die natuurdiskoers 'n konteks kan konstrueer wat tot die metaforiese dood van die boer kan lei. Die self en die geografie word volgens Cheney (1997) saamgesnoer binne 'n narratief wat die mens in 'n morele ruimte van verhoudings lokaliseer. Binne hierdie landskap word 'n samehangende self gekonstrueer. Vir Michael word daar selfs 'n religieuse element uit hierdie verhouding gekonstrueer, wat na vore kom wanneer hy opmerk:

> "... jy leef so na aan die Here omdat jy na aan die natuur lewe, en die natuur is die Here."

Die natuur en die boerdery-aktiwiteit word medespelers in die konstruksie van die boer se selfnarratief. 'n Verhouding word tussen die boer en die grond gevorm waarvolgens beide entiteite mekaar definieer. Uit dié verhouding spruit aksies voort wat die produksie van landbouprodukte rig. Die natuur kan 'n gunstige produksieverhouding skep of dit kan hard en ongenadig wees, wat 'n direkte invloed op die veelvuldige verhoudings binne hierdie konteks uitoefen.

Michael beskryf ook hoe daar in Suid-Afrika geen noemenswaardige ondersteuning of subsidies aan boere gebied word nie. Sodoende word die argument aan die groter politieke diskoers van die land gekoppel.

### *Politieke diskoers*

Wat vertel die volgende aanhaling 'n mens van die politieke diskoers?

> "Toe gaan ons en steek die groot Rubicon oor met Mandela wat vrygelaat word en 'n nuwe regeringstelsel wat ingestel word. Ons het maar aangepas, maar elke jaar het ek 'n bietjie meer finansieel agteruitgegaan."

Die politieke beleid word binne die instellings en wette van die staat gesanksioneer en feitlik elke vorm van die mens se alledaagse lewe word daardeur geraak. Die funksionering van hierdie regulatoriese norme neem ’n diskursiewe vorm aan wanneer boere praat oor die ekonomiese omgewing, subsidiestelsels aan boere, grondhervorming, nuwe arbeidswette en, onder andere, die polisie se onvermoë om misdaad te bekamp. Volgens Mills (1994) verander diskoerse saam met kernskuiwe wat in die geskiedenis plaasvind. Dit blyk uit die teks dat die politieke diskoers moontlik finansiële agteruitgang in die landboubedryf kan produseer.

Terwyl Michael “finansieel agteruitgaan” beskryf hy hoe hy geestelik “siek” geword het en in ’n krisis beland het.

***Biomediese diskoers***

Michael gebruik die biomediese diskoers om die krisis waarin hy beland het te beskryf. Hy formuleer die krisis wat hy beleef het terwyl hy geboer het op só ’n wyse dat dit aan ’n siektetoestand herinner. Wat vertel hierdie simptome ’n mens van die magsverhoudings waarin Michael vasgevang was?

> “Ek het ontsettend baie stres gehad.”
> “En ek het *panic attacks* in die aande gekry en dan vra ek my vrou om my vas te hou – ek was so angsbevange”.
> “Ek het vreeslik hoofpyn gekry.”
> “Met hartondersoeke het hulle ’n fibrillasie ontdek.”
> “Ek het nog letsels aan my hande … mense het my al gespot en gesê ek is *Mr Band Aid*.”

Michael gebruik die onderhandelde vorme van gesprek wat hom die nodige bronne gee om te glo dat hy in ’n krisis verkeer. Volgens McNamee (1994) is die woord *krisis* afgelei van die Griekse woord *krinein* wat beteken “om te skei” en “van die middelpunt af weg te beweeg”. Wanneer ’n persoon in ’n krisis beland, word hy of sy in ’n kantlynposisie geplaas. Om vanuit die dominante diskoers na ’n gemarginaliseerde posisie verplaas te word sal volgens McNamee (1994) ’n krisis konstrueer. ’n Krisis hang af daarvan of dit op die grense van ’n taalgemeenskap funksioneer. Die gemeenskap identifiseer dus die situasies wat tot die skep van ’n krisis aanleiding gee. Binne die kapitalistiese samelewing waarin die landbou ingebed

lê, kan ’n krisis maklik geskep word as produksie en winsmarges nie binne die kategorieë “suksesvol” of “geslaagd” gekonstrueer word nie.

Die teks verwys metafories na Michael as *Mr Band Aid* wat suggereer dat hy as ’n beseerde gediagnoseer kan word. ’n Mens wonder of daar nog “heel” boere in die landbou oor is en hoe moeilik dit vir Michael moes wees om as beseerde sy narratief te konstrueer.

Toe Michael in die krisis beland het, het hy nie gedink dat hy ooit weer ’n ander werk sal kan doen nie. Hy het egter op ’n punt gekom waar hy ’n besluit oor die boerdery moes neem. Michael se besluit om die plaas te verkoop is ’n besluit wat in gesprek met sy seun en rekenmeester gekonstrueer is.

### *Diskoerse rondom die rekonstruksie van ’n narratief*

> “Ek kry toe die gedagte dat ek iets moet doen. Jy kan nie net aangaan en aangaan nie. Ek het met my seun gepraat – hy het ekonomie geswot – en met my boekhouer. Dit was soort van ’n familiebesluit.”
> “… en toe val hierdie ding (besigheid) in ons skoot. Ek is nou al van Mei 2006 besig en dit gaan goed.”

Dit is interessant om te sien hoe daar ’n diskursiewe ruimte in die teks geskep word waarbinne veelvuldige interpretasies of beskrywings kon plaasvind. Michael se interaktiewe konteks het ook nie net voorkeur aan een tipe beroepsdiskoers gegee nie, maar het dit vir hom makliker gemaak om ’n nuwe konstruksie van sy wêreld te kon vorm. Hy kon wegbeweeg van die logika van ’n narratief wat hy vir dertig jaar uitgeleef het. McNamee (1994) wys daarop dat wanneer ’n persoon sy of haar kwesbaarheid in taal uitspreek, die moontlikheid bestaan om ’n nuwe identiteit te konstrueer en die taal van die lewensverhaal te rekonstrueer. Wanneer daar na identiteit gekyk word, skryf Jordaan (2007) dat die hedendaagse mens volgens die Griekse mitologie as ’n soort Proteus gesien word, “... die seegod wat sy vorm voortdurend kan verander – van ’n wildevark na ’n leeu, ’n draak, ’n vuur, ’n vloed. Tot ’n enkele vorm kon hy homself nie verbind nie” (p.9).

In die volgende gedeelte word Marius, die laaste navorsingsdeelnemer, se narratief geëksploreer. Diskoerse wat bespreek word, sluit die beroepsdiskoers; die stoettelersdiskoers; die ekonomiese diskoers; die diskoers van die koöperasie as ’n instelling; die beleggingsdiskoers; die emosionele diskoers; en die ouderdomsdiskoers in.

## Marius

Ook Marius beskou die boerdery as ’n tradisionele praktyk. Hy was die tweede geslag boer op die plaas en het ’n gedeelte van die grond en ’n kern van sy pa se Jerseykudde (naam verander) geërf. Marius is getroud en het vier afgestudeerde seuns. Twee van hulle het landbou studeer, maar beklee nou ander beroepe weens die feit dat Marius gesekwestreer is. Volgens Marius was die boerdery ’n uitgemaakte saak, en dit blyk uit die onderstaande aanhaling dat hy die boerderydiskoers as beroep geïnternaliseer het.

### *Beroepsdiskoers*

> “… ek het net mooi nooit daaroor getwyfel dat ek wil boer nie, my pa het geboer en ons drie seuns het gaan boer.”

Die sekerheid en selfvertroue wat hierdie stelling in die teks produseer, laat die vraag ontstaan of die boerderydiskoers dalk te voorskrywend aangebied word vir ’n kind wat in die boerderykonteks grootword, deurdat weinig ander beroepsdiskoerse vir oorweging beskikbaar gestel word. Die teks verwys ook na die vormende rol wat die gesin-van-oorsprong-diskoers in die konstruering van beroepskeuse speel.

Marius was meer as vyf-en-dertig jaar lank ’n boer. Hy het reeds vroeg in sy lewe beroepsekerheid ervaar en kon gevolglik aan sy stabiliteitsnarratief begin skryf. Hy het hom as uitnemende boer onderskei deur nie alleen ’n baie suksesvolle melkery te vestig nie, maar ook ’n gerekende Jerseystoetteler te word. In hierdie vertakking van die boerdery was hy landwyd bekend en het hy as beoordelaar by verskeie landbouskoue opgetree. Hy het verder op allerlei komitees en verenigings in die landboubedryf gedien. Ek gaan vervolgens poog om die gesprek aan die groter beskikbare diskoerse wat in die samelewing sirkuleer te verbind en die diskoerse identifiseer wat Marius se besluit om die boerdery te verlaat beïnvloed het. Die ekonomiese diskoers funksioneer baie dominant in Marius se narratief en

verwys na ’n netwerk kleiner diskoerse soos die stoettelersdiskoers, die middelman-diskoers en die diskoers van die koöperasie as ’n instelling. Alhoewel hierdie diskoerse afsonderlik aangebied word, vorm en beïnvloed hulle mekaar deurentyd. Binne die konteks van interafhanklike diskoerse word verskeie verhoudings, emosies, ervarings en besluite geproduseer.

Die kernsaak van Marius se boerderyonderneming was ’n melkery, bestaande uit ’n Jerseystoetery. Hierdie stoetery was vir hom van groot betekenis.

***Stoettelersdiskoers***

Die teks dui die besondere verhouding aan wat Marius met sy beeste gevorm het en wys op die rol wat geskiedenis en mense (sy pa) in die sosiale konstruksie van die diskoers speel.

> “Ek was baie lief vir my beeste.”
> “… ek het ’n klompie Jerseys (beeste) by my pa gekry wat ek opgeteel het en die ander het ek self aangekoop en verder opgeteel. Ja dis net iets wat ek nie sou oorweeg om te verkoop nie.”

Om binne die ekonomiese diskoers te oorleef sou Marius egter verskeie veranderings aan sy boerderyplan moes aanbring en nuwe boerderydoelwitte konstrueer. Hierdie doelwitte sou hom in konflik bring met die stoettelersdiskoers wat ’n dominante rol speel in die konstruering van sy identiteit. Die argument word verder onder die ekonomiese diskoers gevoer.

’n Onderlinge verband kom dikwels tussen diskoerse voor en alhoewel die fokus op die ekonomiese diskoers val, bring Marius ook die stoettelersdiskoers ter sprake. Dit laat ’n mens wonder oor die onderlinge verhouding tussen die twee diskoerse en die mate waartoe Marius se ervarings en besluite sy boerdery beïnvloed het. Bo en behalwe sy status as melkboer was Marius ook een van die land se top Jerseystoettelers. Die stoettelersdiskoers dra groot betekenis in die boerderykonteks deurdat hierdie boere as besonder suksesvol beskou word. Die stoettelersdiskoers behels ’n liggaam met voorskrywende diskursiewe praktyke en die stoetteler beklee ’n bepaalde voorkeurposisie daarin vanweë sy spesialiskennis en kuddeprestasie. Hierdie diskoers produseer ook aansien vir die stoetteler onder sy medeboere. Marius is vir sy vernuf beloon deurdat hy op die Vereniging van Jerseystoettelers gedien het.

As subjek het Marius dus status bekom deur ’n gedeelde betekenissisteem en die diskursiewe beskrywings van die diskoers. Die vormende praktyke binne die stoettelserdiskoers kom in die volgende aanhaling na vore:

> “Ek het baie bevrediging uit my werk gekry en het op ’n stadium die toekenning gekry vir die beste suiwelboer van die Vrystaat.”

Alhoewel hierdie diskoers werksbevrediging geproduseer het, wonder ’n mens onwillekeurig of dit ook ekonomiese sukses opgelewer het.

Marius, wat die reëls van die stoettelersdiskoers baie goed geken het, het besef dat hy as stoetteler in die sosiale arena staan en aan sosiale evaluasie onderworpe was. Binne hierdie gedeelde betekenissisteem moes ’n suksesvolle stoetteler ook finansieel suksesvol wees. Marius kon nie meer sy identiteit as stoetteler uitleef nie, omdat hierdie identiteit nie versoenbaar was met die identiteit van ’n ekonomies onsuksesvolle landbou-ondernemer nie. Alhoewel Marius oor al die kennis van stoetteling beskik het, bring die ekonomiese diskoers konflik en verwarring in sy narratief. Dit sluit aan by Burr (1995) se redenasie dat diskoerse wat identiteit vorm, implikasies het vir wat mense kan en moet doen. Nadat Marius gesekwestreer is, bedank hy as beoordelaar van die Jerseyras en daarvandaan neem sy lewensnarratief ’n regressiewe dimensie aan. ’n Mens kan jou natuurlik afvra of Marius se narratief van be-oordeling van beeste dalk ’n narratief van be-oordeling van die self geword het. Marius raak bewoë wanneer hy in die onderhoud daarna verwys. Hy kry dit nie reg om daaroor te praat nie, behalwe deur te sê dat alles “nag” was. Wanneer Marius die woord “nag” gebruik, is daar gewis ’n verband met die feit dat hy sy stem in die ekonomiese diskoers verloor het. Ekonomiese welvaart word volgens Gergen (1989) beskou as een van die belangrikste bronne om ’n stem van mag te verkry.

Uit die volgende bespreking word dit duidelik hoe mag binne die boerderykonteks deur verskeie diskoerse, byvoorbeeld die ekonomiese diskoers en die koöperasie as ’n instelling, gekonstrueer word ten einde aan hul onderskeie doelwitte te voldoen.

### *Ekonomiese diskoers*

> "As ons van die suiwelbedryf praat, dis erg … die afgelope tyd is daar 'n gemiddeld van 30 suiwelboere per maand wat die bedryf verlaat."
> "Dit is 'n korrupte geldmaakspul (die suiwelbedryf) van die middelman."

Diskoerse is nou gekoppel aan die manier waarop die samelewing georganiseer en bestuur word. Binne die kapitalistiese samelewing funksioneer daar verskeie instellings wat aan mense sosiale posisies en status bied. Die ekonomiese diskoers is dus in staat om mense tot werkers, werknemers of werkloses te reduseer. Volgens Burr (1995) word hierdie diskoers daagliks deur alledaagse aktiwiteite soos koop en verkoop in die praktyk gestel. Daar is verskeie magsverhoudings wat binne hierdie instellings funksioneer, en vanuit dié magsposisies word die praktyke en werksaamhede van groepe en individue gereguleer. Wanneer daar na die koöperasie as 'n instelling gekyk word, blyk dit uit die teks dat die ekonomiese diskoers waarskynlik ook bedrog kan konstrueer. Die teks suggereer verder dat die ekonomiese diskoers sy subjekte moontlik kan marginaliseer. Binne die ekonomiese landboudiskoers word daar verskillende posisies ingeneem. Die middelman beklee 'n magsposisie, nie net vanweë sy geïnstitusionaliseerde mag nie, maar ook vanweë die feit dat melk 'n bederfbare produk is en prysonderhandeling daardeur beperk word. Die magtelose posisie wat die melkboer in hierdie diskoers beklee, ontstaan nie weens sy swak oordeel of vermoë nie, maar is eerder 'n produk van die magsverhoudings wat binne die diskoers geproduseer word.

Die volgende diskursiewe beskrywings wat kortliks bespreek word, wys hoe taal as magsinstrument aangewend word en hoe mense se vermoë om aan sekere diskoerse deel te neem, hulle mag gee. Op dié manier organiseer diskoerse sosiale verhoudings as magsverhoudings (Parkin, 1992). Toe Marius op 'n vergadering van 'n groot melkverspreider 'n inset oor die krisis in die melkbedryf wou lewer – deur na melkpryse en die vergoeding van boere te verwys – maak die hoofbestuurder sy magsposisie soos volg in die teks duidelik:

> "Kla julle nog oor melk en ek vlieg melk in."

Marius is ook onthef van sy posisie op die advieskomitee van die melkverspreidersorganisasie omdat hy die boere se saak te sterk gestel het. As lid van die

suiwelbedryfkomitee van die Kaapse Landbou-Unie (naam verander) het hy op ’n nasionale kongres ’n vraag gestel oor die feit dat melkkopers melk teen goedkoper pryse invoer as waarvoor boere dit kan produseer – ’n gebruik wat onwettig was:

> “Ek wil net weet wie is gevang of beboet oor hierdie geweldige onwettige invoere van melkprodukte?”

Daarop het ’n landbouleier in die gehoor hom berispend op die skouer geklop en gesê:

> “Ek wil net vir jou sê ’n mens vra nie sulke vrae op ’n nasionale kongres nie.”

Die teks wys hoe Marius binne die grense van die diskoers moes onderhandel. Die diskoers skryf dus voor wie mag praat, wanneer daar gepraat mag word en wat die inhoud van die gesprek moet wees. Die magteloosheid wat weens hierdie magsverhoudings geproduseer word, vorm ’n wesenlike deel van die diskoers. Volgens Burkitt (1999) kan individue wat in ’n netwerk van verhoudings staan, oor die nodige talente, vermoëns, geleenthede of bronne beskik wat hulle in staat stel om teen dominante sisteme weerstand te bied. Marius het egter nie oor genoeg mag beskik om betekenisvol teen hierdie sisteem weerstand te bied nie. Mag is dus meer as net ’n konsep, maar funksioneer as ’n verhouding tussen mense en groepe.

Die middelman-diskoers speel af binne die groter ekonomiese diskoers waar monetêre resultate binne ’n kompeterende sake-omgewing gelewer moet word, die motto “survival of the fastest and fittest” geld en landboustrategieë vinnig moet verander om oorlewing te verseker. Dit beteken dat boere in staat moet wees om hul boerdery-aktiwiteite te kan verander om by die vraag en aanbod van produkte te kan aanpas. ’n Mens wonder hoe moeilik boere dit moet vind om by hierdie diskoers aan te pas, veral weens die kulturele narratiewe wat binne die boerderykonteks voorkom, waar waardes soos dié van konserwatisme en die nalatenskap-/vererwingsdiskoers (wat met voorspelbaarheid, identiteit, standvastigheid en die voortsetting van familietradisies geassosieer word), gehandhaaf moet word. Hierdie konsep, wat ’n sosiale konstruksie is, word ook vasgevang in die ou Volkslied van Suid-Afrika waar daar biddend gesing word: “Laat die erwe van ons vadere vir ons kinders erwe bly.” As Marius finansieel wou oorleef, sou hy sy primêre boerdery-aktiwiteite moes verander of in konflik met die ekonomiese diskoers en sy instellings kom.

### *Die koöperasie as ’n instelling*

Die onderstaande teks toon aan hoe die magsverhoudings binne die koöperasie as ’n instelling funksioneer en wat die implikasies daarvan vir Marius is. Volgens Parkin (1992) word die kennis wat binne diskoerse voorkom, in alledaagse interaksie in verhoudings van dominasie en ondergeskiktheid toegepas.

> “Ek gee vir my bestuurder my lidnommer en ek het hom gevra watter rente betaal ek? … jy weet, ’n mens wil darem weet … hy het gesê: ‘maksimum’ … en hy het dit weer gesê: ‘maksimum’.”
>
> “Jy is altyd … jy kom altyd tweede; as jy met ’n koöperasie of ’n melkkoper deurmekaar is, kom jy altyd tweede. Daar is nie ’n manier waarop hulle geld gaan verloor nie.”

Wanneer die teks klem lê op “maksimum”, blyk dit dat daar nie in die diskoers ruimte vir enige onderhandeling gelaat word nie. Dit dui waarskynlik op die magswanbalans wat in die ooreenkoms voorkom. Die koöperasie as ondernemingsvorm is ’n sakemodel waarvolgens alle boere wat lede van die koöperasie is, aandeelhouers word en dus kollektiewe bedingingsmag bekom (Van Zyl, 2007). Die meeste landboukoöperasies is in die vroeë 1990’s in maatskappye omgeskakel, wat sedertdien aansienlike suksesse as sake-ondernemings behaal het. Boere was van dié tyd af nie meer lede van hul landboukoöperasie nie, terwyl die struktuur en reëls van die instellings ook verander het. Sou al die rolspelers wat by hierdie instellings betrokke was, wis dat die veranderings aan die instellings ook met veranderings in die produksieverhoudings tussen rolspelers gepaard sou gaan? Mag manifesteer baie duidelik in produksieverhoudings. Die verweefdheid van persoon en struktuur en van mens en instelling kom duidelik in die koöperasie as ’n instelling na vore.

Die regulerende mag van instellings word toegepas wanneer die koöperasie Marius se posisie as insolvent kategoriseer. Dit word duidelik dat die groter regstelsel die ekonomiese diskoers in stand hou, as Marius vertel hoe ’n veiling van sy boerdery gehou is.

> “… en jy het geen beheer daaroor nie … niks is teruggehou (op die vendusie) nie ... ouens het vir my kom vertel van trekkers wat vyf- en sesduisend rand gegaan het.”

Wanneer Marius oor die toekoms van boerdery in Suid-Afrika praat, bring hy die beleggingsdiskoers ter sprake. Dit blyk dat die ekonomiese diskoers boerdery as ’n swak belegging, wat ’n lae opbrengs op kapitaal lewer, konstrueer.

### *Beleggingsdiskoers*

> “As jy geld het en jy wil dit belê, is die laaste plek waar jy dit moet belê in die landbou. As jy ’n besigheidsman het wat 2 tot 3 miljoen rand het om te belê sal hy slim genoeg wees om dit nie in die landbou te belê nie.”

Suggereer die teks dan dat slegs nie-besigheidsmense by boerdery-aktiwiteite betrokke raak? En kan hierdie persepsie oor die beleggingswaarde van boerdery as verteenwoordigend van die landboubedryf beskou word? Volgens Burr (1995) is opinies nie geldige konstruksies van die werklikheid nie, maar manifestasies van diskoerse en verteenwoordigend van gebeurtenisse oor die hele spektrum van die sosiale lewe.

Wanneer Marius deur die ekonomiese diskoers gemarginaliseer word, kom die emosionele diskoers na vore.

### *Emosionele diskoers*

Dit blyk uit die onderstaande teks dat die ekonomiese diskoers Marius marginaliseer, aangesien dit hom nie meer toelaat om sy boerdery-aktiwiteite voort te sit nie.

> “… maar daar’s net een ding wat ek vir jou kan sê as ’n mens in so ’n situasie is en jy dink daar is iemand wat vir jou iets voel, het jy jouself gebluf. Jy staan honderd persent alleen – niemand kom bied vir jou hulp aan nie – dan is jy alleen.”

Die woord “alleen” in die bogenoemde teks kom gelade voor. Die teks suggereer dat die ekonomiese diskoers van die dominante humanistiese diskoers gebruik maak waarvolgens ’n goed funksionerende persoon iemand is wat in beheer van sy of haar lewe is, oor keuses beskik en die gevolge van sy of haar keuses kan hanteer. Dit laat die gemeenskap egter sonder enige verantwoordelikheid of simpatie. Marius verwys nêrens in die onderhoud na sy

vrou of gesin se rol in die krisistyd in sy lewe nie, wat ’n mens laat wonder oor die sosiale konstruksie van die afwesigheid.

Iets van emosie as ’n kulturele konstruksie kom na vore wanneer Marius na ’n insident verwys waar hy, nadat hy sy grond verloor het, ’n skou besoek en by die stalle vertoef.

> “Toe ek in die stalle kom en toe ek daai reuk kry van daai skou en ek weet elke skou ruik dieselfde – toe *crack* ek heeltemal … (emosioneel) toe loop ek deur die stalle daar in ’n bloekombos in en … daar het ek dit maar met myself gaan uitmaak – dit was sleg.”

Die teks toon aan hoe Marius poog om sy emosies onder beheer te kry en dit duidelik met niemand wil deel nie. Binne die Afrikanerkultuur bestaan daar die opvatting dat mans emosioneel sterk moet wees. Die “swakker” vroulike geslag word as meer emosioneel gesien, terwyl die man as rasioneel beleef word. Hierdie magsverskille het ook indirek in die onderhoud gestalte gekry deurdat Marius, duidelik bewoë, sy rug op my gekeer het toe hy na die episode verwys het en nie verder wou uitbrei oor sy ervaring om die boerdery te verlaat nie.

Volgens Gergen (1989) is dit van psigologiese belang dat mense oor die linguistiese vaardighede beskik om die “binnewêreld” tot lewe te bring en volle deelnemers aan die sosiale lewe te word – anders beroof hulle hulself van die simboliese bronne wat nodig is vir volledige sosiale funksionering. ’n Mens wonder tot watter mate isolasie ’n belemmerende rol gespeel het in die konstruksie van nuwe moontlikhede of inisiatiewe in Marius se boerdery.

Wat verder opval, is die feit dat die teks glad nie na Marius se ouderdom verwys nie.

### ***Ouderdomsdiskoers***

Marius is sestig jaar oud. ’n Mens kan jou natuurlik afvra of die ouderdomsdiskoers aan die konteksskepping vir finansiële verlies deel gehad het. Die ouderdomsdiskoers word deur ’n tyd van ekonomiese en beroepstabiliteit en konsolidasie gekenmerk. Dit is duidelik dat hierdie diskoers nie ruimte vir verandering skep nie. Deurdat Marius net sekere maniere van

praat oor homself as legitiem beskou het en ander nie, kon dit hom dalk beperk het ten opsigte van nuwe konstruksies oor homself en die manier waarop hy homself ervaar het.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Marius die godsdiensdiskoers ter sprake bring.

### *Godsdiensdiskoers*

> "... en dan gaan ek in daai spruit en dan gaan sit ek onder 'n bos … op die sand … en dan sê ek: 'Here, ek verstaan dit nie, ek verstaan dit nie.'"
> "… maar dit is nou verby en ek dink ek sal dit kan hanteer om heeltemal in 'n ander bedryf – wat ek glo die liewe Here op my pad gebring het en ek vertrou dat dit nou beter sal gaan."

Dit blyk dat die godsdiensdiskoers Marius gehelp het om 'n ander tipe gesprek oor sy toekoms te begin formuleer. Die manier waarop mense praat het dus 'n effek op hoe hulle hulself in die lewe posisioneer. Die teks wys hoe Marius persoonlike mag deur middel van die godsdiensdiskoers bekom deurdat hy dít wat die Here volgens hom op sy pad bring, as "tekens van God" interpreteer.

Natuurlik kan die godsdiensdiskoers ook as 'n meta-narratief gebaseer op God se wil vir 'n mens beskou word – God, die alwetende Vader, wat in beheer is en mense daarvan weerhou om selfondersoek in te stel en verantwoordelikheid te neem. Die vraag ontstaan of die godsdiensdiskoers Marius toelaat om sy aandeel raak te lees in die konstruksie van sy noodgedwonge besluit om die landbou te verlaat.

### *Eie refleksie*

Met die lees en herlees van die drie navorsingsdeelnemers se narratiewe, waartydens ek gepoog het om dié diskoerse te identifiseer wat 'n invloed kon hê op boere se besluit om die landbou te verlaat, was ek veral van twee prosesse bewus. Eerstens dat die narratiewe 'n effek op my uitgeoefen het en tweedens dat ek, deur die skryf van die navorsingsverslag, op mý beurt 'n effek op die narratiewe uitgeoefen het. Ek het besef dat betekenis nie in die teks opgesluit gelê en wag het om ontdek te word nie, maar deur die leesproses geskep word. Die inligting wat ek uit die teks ontvang het, het ek met my eie kennis versmelt en die navorsingsnarratief daarvolgens gekonstrueer. Selfs die grense wat ek om die teks geplaas

het, het ek volgens eie oordeel en pragmatiese oorwegings gedoen. Dit beteken dat my eie agtergrond my tot ’n unieke interpretasie van die teks gelei het. Deur “in taal te wees” (sê Anderson & Goolishian (1988)) is ’n dinamiese en sosiale operasie. Dit gee aanleiding tot die sosiale skepping van intersubjektiewe realiteite wat ons tydelik met mekaar deel. Die rol van die leser by die produksie van ’n teksinterpretasie is ’n posisie wat met groot verantwoordelikheid gepaard gaan, iets wat my dikwels onseker gelaat het.

Wat my posisie in die navorsingsproses betref het ek gewonder hoe legitiem die boere my as vroulike navorser beskou het – hierdie boere wat so ’n sterk patriargale karakter geopenbaar het. Watter invloed sou dit op die onderhoud hê? In die teks het daar hoofsaaklik manlike subjekte na vore gekom, en ek het deurentyd gewonder oor die afwesigheid van vroue in die konteks.

Persoonlike refleksie op die diskoersanalise van die navorsingsdeelnemers se narratiewe is ’n moeilike taak. Ek het besef dat ek in die proses besig was om my beeld na buite te konstrueer en het gewonder watter diskursiewe beskrywings ek sou kies en watter ek sou uitlaat, en om watter rede ek dit sou doen. My eie belang in die navorsing moet dus in berekening gebring word.

Ek het my eie verwagtinge van die landbou in die navorsing ingedra en was daarom verras oor die diskoerse wat die navorsingsdeelnemers geïdentifiseer het. My verwagting was dat boere die landbousektor hoofsaaklik om politieke redes verlaat, byvoorbeeld weens die impak van die regering se grondhervormingsbeleid; negatiewe beriggewing oor besetneming van plase in buurlande; grondonteiening; of ’n onvermoë by boere om in ’n demokratiese Suid-Afrika aan te pas. Die diskoerse wat in die narratiewe van die navorsingsdeelnemers geïdentifiseer is, het hierdie idees egter net gedeeltelik gestaaf. Ek besef dat my negatiewe opinie betreffende die toekoms van die landbou ook maar net ’n sosiale konstruksie is en beslis nie as absolute waarheid kan deurgaan nie. Aangesien ek nie self voltyds boer nie, was die medeskeppende bronne waarmee ek hierdie konstruksies gevorm het, hoofsaaklik die koerante en die televisie. Ek het dus bepaalde taal-etikette oor boerdery in die navorsing ingedra. Nietemin was ek bedag op die gevaar dat dit ’n gemaksone kon word wat my daartoe kon verlei om te dink dat dit die finale woord oor mense en hul standpunte bevat.

Marius het dit byvoorbeeld onomwonde gestel dat politiek of "kleur" niks met sy besluit te make het nie. Die magtelose posisie waarin hy deur die middelman geplaas is, het dit vir hom onmoontlik gemaak om sy narratief as boer verder uit te leef. Dit was vir my 'n ontnugtering om te besef in hoe 'n mate die boer aan die sakewêreld en sy instellings uitgelewer is en waarskynlik in die naam van slim besigheidspraktyke uitgebuit en verarm word. My mening dat 'n boer deur sy eie toedoen en kundigheid sy boerderysukses kan verseker, is daardeur weerspreek, terwyl die filosofie van realiteite as 'n sosiale konstruksie versterk is.

Met die lees van Sebastiaan se verhaal was die diskursiewe beskrywings oor misdaad vir my onthutsend. Ek het my die vraag afgevra watter ideologie ek in die navorsing inbring. Die keuse van emigrasie en die geweldige prys van afsterwing van die gemeenskap en die land wat jou mens gemaak het, teenoor die keuse om in Suid-Afrika aan te bly met die wete dat misdaad of selfs die dood 'n konstante medereisiger is, het tot 'n geweldige persoonlike worsteling gelei. Ek wou nie met die diskoers omgaan nie omdat dit my toekomsverwagtinge vir myself en my gesin negatief gekonstrueer het. Die misdaad-diskoers het ook die vrees geproduseer dat ons as 'n samelewing nie oor die gemeenskaplike en gedeelde wil beskik om die diskursiewe beskrywings oor misdaad te verander nie. Daarby het ek 'n onwilligheid ervaar om met die teenpool van die diskoers, wat die misdadiger betrek, te werk. Ek besef egter meer as ooit tevore dat ek self in die groter gemeenskap betrokke moet raak en ook mý bydrae moet lewer tot die konstruksie van 'n samelewing wat nie deur die misdaad-diskoers gedomineer word nie.

Die effek van die gesin-van-oorsprong-diskoers op Sebastiaan se narratief het my onseker gestem. Hoe is dit moontlik dat die diskoers hom verhoed het om sy potensiaal te bereik of goeie besluite te neem? Oënskynlik vorm hierdie gesin baie hegte bande en Sebastiaan het reguit oor dié noue verhoudings gepraat. Wat myself betref het ek ook besef dat ek die boerdery namens ons familie bestuur weens 'n verantwoordelikheid wat nog deur my eie gesin-van-oorsprong-diskoers gekonstrueer is.

Die lees van Marius se verhaal het aanvanklik oordeel by my ontlok. Ek het eers later besef dat ek hom as 'n individu beskou het wat vir sy eie situasie verantwoordelik was en dan ekonomiese instellings soos die middelman daarvoor wou kritiseer en blameer. Ek het tipies vanuit die modernistiese verwysingsraamwerk van oorsaak en gevolg geredeneer. Later het die werking van die diskoerse my egter daarvan oortuig dat Marius binne 'n bepaalde

magsverhouding tot die instellings geposisioneer was en deur ’n netwerk van diskoerse tot ’n gemarginaliseerde posisie gereduseer is.

My ervaring van die diskoersanalise is dat ek dit aanvanklik as die identifisering van voor die hand liggende temas beskou het. Eers toe ek met die teks in gesprek tree, het ek intens bewus geword daarvan dat mense se lewe en hul realiteit in die konstruksieveld van taal en diskoerse saam met ander mense s'n gevorm word.

## *Samevatting*

In die eksplorasie van die drie navorsingsdeelnemers se narratiewe is daar aangetoon dat verskeie diskoerse die mens omring en die potensiaal het om objekte op verskillende maniere te konstrueer. By elkeen van die boere is verskillende aspekte in fokus gebring, verskillende sake vir oorweging geproduseer en verskillende praktiese implikasies gekonstrueer. Saam maak hierdie diskoerse die diskursiewe konteks uit waarbinne boere se besluite oor boerdery-aktiwiteite en hul lewe gevorm word.

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op diskoerse wat uit die drie navorsingsdeelnemers se tekste geïdentifiseer is. Alhoewel daar baie meer diskoerse in die teks sirkuleer as dié wat ek aangebied het, meen ek dat die geïdentifiseerde diskoerse wel die belangrikste konstruerende invloed op boere se besluite om die boerdery te verlaat uitmaak. ’n Inleiding is voorsien waarna die navorsingsdeelnemers se narratiewe bespreek is. In Sebastiaan se narratief is die diskoerse wat na vore kom die gesin-van-oorsprong-diskoers; die beroepsdiskoers; die stoettelersdiskoers; die ekonomiese en globaliseringsdiskoers; die politieke diskoers; die misdaad-diskoers; die opvoedingsdiskoers; die patriargale diskoers; en diskoerse wat in die pers gevoer word. Michael se narratief verwys na die beroepsdiskoers; die misdaad-diskoers; die patriargale diskoers; die ekonomiese diskoers; die natuurdiskoers; die politieke diskoers; die biomediese diskoers; en diskoerse rondom die rekonstruksie van ’n narratief. Laastens is Marius se narratief bespreek, en die diskoerse wat geïdentifiseer is, is die beroepsdiskoers; die stoettelersdiskoers; die ekonomiese diskoers; die koöperasie as ’n instelling; die beleggingsdiskoers; die emosionele diskoers; en die ouderdomsdiskoers.

In die slothoofstuk word ’n opsomming gegee van die belangrikste diskoerse wat geïdentifiseer is, terwyl die praktiese waarde wat dit vir die sielkunde inhou, ook aangedui word.

# HOOFSTUK 5

# SLOTGESPREK

Die navorsingsreis na die simboliese landskap van diskoerse wat 'n konteks skep waarbinne boere besluite neem om die boerdery te verlaat het ten einde geloop. In hierdie slotgesprek nooi ek die leser om die samevattende gedagtes van die navorsingsnarratief wat gedurende die reis gekonstrueer is, met my te deel. Die navorsing wat aan die reismetafoor gekoppel is, het 'n aanvang geneem in hoofstuk een waarin die aanloop tot die navorsing bespreek is en ek my eie boerderynarratief aangebied het. Die vertrekpunt van die reis was die navorsingsvraag: *Hoe skep openbare en private diskoerse 'n konteks waarbinne boere besluit om die boerdery te verlaat?* In hoofstuk twee is die konteks waarin boerdery in Suid-Afrika gesitueer is, aan die hand van 'n literatuurstudie, uiteengesit. Hoofstuk drie verken die paradigmatiese vertrekpunt en die metodologie waarin die navorsing geplaas is. In hoofstuk vier is die eksplorasie van teks wat aan die hand van 'n diskoersanalise gedoen is, uiteengesit. Volgens Parker (1992) vorm diskoerse die simboliese omgewing waarin mense gesitueer is en bied dit belangrike insigte in die gekonstrueerde sosiale wêreld wat deur taal in-sosiale-interaksie vorm aan mense se lewe gee.

Hierdie reis, wat deur die lens van die sosiale konstruksionisme gekonstrueer is, het vir my nuwe insig in menslike gedrag, die sielkunde, die self en voorheen algemeen-geldende waarhede gebring. Gedurende die reis het die verduidelikende lokus vir menslike gedrag vir my algaande vanaf die klassieke fokus op individue se interne belewenisse en verstandelike prosesse na 'n fokus op prosesse en strukture van menslike interaksie verskuif. Die teks het my ook deurentyd uitgenooi om gevolgtrekkings as histories en kultureel gesitueerd, en daarom voorlopig, te beskou. Waar openbare diskoerse suggereer dat boere die landbou om politieke en misdaadredes verlaat, toon hierdie studie dat boere se bestaan in 'n groter netwerk van openbare en private diskoerse gesetel is. Deur die sosiale leefwêreld van die boer te dekonstrueer het onverwagte nuwe sienings na vore gekom, wat bestaande konsepsies vervang. Die identifisering van hierdie diskoerse help 'n mens dus om aspekte te sien wat andersins ongesiens sou verbygaan. Diskoersanalise dra ook by tot die konstruering van nuwe insigte deurdat dit verskillende maniere van praat sodanig sistematiseer dat 'n mens dit beter kan verstaan. Geïdentifiseerde diskoerse bestaan nie in 'n vakuum nie, maar figureer binne

tyd en plek waar hulle konstant in konflik kom met ander diskoerse en sosiale praktyke wat hulle van waarheid en outoriteit wil inlig en oortuig.

Alle betekenis wat in die teks gevorm word, is manifestasies van die verskeidenheid diskoerse wat die teks omring. Die teks rapporteer dat die diskoerse wat navorsingsdeelnemers in hul alledaagse lewe gebruik, bepaalde implikasies vir hulle inhou en vormend op hul narratiewe, hul ervaring van identiteit en hul besluite inwerk. Die teks verwys onder andere na die invloed van mag en die waargenome manier waarop dit in die deelnemers se sosiale verhoudings neerslag vind. Daar word gesuggereer dat diskoerse tot verskillende vorme van gedrag aanleiding gee, wat magsposisies óf kan bevorder óf kan beperk. Verskeie diskoerse is in die navorsingsdeelnemers se teks geïdentifiseer en ’n opsomming daarvan word vervolgens verskaf. Omdat hierdie diskoerse intertekstueel in die teks funksioneer, is dit moeilik om hulle uitmekaar te haal en afsonderlik aan te bied.

Uit die teks blyk dit dat daar ná die politieke oorgang in 1994 ’n bewussyn van groter sisteme vir boere oopgegaan het, wat verdiskonteer moes word. Waar boere vóór 1994 op die lokale en eie kon fokus, het dit nodig geword om nasionale en selfs internasionale diskoerse in ag te neem. Met die oopstel van sisteme is Suid-Afrika aan die internasionale ekonomiese arena gekoppel. Dit blyk veral uit Sebastiaan se narratief dat boere nie oor genoeg kennis van hierdie domein beskik nie en daardeur die gevaar loop om weens die diskoers gemarginaliseer te word. Die konsep van kennis wat mag gee, figureer baie duidelik in die globaliseringsdiskoers.

Die politieke diskoers is deur beide Sebastiaan en Michael voorgestel. Hierdie diskoers word gekenmerk deur die oopstel van grense tussen bevolkingsgroepe, wat deur sy wette en praktyke ’n multikulturele boerderykonteks vir Suid-Afrika voorskryf. In Michael se narratief maak die teks juis van die “kraal”-metafoor gebruik wanneer daar geïllustreer word hoe Michael deur die diskoers geposisioneer word. Vir boere wat lank binne ’n monokultuur hul eie lewensuitinge kon bepaal, blyk dit dat die politieke diskoers magteloosheid en onsekerheid oor die toekoms produseer. Wanneer die politieke diskoers suggereer dat die ongeregtighede van die verlede reggestel moet word deur ’n hernieude polities-geïnspireerde fokus op grond en boere, ervaar die navorsingsdeelnemers dat die diskoers hulle uitsluit, wat negatiewe toekomsverwagtings by hulle konstrueer. Soos in die literatuurstudie aangetoon, is die politieke situasie en grondhervorming die produk van sosiale prosesse wat oor tyd in

Suid-Afrika ontwikkel het. Die nuwe manier van praat oor grond in Suid-Afrika skep ’n bewustheid by die navorsingsdeelnemers van mag wat deur politieke instellings funksioneer en hulle potensieel kan marginaliseer.

Die voetspoor van die ekonomiese diskoers is sigbaar in al drie navorsingsdeelnemers se narratiewe. Landbou lê ingebed in die kapitalistiese moderne wêreld waarin die ekonomiese diskoers instrumenteel werksaam is. Alle boerdery-aktiwiteite word gemeet aan die wins wat dit maak en die bydrae wat dit tot die ekonomie lewer. Indien boere nie volgens hierdie voorskrifte boer nie, word hulle deur die ekonomiese diskoers gemarginaliseer. In al drie navorsingdeelnemers se teks het die ekonomiese diskoers ’n dominante rol in die konteks waarbinne besluite oor hul toekoms geneem is, asook in die rekonstruksie van hul *private* narratiewe, gespeel. Dit blyk dat hierdie diskoers ideologiese verblinding konstrueer deurdat die meer tradisionele maniere van boer nie in die diskoers geduld word nie. Die ekonomiese diskoers kom dan in konflik met pogings van die regering om meer swart boere op grond te hervestig en armoede op die platteland te bestry. Dit het uit Sebastiaan en Michael se teks na vore gekom dat produksiefatore soos oorgeërfde kapitaal, groot plase en hoë potensiaal-grond ’n voorvereiste vir sukses is. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat boerdery uitgenooi word om soos ’n besigheid bedryf te word – met die winsmotief as belangrikste dryfveer. Só ’n posisie kan egter tot ’n verdere uittog van boere en hul werknemers uit die landbousektor bydra.

Die ekonomiese diskoers is ook aan instellings soos landboukoöperasies gekoppel. Hierdie instellings nooi mense binne en gee vorm aan die lewe van hul lede deur die praktyke en reëls wat voorgeskryf word. Koöperasies is nie bloot eenvoudige strukture van die sosiale lewe nie, maar skryf ook aan boere voor wie mag praat en hoe hulle moet optree. Diskoerse oor die middelman, melkkopers en koöperasies het in Marius se verhaal gedomineer en hom ook uiteindelik gemarginaliseer. Dit blyk uit die navorsing dat boere nie oor die nodige mag beskik om weerstand teen dié strukture te bied nie. Die manier waarop hierdie instellings betekenis produseer, het veroorsaak dat Marius sy posisie ervaar het as een waar ’n mens altyd “tweede” kom. Die dominante ekonomiese diskoers ondersteun hierdie instellings deur sy diskursiewe praktyke en hou die status van diegene in magsposisies in stand. Gevolglik word die instellings se beginsels deur die ekonomiese diskoers onderskryf en verder uitgedra. Die drie navorsingsdeelnemers beklee dus ’n ondergeskikte posisie binne die ekonomiese diskoers.

’n Interessante waarneming wat in al drie navorsingsdeelnemers se teks geproduseer is, is dat die stoettelersdiskoers meer in die domein van ’n gevestigde kulturele kunsvorm val. Hierdie diskoers sukkel om die mas op te kom in die ekonomies kompeterende landbou-omgewing. Die stoettelersdiskoers funksioneer egter baie subtiel in die navorsingsdeelnemers se teks en is ’n voorbeeld van hoe diskoerse binne hulself kan verskil. In Marius se narratief het hierdie diskoers die ruimte vir ’n spesifieke vorm van self geskep deurdat dit groot werksbevrediging geproduseer het. Volgens die teks het hierdie diskoers oënskynlik nie veel bygedra tot die konstruering van Marius se besluit om die landbou te verlaat nie. Die teks van die ander twee navorsingsdeelnemers verwys egter na kontradiksies binne die stoettelersdiskoers. In Sebastiaan se narratief toon die teks dat die stoettelersdiskoers eienskappe van ’n ideologie bevat. Dit blyk ook dat die stoettelersdiskoers aansien kan produseer, wat die boer vir ekonomiese realiteite kan blinddoek.

Hierdie diskoers streef ook hoër ideale in die teks na deurdat stoetteling as ’n “saak” beskryf word, teenoor die kapitalistiese diskoers waar die fokus op winsmotief val. Ander subtiele moontlikhede wat uit Michael se teks na vore gekom het, is dat die ekonomiese diskoers nie-boere uitnooi om vir ander redes as primêre boerderybelange by die bedryf betrokke te raak. Die teks suggereer dat sekere professionele persone wat hoë belastingkoerse betaal, weens belastingverligting en belastingmanipulering by boerdery en stoettelingspraktyke betrokke raak. Hulle koop stoetvee aan om die ekonomiese diskoers te manipuleer, wat ’n wanpersepsie van die winsgewendheid van boerderypraktyke soos stoetteling skep. Die betekenis wat die stoettelersdiskoers produseer, bied ’n verklaring vir die tradisionele landboupraktyke wat deur hierdie boere bedryf is, terwyl spesifieke marktendense geïgnoreer is. Marius sou byvoorbeeld nie daarvan droom om sy stoetmelkkudde te verkoop en op ’n ander vertakking van die boerdery te fokus toe melkkopers sy belange deur hul winsgerigte praktyke uitgebuit het en die plaaslike mark deur buitelandse produkte oorstroom is nie. Dit blyk dus dat landbou tans meer deur ekonomiese, globaliserings- en wêrelddiskoerse gerig word en dat landboukategorieë herdink en herformuleer moet word.

Hierdie tendens kan inheemse boerderykennis potensieel marginaliseer. So gesien duld die dominante ekonomiese diskoers nie veelvuldige landboupraktyke nie en meld dié diskoers hom dus as ’n absolute aan. Die vraag is of ’n nuwe geslag boere hulle deur die ekonomiese diskoers sal laat domineer en of hulle weerstand daarteen gaan bied. As ’n mens ’n nuwe

narratief oor grond in Suid-Afrika wil konstrueer, waarin al die inwoners wat die grond bewerk grond kan besit, blyk dit dat verset teen die voorskrifte van die ekonomiese diskoers nodig is.

Die misdaad-diskoers verteenwoordig verskeie pole van die gemeenskapspektrum en die wyse waarop dit op plase afspeel, neem ’n komplekse en dinamiese karakter aan deurdat die diskoers spesifieke verhoudings konstrueer. Veral Sebastiaan en Marius het hierdie diskoers wyd gedebatteer en dit het ’n beduidende rol gespeel in die konstruksie van hul besluit om die boerdery te verlaat. Daar moet by die misdaad-diskoers vertoef word, aangesien dit ’n mens ook tot gesprekke oor vooroordeel, wantroue en vrees uitnooi. Die konstruerende vermoë van die misdaad-diskoers word in ’n verskeidenheid praktyke in die narratiewe van die navorsingsdeelnemers waargeneem. Die taal wat in die diskoers gebruik word, herinner in Sebastiaan se narratief aan militêre taal, terwyl Marius se narratief burgeroorlog-taal gebruik. Hierdie taal vind ook neerslag in die daaglikse praktyke wat op plase aangetref word om misdaad te bestry. In hierdie opsig het die twee navorsingsdeelnemers die reg in eie hande geneem omdat die polisie en die groter regstelsel volgens hulle nie oor die wil en vermoë beskik om misdaad te bestry nie. Deur deelname aan die misdaad-diskoers is die rassisme-diskoers in Sebastiaan se verhaal ondersteun en het dit in die narratiewe van sy kinders neerslag gevind. Die misdaad-diskoers beïnvloed ook die opvoedingsdiskoers deurdat Sebastiaan tot die gevolgtrekking kom dat die boerderykonteks nie bevorderlik vir die opvoeding van kinders is nie. Die misdaad-diskoers konstrueer ook vooroordeel deurdat “swart” mense tot misdadigers gereduseer word. Die feit dat die misdaad-diskoers potensieel tot lewensverlies kan lei, stem ’n mens tot kommer oor die vorme van interaksie wat die diskoers voorskryf en die negatiewe persepsies wat dit kan konstrueer. Die misdaad-diskoers beskik dan ook oor die vermoë om die “kraal”-metafoor te versterk en boere van die groter samelewing te isoleer of hulle te beïnvloed om die boerdery te verlaat.

Die gesin-van-oorsprong-diskoers funksioneer so effektief dat dit maklik ongesiens kan verbygaan. In al drie die navorsingsdeelnemers se narratiewe speel hierdie diskoers ’n dominante rol by die konstruksie van beroepskeuse. Dit blyk dat die gesin-van-oorsprong-diskoers ook oor die vermoë beskik om sekere van sy lede in ondergeskikte posisies te plaas en sekere praktyke voor te skryf. So is Sebastiaan deur hierdie diskoers voorgeskryf wat die aard van sy boerderypraktyke moes wees. Die diskoers het hom verder beperk om met sy gesin-van-oorsprong oor sy posisie op die plaas te onderhandel, wat hom gedwing het om sy

boerderywinste op ’n kollektiewe wyse met sy gesin-van-oorsprong te deel. Dit het, sonder sy medewete, indirek ’n belangrike rol gespeel by die konstruering van ’n konteks waarbinne hy besluit het om die boerdery te verlaat. Daarenteen het die gesin-van-oorsprong-diskoers vir Marius die diskursiewe ruimte gelaat om alternatiewe beroepsdiskoerse te oorweeg en sy narratief te rekonstrueer. Deur hierdie diskoers te dekonstrueer word die magsvorme wat daarin funksioneer en ’n rol in die konstruksie van mense se narratiewe speel, onthul. Dit blyk dus dat die demokratiese proses in hierdie diskoers uitgebrei moet word sodat dialogiese deelname aan die diskoers vir al sy lede beskikbaar is.

Die patriargale diskoers word in Sebastiaan se narratief deur ’n ongelyke verhouding gekenmerk waarin hy homself as die “pa” van sy werkers beskou – iemand wat met verantwoordelikhede en besluite oorlaai word. Hy beskryf die ervaring om buite die voorskrifte van hierdie diskoers te staan as bevrydend. Die diskursiewe praktyke van hierdie diskoers beskik oor die potensiaal om sekere lede van die samelewing (swartmense) as ondergeskik te beskou wanneer dit by die verwoording van hul eie narratiewe kom. In Marius se narratief verskyn die patriargale diskoers in die vorm van ’n man se verantwoordelikheid om sy gesin te beskerm. Om dit reg te kry, moes Marius metafories ’n “kraal” oprig om bose elemente buite te hou.

Die biomediese diskoers is deur al drie navorsingsdeelnemers bekend gestel. Beide Sebastiaan en Michael gebruik hierdie diskoers as hulle verwys na spanning wat geproduseer is, terwyl Marius metafories na dié krisistyd in sy boerdery-loopbaan as “nag” verwys. Deur die proses van diskoersanalise word die leser na die begrip gelei dat emosies van ’n ontologiese basis binne die individu weggesny moet word om binne sosiale prosesse in verhoudings gekonstrueer te word. So gesien word die psigologiese diskoers as ’n “opvoering” van verhoudings beskou waar uitdrukkings teen die agtergrond van ’n gedeelde kulturele verlede (Gergen, 2001a) begrip verkry. Op dié manier kan die pragmatiese implikasies van die deelname aan sekere diskoerse ondersoek word.

Die ouderdomsdiskoers is in Marius se teks gesuggereer juis vanweë die totale afwesigheid daarvan. Aangesien hierdie diskoers deur beroepstabilitiet en konsolidasie gekenmerk word, kon dit onbewustelik ’n rol gespeel het in die vorming van Marius se bestuursbesluite oor sy boerdery en kon dit tot die vorming van ’n konteks waarbinne hy sekere besluite oor sy boerdery moes neem, bygedra het.

Die natuurdiskoers word gekenmerk deur ’n verhouding tussen boer en grond waar beide entiteite mekaar definieeer. Dit beskik oor die vermoë om ’n gunstige of ongunstige produksieverhouding te produseer. Hierdie diskoers het ’n belangrike rol in die narratiewe van al drie navorsingsdeelnemers gespeel. Die natuurdiskoers sluit natuurlik aan by die groter diskoers oor klimaatsverandering en die gevolge wat dit vir boere inhou.

Diskoerse oor resente landbou-aangeleenthede wat in die pers gevoer word, moenie buite rekening gelaat word nie, aangesien hierdie diskoerse as bronne beskou kan word wat boere kan gebruik om gesprekke oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika te konstrueer.

Wanneer daar saam oor ’n toekoms vir die landbou in Suid-Afrika gedroom word, is dit nodig dat al die stemme van die multikulturele samelewing na die onderhandelingstafel genooi word. ’n Dialogiese ruimte moet vir die kompeterende diskoerse geskep word sodat nuwe perspektiewe kan ontwikkel, wat as ’n veelstemmige en krities saamgevoegde, voorlopige waarheid (onderhewig aan korreksie) verstaan moet word. Taal en diskoerse is dus belangrike komponente in die sosiale sielkunde deurdat dit ’n mens se insig verskerp van die subtiele wyses waarop taal mense se persepsies orden en dinge laat gebeur. Diskoersanalise maak dit moontlik om die kulturele en sosiale omstandighede wat maklik buite rekening gelaat kan word te ondersoek. As ’n mens wil hê dat ’n nuwe verhaal oor boerdery in Suid-Afrika opklink, is dit belangrik dat die konstruktiewe bronne wat hierdie realiteit moet skep, geïdentifiseer en behoorlik deurdink moet word.

Die navorsingsnarratief beskik myns insiens oor die vermoë om ’n wye spektrum bykomende gesprekke te stimuleer. Persoonlik sal ek graag verder navorsing doen oor die matriks van gesinsverhoudings wat deur die sirkulerende diskoerse binne die landbou-omgewing beïnvloed word. Dit blyk uit die navorsing dat hierdie diskoerse verhoudings potensieel kan konstrueer, wat tot “beserings” vir die diskoersgebruikers kan lei.

Die uitvoering van die navorsingstudie het die bewustheid by my geskep dat ’n volledige beskrywing van ’n fenomeen nie moontlik is nie. Daar is altyd meer wat gesê kan word. Hierdie begrip kan uitgebrei word deur van verskeie diskoerse gebruik te maak wanneer daar oor die fenomeen gereflekteer word. In die praktyk help ’n diskoersanalise die terapeut om waar te neem hoe sekere beskrywings vir mense “waar” word. Deurdat begrip van

alternatiewe moontlikhede bekom word, kan ruimte vir die rekonstruering van ’n lewensnarratief geskep word. Uitsonderings kan gevind word vir die allesoorheersende situasies waarin mense hulle bevind en ’n begrip kan geskep word dat mense nie gevangenis van ’n ingeprente kulturele storie hoef te wees nie. Lewenservarings kan dus vanuit verskillende uitgangspunte gekonstrueer word. Dit eggo Rorty se woorde in Gergen (2001a, p. 168):

> “We must appreciate the power of redescribing, the power of language to make new and different things possible and important – an appreciation which becomes possible only when one’s aim becomes an expanding repertoire of alternative descriptions rather than The One Right Description”.

# BIBLIOGRAFIE

Anderson, H. (1997). *Conversation, language and possibilities: A postmodern approach to therapy*. New York: Basic Books.

Anderson, H. & Goolishian, H. (1988). Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process*, 27(4), 371-385.

Anderson, H. & Goolishian, H. (1994). The client is the expert: A not-knowing approach to therapy. In E. Mcnamee & N.J. Gergen (Eds), *Therapy as social construction* (pp.25-39). London: Sage.

Banister, P., Burman, E., Parker, I., Taylor, M. & Tindall, C. (2002). *Qualitative methods in psychology: A research guide*. Buckingham: Open University Press.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. (2000). *Family therapy: A systemic integration.* Needham Heights, MA: Allyn and Bacon.

Breytenbach, W. (2004). Land reform in Southern Africa. In J. Hunter (Ed.), *Who should own the land*? *Analyses and views on land reform and the land question in Namibia and Southern Africa* (pp.46-63). Windhoek: John Meinert Printing.

Brinkmann, S. & Kvale, S. (2005). Confronting the ethics of qualitative research. *Journal of Constructivist Psychology* (18), 157-181.

Burkitt, I. (1999). Between the dark and the light: power and the material contexts of social relations. In D.J. Nightingale & J. Cromby (Eds), *Social constructionist psychology: A critical analysis of theory and practice* (pp.69-82). Buckingham: Open University Press.

Burr, V. (1995). *An introduction to social constructionism*. London: Routledge.

Cheney, J. (1997). Postmodern environmental ethics: Ethics as bioregional narrative. In L.P. Hinchman & S.K. Hinchman (Eds), *Memory, identity, community: The idea of narrative in the human science* (pp.328-349). New York: State University of New York Press.

Coetzee, G. (2005, Augustus, 31). 1 Miljoen werkers van plase gesit: Arbeiders wat plakkers word, sit apartheid voort. *Beeld*, p.4.

Coetzee, C. & Mulder, G. (2007, April, 24). Melkprodukte word minder en duurder: Boere verlaat bedryf weens te min geld, maar vraag groei. *Beeld*, p.2.

Cromby, J. & Nightingale, D.J. (1999). What's wrong with social constructionism? In D.J. Nightingale and J. Cromby (Eds), *Social constructionist psychology: A critical analysis of theory and practice* (pp.1-20). Buckingham: Open University Press.

De Benoist, A. (2000). Teen globalisering. *Fragmente: Tydskrif vir filosofie en kultuurkritiek* (6), 40-59.

De Lange, J. (2007, Maart, 15). Uitsetting van plaaswerkers neem skerp toe, sê dr. Blade. *Sake Beeld*, p.3.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). (2000). *Handbook of qualitative research*. Thousand Oaks, CA: Sage.

De Villiers, B. (2003). *Land reform: Issues and challenges. A comparative overview of experiences in Zimbabwe, Namibia, South Africa and Australia.* Johannesburg: Konrad Adenauer Foundation.

Drewery, W. & Winslade, J. (1997). The theoretical story of narrative therapy. In G. Monk, J.J. Winslade, K. Crocket & D. Epston (Eds), *Narrative therapy in practice: An archaeology of hope* (pp.32-52). San Fransisco, CA: Jossey-Bass.

Duvenhage, H. (2007, Oktober, 7). Sakeleier kap staat oor landbou. *Sake Rapport*, p.7.

Durrheim, K. (1997) Social constructionism, discourse, and psychology. *South African Journal of Psychology*, 27(3), 175-182.

Esterhuyse, W. (1996). Waardes en konstitusionele hervorming. In A. van Niekerk (red.), *Filosoof op die markplein: Opstelle vir en deur Willie Esterhuyse* (pp.97-111). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Fairclough, N. (2005). *Analysing Discourse: Textual analysis for social research.* London: Routledge.

Freedman, J. & Combs, G. (1996). *Narrative therapy: The social construction of preferred realities*. London: Norton.

Gergen, K.J. (1985). The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist*, 40, 266-275.

Gergen, K.J. (1994). *Realities and Relationships: Soundings in social constructionism*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Gergen, K.J. (1997). The place of the psyche in a constructed world. *Theory & psychology*, **7**(6), 723-746.

Gergen, K.J. (1998). The Ordinary, the original, and the believable in psychology's construction of the person. In B.M. Bayer & J. Shotter (Eds), *Reconstructing the psychological subject: Bodies, practices and technologies* (pp.111-125). London: Sage.

Gergen, K.J. (2001a). *An invitation to social construction.* London: Sage.

Gergen, K. J. (2001b). *Social construction in context.* London: Sage.

Gergen, K.J. & Gergen, M.M. (1997). Narratives of the self. In L.P. Hinchman & S.K. Hinchman (Eds), *Memory, identity, community. The idea of narrative in the human sciences* (pp.161-184). Albany: State University of New York Press.

Gergen, M.M. & Gergen, K.J. (2000). Qualitative inquiry: Tensions and transformations. In N.K. Denzin, & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of qualitative research* (pp.1025-1031). London: Sage.

Gergen, K.J. & Kaye, J. (1994). Beyond narrative in the negotiation of therapeutic meaning. In E. Mcnamee & N.J. Gergen (Eds), *Therapy as social construction* (pp.150-165). London: Sage.

Giliomee, H. (2004). *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Golafshani, N. (2003) Understanding reliability and validity in qualitative research. *The Qualitative Report*, 8(4), 596-607.

Hare-Mustin, R.T. (1994). Discourses in the mirrored room: A postmodern analysis of therapy. *Family Process* (33), 19-35.

Hermans, H.J.M. (2003). The construction and reconstruction of a dialogical self. *Journal of Constructivist Psychology*, 16(3), 39-130.

Hoffman, L. (1994). A reflexive stance for family therapy. In E. McNamee & N.J. Gergen (Eds), *Therapy as social construction* (pp.7-24). London: Sage.

Human, L.H. (2004). *A Touring journal with sport psychology.* Unpublished Ph.D. thesis, Pretoria University, Pretoria. South Africa.

Hunter, J. (2004). Interviews on land reform in Namibia. In J. Hunter (Ed.), *Who should own the land? Analyses and views on land reform and the land question in Namibia and Southern Africa* (pp.109-121). Windhoek: John Meinert Printing.

Jacobs, M. (2005, Maart). Grondhervorming: Waarvandaan en waarheen? *Natalagri Nuus*, pp.16-17.

Janovsky, E. (2005). Is die landbou by 'n kruispad? *Afgriland*, 49(3), pp.2-3.

Jansen van Vuuren, E. (2005, Augustus, 4). Landbou is nié bedryf vir belegging, sê adjunk-minister. *Beeld*, p.2.

Jordaan, W. (2007, September, 26). Selfkennis volg op interaksie met ander. *Beeld*, p.9.

Joubert, J. (2005, Augustus, 5). Mislukking moet nie norm word. Boere voel straks soos kalkoene, p.14.

Joubert, J. (2007, Maart, 21). Mbeki probeer misdaad ontleed: Maar in sy poging misken hy burgers se ervarings. *Beeld*, p.8.

Kepe, T., Wynberg, R. & Ellis, W. (2003). *Land reform and agrarian change in Southern Africa: An occasional paper series*. Cape Town: Programme for land and agrarian studies, School of Government, University of the Western Cape.

Kerby, A.P. (1997). The Language of the self. In L.P. Hinchman & S.K. Hinchman (Eds), *Memory, identity, community: The idea of narrative in the human sciences* (pp.125-142). Albany: State University of New York Press.

Kotzé, D., Myburg, J., Roux, J. & Associates. (2002). *Ethical ways of being.* Pretoria: Ethics Alive.

Krog, A. (2002). *Met woorde soos met kerse: Inheemse verse uitgesoek en vertaal deur Antjie Krog en ander*. Kaapstad: Kwela Boeke.

Kvale, S. (1989). *Issues of validity in qualitative research*. Sweden: Studentlitteratur.

Kvale, S. (1995). The social construction of validity. *Qualitative Inquiry,* 1(1), 10-40.

Kvale, S. (1996). *Interviews: An Introduction to Qualitative Research.* London: Sage.

Kvale, S. (2002). The social construction of validity. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *The Qualitative Inquiry Reader* (pp.299-323). London: Sage.

Lawler, S. (2002). Narrative in social research. In T. May (Ed.), *Qualitative research in action* (pp.242-258). London: Sage.

Lax, W.D. (1994). Postmodern thinking in a clinical practice. In E. McNamee & K.J. Gergen (Eds), *Therapy as social construction* (pp.69-85). London: Sage.

Leon, T. (2005, Oktober, 20). Waarom, Mbeki? *Beeld*, p.2.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. (2000). Qualitative Inquiry: Tensions and transformations. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of qualitative research* (pp.1031-1042). Thousand Oaks, CA: Sage.

Macleod, C. (2002). Deconstructive discourse analysis: Extending the methodological conversation. *SA Journal of psychology*, 32(1), 17-25.

McNamee, S. (1994). Reconstructing Identity: the communal construction of crisis. In E. McNamee & N.J. Gergen (Eds), *Therapy as social construction* (pp.186-199). London: Sage.

Mills, S. (2004). *Discourse: The new critical idiom*. New York: Routledge.

Monk, G. & Gerhart, D.R. (2003). Sociopolitical activist or conversational partner: Distinguishing the position of the therapist in narrative and collaborative therapies. *Family Process*, 24(1), 21-29.

Morse, J.M., Barrett, M., Mayan, M., Olson, K., & Spiers, J. (2002). Verification strategies for establishing reliability and validity in qualitative research. *International Journal of Qualitative Methods*, 1(2). Retrieved November 11, 2006, from the World Wide Web: http://www.ualberta.ca/-ijqm.

Mudge, D. (2004). Land reform in perspective. In J. Hunter (Ed.), *Who should own the land? Analyses and views on land reform and the land question in Namibia and Southern Africa* (pp.100-103). Windhoek: John Meinert Printing.

Neimeyer, F.A. (1998). Social constructionism in the counselling context. *Counselling Psychology* Quaterly, 11(2), 135-150.

Nell, W.T. & Napier, R.J. (2005). *Strategic approach to farming success: Securing competitive advantage in a turbulent global agricultural environment.* Bloemfontein: Wim Nell.

Painter, D. & Theron, W.H. (2001). Heading south! Importing discourse analysis. *South African Journal of Psychology*, 31(1), 1-8.

Parker, I. (2002). *Critical discursive psychology*. Hampshire: Palgrave Macmillan.

Parker, I. (1992). *Discourse dynamics: Critical analysis for social and individual psychology.* London: Routledge.

Phillips, N. & Hardy, C. (2002). *Discourse analysis: Investigating processes of social construction*. London: Sage.

Pienaar, J. (2005, November, 23). Grond-wa op 'n dwaalspoor: Namibië ploeter in duister oor plase. *Beeld*, p.21.

Plug, C. Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. (1997). *Verklarende en vertalende sielkundewoordeboek*. Johannesburg: Heinemann.

Potter, J. (2003). Discourse analysis and discursive psychology. Draft of chapter for, P.M. Camic, J.E. Rhodes, & L. Yardley (Eds), *Qualitative research in psychology: Expanding perspectives in methodology and design* Unpublished manuscript.

Potter, J. & Wetherell, M. (1994). *Discourse and social psychology: Beyond attitudes and behaviour*. London: Sage.

Richardson, L. (2000). Writing: A method of inquiry. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of qualitative research* (pp.923-948). Thousand Oaks, CA: Sage.

Rogers, W.S. & Rogers, R.S. (1999). That's all very well, but what use is it? In D.J. Nightingale & J. Cromby (Eds), *Social constructionist psychology: A critical analysis of theory and practice* (pp.190-204). Buckingham: Open University Press.

Schwandt, T.A. (2000). Three epistomological stances for qualitative inquiry. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds), *Handbook of Qualitative Research* (pp.189-213). Thousand Oaks, CA: Sage.

Tempelhoff, E. (2007, April 18). Donker droogtewolke pak oor Afrika saam. *Beeld*, p.1.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (1999). *Research in practice: Applied methods for the social sciences.* Cape Town: UCT Press.

Van Dijk, T.A. (1997). The study of discourse. In T.A. van Dijk (Ed.), *Discourse as structure and process: Discourse studies: a multidisciplinary introduction.* London: Sage.

Van Niekerk, A. (2007, Junie, 23). Richard Rorty: die filosoof wat te veel Heidegger gelees het. *Beeld*, p.3.

Van Rooyen, D. (2006, November, 12). 15% wit plase moet gou base kry. *Sake Rapport*, p.3.

Van Wyk, E. (2006, April, 2). Plaasmoorde: Trane by graf. *Rapport*, p.1.

Van Zyl, J. (2004, Oktober, 6). Landboustatistieke: Al minder boere. *Finansies en Tegniek*, p.56.

Van Zyl, J. (2005, November, 30). Alles is rêrig groter en beter: Dié reusemark sleur pryse wêreldwyd mee. *Finweek*, p.61.

Van Zyl, J. (2006, Maart, 23). Landbouwins tuimel: herstelplanne. *Finweek*, p.68.

Van Zyl, J. (2007, Mei, 10). Koöperasies: geskik vir die formele sakesektor – stig 'n koöperasie om franchise-nadele te ondervang. *Finweek*, p.71.

Van Zyl, J. & Binswanger, H. (1996). In J. van Zyl, J. Kirsten, & H.P. Binswanger (Eds), *Agricultural Land Reform in South Africa* (pp.4-23). Cape Town: Oxford University Press.

Van Zyl, J., Coetzee, G.K., Blignaut, C.S., Kirsten, J.F., & Geyser, M. (2005). *Finance and farmers: A financial management guide for farmers*. Pretoria: Magicprint.

Weingarten, K. (1991). The discourses of intimacy: Adding a social constructionist and feminist view. *Family Process* (30), 285-303.

Willemse, J. (2006a, Februarie, 15). Wat van die platteland? *Sake Beeld*, p.35.

Willemse, J. (2006b, Augustus, 11). Oppas vir toekoms van bakhand staan. *Landbouweekblad*, pp.8-9.

Willemse, J. (2007, Maart, 21). Droogte tref hele ekonomie: 3 tot 4 jaar van hoë, onstabiele pryse lê voor. *Sake Beeld*, p.16.

Willig, C. (1999). Beyond appearances: A critical realist approach to social constructionist work. In D.J. Nightingale & J. Cromby (Eds), *Social constructionist psychology: A critical analysis of theory and practice* (pp.37-51). Buckingham: Open University Press.

Winslade, J. (2007). Constructing a career narrative through the care of the self. In K. Maree (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative career counselling* (pp.52-61). Pretoria: Van Schaik.

Zapiro (Shapiro, J.) (2004, December, 16). Untitled cartoon, *Mail & Guardian*, p.8.